Die rol van hekwagters in die stryd teen fopnuus: ’n Suid-Afrikaanse gevallestudie

deur
Johann Maarman

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in Joernalistiek in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Prof. Lizette Rabe
Departement Joernalistiek, Stellenbosch
Maart 2020

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Handtekening:

Datum: **Maart 2020**

Kopiereg © 2020 Stellenbosch Universiteit. Alle regte voorbehou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bedankings

Dit is met liefde en dankbaarheid dat ek hierdie tesis opdra aan my vrou Mavalyn, my dogter Jenna en my skoonma, Olivia Kaptein. Ons is die "Fantastiese Vier" in ons huishouding. Baie dankie dat julle my gedra en verdra het. Sonder julle ondersteuning sou ek dit nie kon gedoen het nie.

Spesiale dank aan my studieleier, professor Lizette Rabe. Die middernagtelike e-posse, die gestoei, die skerp en insiggewende annotering van my hoofstukke, die motivering en bowenal dat jy my geïnspireer het om hierdie akademiese wedloop wat ek begin het, te voltooi.

Ook 'n hartlike dank aan Willem Jordaan, redakteur van *Die Burger*, vir die ondersteuning en wat dit moontlik gemaak het dat ek hierdie tesis in ZA-huis, Amsterdam kon voltooi.

Ook aan Zigi en Christelle Ekron wat my steunpilare was en soveel van hulle tyd aan my afgestaan het. Ek is diep dankbaar en is diep bevoorreg om julle te ken.

Aan al die "nagperde" by *Die Burger*: Susan Booyens, Theuns van der Westhuizen, Theunis Engelbrecht, Lizé Mulder, Engela Kruger, Johnn-Grant Munroe, Mariette Olwagen en Nissa Vosloo op wie ek altyd kon staatmaak.

Aan die "rugby-bulle" van die Weskus: Nortimer Barry, Abe du Plessis, Paul Harricombe, Charl Howburg, Senobia Jassen, Morné Kurtz, Maxwell Moss, Brian Rass, Paul Rass, Mario Prins, Nigel Samuels, Louis Scheepers, Koos Strauss, Albertus Valentyn, Yaaseen van der Westhuizen en Bertram Vraagom.

Dankie, Graham Abrahams vir al jou liefde en ondersteuning. Jou soort is maar dun gesaai. Jy is vir my 'n vaderfiguur en mentor.

En dan laastens, word hierdie tesis opgedra aan álmal wat met depressie stoei. Byt vas. Hou aan loop.

Traveler, there is no path. Paths are made by walking – Antonio Machado.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Nuusgebeure soos die presidensiële verkiesing in die VSA en die Brexit-referendum in Brittanje, albei in 2016, het die kwessie van alternatiewe feite en fopnuus opnuut in die kollig geplaas en vir ’n kentering in die joernalistiek gesorg. Ook in 2016 is die woord “post-waarheid” as die Oxford-woordeboek se woord van die jaar aangewys en die bekroonde internasionale korrespondent Christiane Amanpour het fopnuus as ’n tsoenami beskryf. Met die koms van sosialenuusplatforms en die invloed wat dit het op die tradisionele joernalistiek, het fopnuus opnuut die kwessie van geloofwaardigheid, objektiwiteit, en betroubaarheid onderstreep. Die nuwe sosialenuusplatforms het ook fundamentele vrae gebring oor die kwaliteit van die nuwe publieke sfeer wat die internet, Facebook en Twitter skep; oor die rol van die internet in die demokrasie; oor die problematiek van kontekslose inligting in die nuwe media; en oor probleme met regulering en vryheid van spraak. Die navorser wou vasstel hoe hekwagters by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* hulle insuleer teen die bedreiging van fopnuus. Die navorser het die libertynse teorie en die sosiale verantwoordeliksteorie as teoretiese vertrekpunte gebruik. Die studie is uitgevoer deur middel van ’n kwalitatiewe navorsingontwerp. Semi-gestruktueerde onderhoude is met 10 Afrikaanse joernaliste van Media24 – Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* – gevoer wat almal die rol van hekwagters by hul onderskeie publikasies vertolk. Die data is deur middel van tematiese analise ontleed. Daardeur is bevind dat tyd, betroubaarheid van bronne, ervaring, kritiese denke en etiek ’n kumalatiewe effek het wat veroorsaak dat fopnuus deur die bestaande nuusfilters van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* kan glip. Daar is ook bevind dat die joernaliste gekant is teen wetgewing teen fopnuus en meer neig na die sosiale verantwoordeliksteorie wat bepaal dat die media selfregulerend moet wees binne die raamwerk van wetgewing en gevestigde instellings soos die Suid-Afrikaanse Persraad.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Abstract

News events such as the presidential elections in the United States of America and the Brexit referendum in the United Kingdom, both in 2016, placed alternative facts and fake news in the spotlight and brought about a turning of the tide in journalism. Also in 2016, the phrase 'post truth' became the phrase of the year for the Oxford dictionary and renowned international correspondent Christiane Amanpour described fake news as a tsunami. Pursuant to the rise of social media platforms and their influence on traditional journalism, fake news serves to reiterate the importance of credibility, objectivity, and reliability. The new social news platforms also gave rise to fundamental questions regarding the quality of the public sphere that Facebook and Twitter create; the role of the internet in a democracy, the dilemma of information without context in the new media, as well as issues regarding the regulation of freedom of expression. The researcher set out to determine how gatekeepers at Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* and *Volksblad*, protect these publications against the threat of fake news.

The researcher employed libertarian theory and social responsibility theory as theoretical framework. The study was conducted with the use of a qualitative research design. Semi-structured interviews were conducted with 10 Afrikaans journalists from Media24 – Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* and *Volksblad* – all of whom executed the duties of a gatekeeper at their respective publications. The data was subsequently examined through a process of thematic analysis. It was found that time, reliability of sources, experience, critical thinking and ethics have a cumulative effect that increases the probability that fake news can slip through the existing news filters at Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* and *Volksblad.* Furthermore, it was established that journalists are averse to legislation to regulate fake news and mostly favour social responsibility theory that proposes the self-regulation of the media within the framework of established institutions such as the South African Press Council.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: Inleiding 1
1.1 Motivering vir studie 1
1.2 Probleemstelling en fokus 2
1.3 Algemene navorsingsvraag 3
1.3.1 Spesifieke navorsingsvrae 3
1.4 Etnografiese opmerkings 3
1.5 Drukmedia: Konteks 4
1.6. Hoofstukindeling 5
1.7. Opsomming 6
Hoofstuk 2: Literatuuroorsig 7
2.1 Inleiding 7
2.2 Konteks 7
2.3 Definisie: Fopnuus 11
2.4 Fopnuus deur ’n historiese lens 12
2.5 Drukmedia-era 13
2.6 Die Groot Maan-fopberigte 14
2.7 Fopnuus in die era van digitale media 16
2.8 Trump en Brexit 18
2.9 Fopnuus: ’n Suid-Afrikaanse gevallestudie 20
2.10 Hekwagterskap 23
2.11 Die Afrikaanse joernalistieke landskap 25
2.11.1 Netwerk24 26
2.11.2 *Die Burger* 26
2.11.3 *Beeld* 27
2.11.4 *Volksblad* 27
2.12 Samevatting 28
Hoofstuk 3: Teoretiese uitgangspunte 29
3.1 Inleiding 29
3.2 Libertynse teorie 32
3.3 Sosiale verantwoordelikheidsteorie 34
3.3.1 Waarheid 37
3.3.2 Objektiwiteit 38
3.3.3 Akkuraatheid 39

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4 Samevatting 40
Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie 41
4.1 Inleiding 41
4.2 Navorsingsvraag en subvrae 41
4.3 Navorsingsontwerp 42
4.4 Kwalitatiewe navorsing 43
4.4.1 Etnografiese opmerkings 44
4.4.2 Gevallestudie 44
4.4.3 Kwalitatiewe data-insameling 48
4.4.4 Doelgerigte steekproefneming 48
4.4.4 Semi-gestruktureerde onderhoude 49
4.4.5 Keuse van deelnemers in gevallestudie 51
4.5 Data-analise 52
4.6 Geloofwaardigheid 54
4.7 Etiese klaring 54
4.8 Samevatting 55
Hoofstuk 5: Bespreking van bevindinge 56
5.1 Inleiding 56
5.2 Bevindinge van semi-gestruktureerde onderhoude 57
5.2.1 Tema 1: Faktore en bedreigings wat bydra tot die gevaar van fopnuus 58
5.2.1.1 Tyd 58
5.2.1.2 Ervaring 60
5.2.1.3 Diversiteit van nuusplatforms 61
5.2.2 Tema 2: Eksterne en interne regulering/prosesse om fopnuus te bekamp 64
5.2.2.1 Kritiese denke van joernaliste 64
5.2.2.2 Betroubaarheid van bronne 68
5.2.2.3 Wetgewing en fopnuus 69
5.2.3 Tema 3: Die rol van die hekwagter 72
5.2.4 Tema 4: Die identifisering van hekwagters 74
5.3 Samevatting 77
Hoofstuk 6: Bespreking en bevindinge 79
6.1 Inleiding 79
6.2 Opsomming van literatuuroorsig en teoretiese raamwerk 80
6.2.1 Literatuuroorsig 80

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.2.2 Teoretiese raamwerk 81
6.2.3 Navorsingsmetodologie 82
6.2.4 Bespreking van bevindinge 82
6.3 Beantwoording van die navorsingsvraag 82
6.4 Algemene bevinding en aanbevelings 83
6.4.1 Tyd 83
6.4.2 Ervaring 84
6.4.3 Hekwagter 85
6.4.4 Etiek 86
6.5 Voorstelle vir toekomstige navorsing 87
7. Verwysings 88

ADDENDA

Addendum A: *Die Burger* se etiese kode 102
Addendum B: Semi-gestruktureerde onderhoud-vraelys 110
Addendum C: Toestemming van deelnemers 111
Addendum D: Posbeskrywing van ’n redakteur 113
Addendum E: Posbeskrywing van ’n inhoudsbestuurder 115
Addendum F: Posbeskrywing van herskrywer 116
Addendum G: Posbeskrywing van joernalis 117
Addendum H: Etiese klaring 118

Lys van tabelle

Figuur 1 47
Figuur 2 86

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Motivering vir studie

Die verspreiding van fopnuus, wat enigiets van onwaarhede tot wanvoorstellings kan wees, maar wat as die waarheid weergegee word, het die rol van ’n vrye en gesonde hoofstroom-nuusmedia opnuut onder die soeklig geplaas. Met die toenemende hoeveelheid inligting wat beskikbaar is op digitale netwerke, waar enigiemand enigiets kan laai, raak die evaluering van geloofwaardige en betroubare nuus al hoe moeiliker vir professionele joernaliste in diens van ’n nuusmediamaatskappy, en veral vir die sogenaamde hekwagters in die joernalistieke ekosisteem. Volgens Ferreira (2000:2) is nuushekwagters beide filteragent asook versamelaarsagent binne ’n media-instelling wat besluit watter inligting gekies en verwerp word, en hoe om die vorm en inhoud van ’n boodskap te wysig.

Beckett (2017) beskryf fopnuus as die “kanarie in die digitale steenkoolmyn” en noem dat, hoewel fopnuus ’n simptoom is van ’n veel groter sistemiese uitdaging wat joernalistieke geloofwaardigheid betref, dit tegelykertyd vir die hoofstroom-media ’n geleentheid om meer deursigtig en meer relevant te wees, skep.

Fopnuus is allermins ’n nuwe-media-fenomeen, maar het tydens die Amerikaanse presidentsverkiesing in 2016 opnuut deel van die joernalistieke leksikon geword toe Donald Trump media-organisasies soos die TV-nuusnetwerk CNN en hoofstroomkoerante soos *The Washington Post* en *New York Times* geëtiketteer het as karweiers van fopnuus wie se kernfunksie dit is om die waarheid te manipuleer (Mihailidis & Viotty, 2017:441-442; Spohr, 2017: 150-151; Vargo, Guo & Amazeen, 2017:2). In die volgende hoofstuk word die verskynsel van fopnuus bespreek, en word ’n kort historiese oorsig as konteks ook verskaf.

Fopnuus word egter nie net geskep, gepubliseer en versprei met die uitsluitlike doel om mense te mislei nie, maar ook om die openbare mening te beïnvloed en juis om ’n spesifieke narratief te skep en te propageer (Burshtein, 2017:388-389). Hierdie opsetlike misleidende nuusberigte het wêreldwyd ook nou ontwikkel tot ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

winsgewende industrie weens die maklike toegang wat mense het tot sosiale media (Fitzpatrick, 2018:49). Een van die uitstaande kenmerke van sosialemedianetwerke is dat dit juis die vermoë het om miljoene mense te indoktrineeer deur bloot net die klik van ’n rekenaarmuis (Fitzpatrick, 2018:49). Soos Bell (2016) dit stel:

> Our news ecosystem has changed more dramatically in the past five years than perhaps at any time in the past five hundred... Social media hasn’t just swallowed journalism, it has swallowed everything. It has swallowed political campaigns, banking systems, personal histories, the leisure industry, retail, even government and security. The phone in our pocket is our portal to the world. I think in many ways this heralds enormously exciting opportunities for education, information, and connection, but it brings with it a host of contingent existential risks.

Juis omdat die drukmedia ’n onsekere tyd beleef weens dalende sirkulasiesyfers, ’n verlies aan advertensie-inkomste en ’n afname in lesertalle grootliks weens die feit dat die drukmedia gekelder is deur die opkoms van die internet (Greenslade, 2016; Lee, 2016; Sambrook, 2017), het sosialemedianetwerke gegroei – en so ook die aanwesigheid van fopnuus (Gulyas, 2013:170). Die ongekende groei van sosialemedianetwerke, waarvan Facebook en Twitter welbekende voorbeelde is, het ook ’n beduidende invloed op die werkswyse vir joernaliste in die drukmedia gesorg (Jordaan, 2012:3-4). Ondanks joernaliste se aanvanklike bedenkinge oor die geloofwaardigheid van inligting wat op sosialemedianetwerke versprei word, het joernaliste wêreldwyd geleidelik begin om sosiale media as professionele hulpmiddels te aanvaar (Jordaan, 2012:3-4).

1.2 Probleemstelling en fokus

Hierdie studie sal poog om vas te stel wat die faktore is wat daartoe lei dat joernaliste en inhoudsbestuurders toenemend van bronne op sosialemedianetwerke gebruik maak om stories te genereer sonder om dit aan die lakmoes-toets van akkuraatheid en betroubaarheid te onderwerp.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die geval van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*, is my hipotese dat daar ’n tendens te bespeur is dat joernaliste wesentlike foute in berigte maak, gemeet aan die aantal regstellings wat op Netwerk24 se webwerf en in *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* gepubliseer word. Joernaliste en inhoudsbestuurders se verweer in baie gevalle is dat sodanige inligting van sosiale media verkry is en agiteer omdat die inligting reeds in die openbare domein is, kan sosiale media as ’n legitieme nuusbron beskou word. Dit dien as voorbeeld van hoe fopnuus gerespekteerde publikasies soos Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* infiltreer.

1.3 Algemene navorsingsvraag

Bostaande problematiek het hierdie navorsingsvraag laat ontstaan:

- Hoe bedreig die verskynsel van fopnuus die integriteit en geloofwaardigheid van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* en wat staan hierdie publikasies te doen om dit te bekamp met spesifieke verwysings na die rol van hekwagters?

1.3.1 Spesifieke navorsingsvrae

Met verwysing na die algemene navorsingsvraag, is die volgende vyf spesifieke navorsingsvrae geformuleer:

- Wie moet die rol van hekwagters vertolk?
- Wat is die algemene probleme wat hekwagters ondervind om fopnuus te stuit?
- Wat is die invloed of moontlike bedreigings wat fopnuus vir Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* inhou?
- Behoort daar wetgewing teen fopnuus ingestel te word?
- Watter tipe opleiding het joernaliste nodig om fopnuus te identifiseer?

1.4 Etnografiese opmerkings

Hierdie navorser werk as senior redaksielid by *Die Burger*, ’n Wes-Kaapse dagblad gebaseer in Kaapstad. Kort outo-etnografiese opmerkings (Tomaselli, 2004:214) is dus van pas. Een van dié navorser se kernfunksies as eindredakteur by *Die Burger* is om aan die hand van dié koerant se etiese kode te handel. In die aanhef tot *Die Burger* se

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

etiese kode (Claassen & Van Tonder, 2016 – sien Addendum A) word verklaar dat dié koerant hom verbind om nuus waarheidsgetrou, akkuraat, eerlik en regverdig te rapporteer, om kommentaar te publiseer wat regverdigheid weerspieël, en om die hoogste standaarde in joernalistiek te beoefen soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Perskode (Suid-Afrikaanse Persraad, 2019).

Wat betref dié navorser se primêre pligte as eindredakteur (Media24, 2013) is om die spreekwoordelike hekwagter te wees en seker te maak dat laster en onwaarhede nie in berigte aanwesig is nie. Die afgelope tyd sluit dit in om veral bedag te wees op fopnuus omdat joernaliste toenemend van sosiale media gebruik maak om nuuswenke te bekom, of om nuusberigte wat op sosialemedianetwerke gepubliseer is, op te volg.

Dié navorser se binne-kennis en eerstehandse ervaring van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* is dus in hierdie geval ’n aanwins vir die studie aangesien die nodige kontekstualisering en persoonlike belewenis só gebied kan word. Omdat die navorser respek het vir hierdie genoemde titels en dus graag reg wil laat geskied aan die studie, sal moeite gedoen word om objektief te bly en om soveel as moontlik amptelike bronne te gebruik om persoonlike bronne te verifieer.

1.5 Drukmedia: Konteks

Uit eie ervaring het hierdie navorser dus eerstehandse ondervinding hoe ekonomiese omstandighede by drukmediamaatskappye bygedra het tot ’n vrugbare teelaarde vir fopnuus. Drukmediamaatskappye is die afgelope tyd genoodsaak om personeelbesnoeings te maak en veral ervare en ouer senior joernaliste is uit diens gestel (Daniels, 2014). Hierdie afleggings van senior personeel het nie net tot die juniorisering van nuuskantore gelei nie, maar ook gestalte gegee aan die konsep van mediakonvergensie. Van joernaliste word nou vereis om oor verskeie nuusplatforms te werk wat weer sy eie unieke uitdagings skep (De Beer, 2006:48-49). Met ’n krimpende nuuspersoneel dra mediakonvergensie daartoe by dat joernaliste se werklading verhoog word. Hierdie werklading het weer tot gevolg dat nuus nie altyd feitelik weergegee word nie, of dat feite verdraai word omdat joernaliste en inhoudsbestuurders nie altyd genoeg tyd het om berigte wat op sosialemedianetwerke versprei word, te verifieer nie. Hierdie ongeverifieerde nuus glip dus deur die nuusfilters omdat die inligting bloot vir

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die publikasies geherproduseer word en as die waarheid aangebied word (Daniels, 2014; Fitzpatrick, 2018:48-49).

Hierdie navorser se waarneming is dat joernaliste onder groot druk is om mee te ding met sosiale netwerke wat daartoe aanleiding gee dat joernaliste min navorsing doen om die egtheid van berigte te bevestig. ’n Mens kan dus aanvaar dat die gevolg is dat joernaliste wetend of onwetend koeriers van fopnuus word. Davies (2017) lê die blaam op nuuskantoorstrukture wat joernaliste aan bande lê in hul soeke na die waarheid.

Dit sluit aan by Baden en Tenenboim-Weinblatt (2018:482) se waarneming dat joernaliste al hoe meer steun op die insette van sosialemedianetwerke omdat inligting op hierdie platforms geredelik beskikbaar is en joernaliste glo dat hierdie berigte eg is en daarom geherproduseer kan word.

Hierdie studie se fokus is dus om te kyk watter joernalistieke meganismes in plek behoort gestel te word om te verhoed dat joernaliste en inhoudbestuurders van Netwerk24, *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad* nie in die slaggate van fopnuus trap nie, en inderdaad die rol van hekwagters speel sodat die joernalistiek se eie geloofwaardigheid en integriteit asook dié van hul titels nie gekompromitteer word nie.

1.6. Hoofstukindeling

Die studie bestaan uit ses hoofstukke. Dit word soos volg uiteengesit en aangebied:

Hoofstuk 1: Inleiding

Die agtergrond, aannames, probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings word uiteengesit.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

’n Volledige literatuurstudie oor fopnuus kom aan die bod. Die historiese agtergrond van fopnuus word uiteengesit. Dit behels ’n meer gedetailleerde beskrywing oor die ontstaan van fopnuus en die invloed wat dit het op lesers/kykers/gehore.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3: Teoretiese vertrekpunte

Hierdie hoofstuk kontekstualiseer die studie in verhouding met die teoretiese perspektief. Die twee teorieë wat hier bespreek word, is die libertynse teorie en die teorie van sosiale verantwoordelikheid.

Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp en metodologie

Die wyse waarop die studie onderneem word, asook die metodiek daaraan verbonde, word in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 5: Navorsingresultate

Hoofstuk vyf is betekenisvol in die sin dat die grootste gedeelte daarvan toegewy word aan die analise van die onderhoude sowel as die bespreking daarvan.

Hoofstuk 6: Bespreking en bevindinge

Hoofstuk ses som die hoofaspekte van die studie op, kom tot sekere gevolgtrekkings en maak sekere aanbevelings.

Ten slotte word die relevante addenda ingesluit, en die studie sluit af met die bronnelys.

1.7. Opsomming

Hoofstuk 1 het die studie ingelei deur die problematiek uiteen te sit, die navorsingsvrae te stel, etnografiese opmerkings is aangebied, asook ’n oorsig oor die struktuur van die navorsingsprojek. In hoofstuk twee word ’n historiese agtergrond oor fopnuus bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

2.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is die agtergrond van die studie sowel as die konteks waarbinne die studie gedoen is, bespreek. Die navorsingsvrae asook hoe die navorsing benader word, is ook daarin uiteengesit. In hoofstuk 2 word die literatuur wat op die navorsingsfenomeen van toepassing is, bespreek. Ook in hierdie hoofstuk word ’n oorsig gegee oor die ontstaan van fopnuus omdat nuusgebeure soos die presidensiële verkiesing in die VSA en die Brexit-referendum in Brittanje, albei in 2016, die kwessie van alternatiewe feite en fopnuus opnuut in die kollig geplaas het (Thomas, 2014; Mitrokhin, 2015:220; Desigaud, Howard, Bradshaw, Kollanyi & Bolsolver, 2017).

2.2 Konteks

Daar is verskeie akademiese studies oor fopnuus, maar min wat bepaald betrekking het op die aanwesigheid van fopnuus in Suid-Afrika. Die literatuur wat in hierdie studie aangebied word, is hoofsaaklik afkomstig van die internet en akademiese tydskrifte waartoe toegang met behulp van ’n Ebsco-soektog by die biblioteek van Universiteit Stellenbosch (US) verkry is.

’n Soektog van die US se Nexus-databasisstelsel het geen relevante verhandelings opgelewer oor fopnuus in Suid-Afrika nie en dit was opvallend dat daar ’n gebrek aan meganismes is hoe fopnuus in Afrika, en bepaald Suid-Afrika, geneutraliseer kan word. Sleutelwoorde soos “fopnuus”, “disinformasie”, “post-waarheid”, “alternatiewe waarheid” en “propaganda” is gebruik in die soektogte. Internet-soektogte het besoeke aan webtuistes van mediamaatskappye, media-verenigings en akademiese instellings ingesluit. Verskeie akademiese studies is opgespoor waarin fopnuus bespreek word. Die navorser het drie studies vir hierdie navorsing gekies, naamlik: Herman Wasserman se *Fake news from Africa: Panics, politics and paradigms* (2017), *Fake news as a floating signifier: hegemony, antagonism and the politics of falsehood* (2018) deur Johan Farkas en Jannick Schou asook asook Neill Fitzpatrick se *Media manipulation 2.0: The impact of social media on news, competition, and accuracy* (2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Fitzpatrick (2018) se omvattende studie oor die invloed van sosiale media op nuuskantore is mees relevant tot hierdie studie en kom dus eerste aan die bod. In dié studie, wat gedoen is vir die Athens Institute for Education and Research, is bevind dat sosialenuusnetwerke onherroeplik die joernalistieke landskap verander het. Fitzpatrick het bevind die groei van nuus op sosialenuusnetwerke het grootliks bygedra tot die erodering van die publiek se vertroue in die hoofstroommedia (Fitzpatrick, 2018:48-49). Volgens Fitzpatrick was joernalistieke akkuraatheid en openbare vertroue nog altyd ’n twispunt tussen mediamaatskappye en verbruikers, maar die wantroue in die hoofstroommedia het geëskaleer omdat ál hoe meer verbruikers begin om tradisionele media te verwerp of te ignoreer en eerder resonansie vind by sosialenuusnetwerke.

Fitzpatrick se gevolgtrekking is dat in die era van mediamanipulasie en fopnuus die waarheid al hoe moeiliker word vir joernaliste en mediamaatskappye om vas te stel, omdat daar vir elke feit “nou ’n teenfeit is”, en soms is die teenfeite só oortuigend dat dit “effektief die waarheid ondermyn” (Fitzpatrick, 2018:52; vertaal). Volgens Fitzpatrick bly joernaliste egter steeds die waghond wat feit van fiksie moet ontsyfer, ten spyte van onlegitieme sosialenuusplatforms se fopnuus-strategie om hoofstroommedia verdag te maak deur te agiteer dat hoofstroommedia nie vertrou kan word nie.

Fitzpatrick betoog verder dat die joernalistiek toenemend onder die vergrootglas is wat akkuraatheid betref, en soms word hierdie akkuraatheid gekompromitteer deur die mededingende kultuur in die joernalistiek omdat daar wedywering onder joernaliste en mediamaatskappye is om ’n storie “eerste te breek”. Hierdie aptyt om “eerste te wees” (Fitzpatrick, 2018:54) kom soms ten koste van die ware feite in die storie.

Fitzpatrick se waarneming van “om eerste te wees” sluit aan by ’n studie wat deur Vosoughi, Roy en Aral van die Massachusetts Institute of Technology gedoen is (soos aangehaal in Stokel-Walker, 2018:3), wat bevind het dat fopnuus ses keer vinniger versprei op Twitter as geloofwaardige nuus:

> False news travels farther, faster, deeper and more broadly than the truth in every category of information – many times by an order of magnitude. Truthful tweets took six times as long as fake ones to

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> spread across Twitter to 1,500 people – in large part because falsehoods in the sample were 70 percent more likely to be retweeted than the truth, even after accounting for account age, activity level and their number of followers. The most viral fake posts were political in nature.

In sy studie kom Fitzpatrick tot die slotsom dat mediamaatskappye selfondersoek moet doen en hul sakemodelle moet herbesoek indien mediamaatskappye weer die vertroue van verbruikers wil terugwen omdat daar steeds ’n behoefte is aan akkurate, betroubare en geloofwaardige nuus.

Farkas en Schou (2018:303) voer aan dat fopnuus in noue verband staan, in wat hulle noem, digitale kapitalisme. In hierdie diskoers word geargumenteer dat in die konteks van digitale media, inhoudverskaffers massiewe advertensie-inkomste kan genereer, afhangend van die hoeveelheid lesers, luisteraars of kykers wat hulle kan bereik. Volgens Farkas en Schou word daar van die veronderstelling uitgegaan dat hoe meer besoeke aan ’n webtuiste, hoe meer advertensie-inkomste. Hierdie ekonomiese aansporing vir digitale inhoudsproduksie, volgens Farkas en Schou, word as een van die redes aangegee vir die opbloei van fopnuus.

’n Verwante ekonomiese verduideliking vir die groei van fopnuus is die laer produksiekoste om fopnuus te produseer (Farkas & Schou, 2018:303). Fopnuus is volgens Farkas en Schou goedkoper om te produseer as legitieme nuus en is dus meer winsgewend. Dit is met ander woorde moeilik om die verspreiding van fopnuus te keer omdat dit laer produksiekoste benodig, maar het die potensiaal om hoë winsmarges te haal, en dit is aanduidend in die hoeveelheid sosialenuusplatforms wat in die laaste paar jare geskep is (Farkas & Schou, 2018). Uit hierdie hoek bekyk, is fopnuus dus nou verweef met ’n kapitalistiese media-ekonomie, volgens Farkas en Schou. Hulle voer aan indien fopnuus uitgeroei word, sal dit ook beteken dat die kapitalistiese en ekonomiese strukture ook hervorm sal moet word.

Farkas en Schou (2018:304) beskou fopnuus as onvermydelik en as teenvoeter vir die kapitalistiese media-ekonomie. Dié twee navorsers trek parallelle en noem dat dit herinner aan die kritiek teenoor tabloid-joernalistiek wat as “lae standaard nuus vir

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gewone mense" geëtiketteer is en kwansuis ’n bedreiging vir die demokrasie sou inhou. Die verband tussen "swak nuusinhoud" en die kapitalistiese media-ekonomie is dus nie nuut nie, argumenteer Farkas en Schou (2018:304).

Volgens Farkas en Schou (2018:306) word fopnuus nou deur veral regse politici en groeperinge gekaap wat fopnuus as ’n fundamentele, demokratiese probleem beskou. Politieke regse groeperinge glo die hoofstroom-media is bevooroordeeld en bevorder opsetlik liberale agendas pleks om "die mense te verteenwoordig" (Farkas & Schou, 2018).

Waar Fitzpatrick grotendeels fopnuus uit ’n Westerse hoek bekyk, gee Wasserman (2017:1-14) ’n blik van hoe fopnuus bydra tot "morele paniek" op die Afrika-kontinent. Soos Wasserman in sy studie aandui, is verskeie nuusmedia in Suid-Afrika ook al geëtiketteer as koeriers van fopnuus (Wasserman, 2017:10). Dit sluit nie net die sogenaamde poniepers in Suid-Afrika in nie, maar ook die hoofstroommedia. Juis weens die breë definisie van fopnuus, word nuusmedia wat erg bevooroordeeld is, of media wat die politieke of sosiale diskoers doelbewus probeer beïnvloed deur vals berigte te skep, gediskrediteer en gebrandmerk as koeriers van fopnuus (Wasserman, 2017:10).

Wasserman (2017:10) noem dat fopnuus in sy verskillende gedaantes die Suid-Afrikaanse medialandskap hoogs gepolitiseer het. Volgens Wasserman is die bedreiging van fopnuus nie net ’n aanval op die joernalistiek nie, maar dit was grotendeels ook ’n aanslag op die demokratiese waardes, soos dat die waarheid verkondig moet word. Die fenomeen van fopnuus in Suid-Afrika, betoog Wasserman, moet egter nie in isolasie gesien word nie, veral teen die agtergrond dat Suid-Afrika ’n hoogs gepolitiseerde atmosfeer het.

Volgens Wasserman (2017:10) kan die opkoms van fopnuus egter positiewe resulate oplewer vir die hoofstroom-media in Suid-Afrika. Wasserman voer aan dat herhaalde versoeke om gehore op te voed in mediageletterdheid grootliks daarmee te doen het om gehore in te lig hoekom die status quo behoue moet bly, eerder as om met hulle in gesprek te tree. Volgens Wasserman is ’n wederkerige proses nodig waar hoofstroom-joernaliste met gehore in gesprek kan tree sodat hul (gehore) se begeertes en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

inligtingbehoeftes in die hoofstroommedia se narratiewe verteenwoordig word (Wasserman, 2017).

Wasserman sê die opkoms van fopnuus in Suid-Afrika het ook kritiese vrae na vore gebring, soos die verhouding tussen die joernalistiek in die praktyk, en die joernalistieke gemeenskap en die breë gemeenskap in sy totaliteit (Wasserman, 2017:12). Hierdie "morele paniek" wat een van die gevolge van fopnuus is, moet joernaliste en kritici aanmoedig om opnuut en indringend vrae te vra oor waarheid, akkuraatheid en feite, sê Wasserman.

2.3 Definisie: Fopnuus

Hoewel daar nie 'n sambreeldefinisie vir fopnuus bestaan nie, definieer Burshtein (2017:388-389) fopnuus as fiktiewe, verdraaide en gefabriseerde beriggewing wat ten doel het om lesers/kykers/gehore te mislei. Volgens Burshtein lê doelbewuste en misleidende disinformasie aan die kern van fopnuus. Burshtein voer aan dat skrywers, uitgewers en verspreiders van fopnuus in die meeste gevalle verkies om anoniem te bly óf om onder 'n skuilnaam te skryf.

In 'n onlangse studie het Tandoc, Lim en Ling (2018:147) egter vasgestel daar is ses verskillende soorte fopnuus: nuus-satire, nuus-parodie, fabrikasie, manipulasie, advertering en propaganda. Die studie kom tot die slotsom dat fopnuus dus ook beskryf word as nuus of stories wat misleidende en vals feite bevat wat ten doel het om óf propaganda te versprei en die gehoor se politieke sienings te beïnvloed, óf om "snaakse inhoud" te skep om sodoende wins te probeer maak.

Rabe (2016) se definisie van fopnuus is dat dit voorgee om ware feite te wees, maar kan enigiets van satire (wat ernstig opgeneem word) tot propaganda wees. Die onus is dus op die verbruiker om te onderskei of dit veronderstel is om satire te wees en of dit bewustelik mislei. Dit lyk soos nuus en vir die gewone verbruiker is dit dus moeilik om te onderskei tussen fopnuus en werklike nuus. Die lakmoestoets is om te kyk wie die nuusbron is en of dit 'n geloofwaardige nuushandelsnaam of 'n fopnuuswerf is (Rabe:2016).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vir die doeleindes van hierdie studie definieer hierdie navorser fopnuus as die doelbewuste verdraaiing en manipulering van feite om lesers/luisteraars/kykersgehore te mislei.

2.4 Fopnuus deur ’n historiese lens

Hoewel daar baie studies is oor fopnuus in die pre-drukmedia-era, het hierdie navorser grootliks op die studie gesteun van Burkhardt (2017) wat as verteenwoordigend van die ander studies beskou kan word.

Falkvinge (2016), Burkhardt (2017:5) en Harrison (2018) voer aan dat fopnuus aanwesig was sedert mense begin het om gemeenskappe te vorm, en waar mag ’n belangrike hefboom in sodanige gemeenskappe geword het. Soos reeds bo uitgewys, is die vervaardiging van fopnuus allermins ’n nuwe media-fenomeen, maar tegnologie het dit nou makliker gemaak om fopnuus te versprei (Nougayrede, 2018).

Voor die drukmedia-era is nuus op klip, klei en papirus geskryf, en die inligting wat op dié materiaal geskryf is, was net toeganglik vir die leiers van groepe wat onder meer keisers, farao’s, religieuse en militêre leiers ingesluit het (Buckhardt, 2017:5). Die uitvloeisel van hierdie eksklusiwiteit van nuus is dat die beheer van inligting in die leiers gesetel was en dit het die leiers mag oor die res van die gemeenskap gegee. Buckhardt (2017:5) is van mening dat dit waarskynlik bygedra het tot die skepping van ’n hiërargiese kultuur soos ons dit nog vandag ervaar. Volgens Buckhardt (2017:5) het die magshebbers en die adelstand kennis met mag verbind en hulle kon sodoende die inligting beheer omdat hulle uitsluitlik oor die kommunikasiemiddele beskik het om die nuus te versprei. Dus het die heersersklas die *de facto*- amptelike spreekbuise van gemeenskappe geword omdat hulle sekere voorregte geniet het wat nie vir die res van die gemeenskap beskore was nie (Buckhardt, 2017:5).

Gedurende hierdie vroeë tydperk het leiers ook piramides, kastele en ander luukshede aan hulself toegeien omdat hulle dit as ’n gegewe beskou het dat hulle die enigste geloofwaardige boodskappers van inligting is (Buckhardt, 2017:5). Van die boodskappe het die leiers in klip uitgekap of piktogramme geteken wat die verwondering van die gemeenskappe ontlok het (Buckhardt, 2017:5). Die outeurs van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie boodskappe was dus die leiers self en sodoende het hulle die nuusagenda bepaal. Die keisers, farao's, religieuse en militêre leiers wat die boodskappe geskep en versprei het, het sodoende nie net die lewens van die gewone mense beheer nie, maar het inderdaad ook 'n hekwagtersrol vervul oor watter nuus relevant is en watter nuus in die openbare domein hoort of nie (Buckhardt, 2017). Hierdie aristokrate was dus in staat om ongeverifieerde boodskappe te fabriseer en te versprei om sodoende hul magsbasis te versterk en uit te bou (Buckhardt, 2017). Vir gemeenskappe was dit dus moeilik om te bepaal of dit 'n verdraaiing van die waarheid was omdat hierdie boodskappe nie geverifieer kon word nie, en dit het daartoe gelei dat leiers ongebreideld fopnuus kon versprei (Buckhardt, 2017).

2.5 Drukmedia-era

Die uitvinding van die drukpers deur Johannes Gutenberg teen ongeveer 1450, tesame met die verbetering van geletterdheidsvlakke, het dit moontlik gemaak dat nuus veel wyer versprei kon word (Buckhardt, 2017:5). Namate meer mense egter toenemend geletterd geword het, het dit moeiliker geword om gemeenskappe te mislei, wanvoorstellings te maak of om "disinformasie" te skep. Met die groei in geletterdheidsvlakke het dit ook ekonomies winsgewend geword om inligting te druk, want drukperse het 'n gesogte kommoditeit geword wat nie net onmiddellike ekonomiese dividende opgelewer het vir drukperseienaars nie, maar drukperse is ook gesien as 'n polities-ekonomiese belegging (Buckhardt, 2017).

Die groei in geletterdheidsvlakke het nie net daartoe gelei dat drukperseienaars die inligting kon beheer en manipuleer nie, maar dit het ook nuwe geleenthede vir drukperseienaars ontsluit deur talentvolle skrywers in diens te neem wat oor die vaardigheid beskik het om gesaghebbend oor verskeie onderwerpe te kon skryf (Buckhardt, 2017:6). Drukperseienaars het dus begin om boeke, koerante en spotprente te gebruik om 'n spesifieke narratief te skep, en uitgewers het skrywers betaal om vals inligting te skep wat uitsluitlik tot voordeel van die uitgewers was. Hierdie skrywers se primêre doel was om die openbare diskoerse te beïnvloed en te manipuleer en hulle het hul dienste verpand vir gedienstigheid aan die drukperseienaars (Buckhardt, 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit sluit aan by die Duits-Amerikaanse filosoof Hannah Arendt se narratief dat samesweringsteorieë veral gedy in samelewings waar mense die misleiding van leiers klakkeloos glo (Kattego, 2018). Arendt betoog die ideale onderwerp van totalitêre heerskappy is nie die oortuigde Nazi of die oortuigde kommunis nie, maar mense vir wie die onderskeid tussen feit en fiksie en die onderskeid tussen waar en onwaar nie meer bestaan nie. Arendt (2017:350) maak die volgende stelling:

> Before mass leaders seize the power to fit reality to their lies, their propaganda is marked by its extreme contempt for facts as such, for in their opinion fact depends entirely on the power of man who can fabricate it.

Spore van vals inligting wat vandag sal kwalifiseer as fopnuus was ook aanwesig gedurende die Amerikaanse Revolusie omdat onbetroubare bronne en ’n gefragmenteerde pers dit moontlik gemaak het vir die mutasie van fopnuus (Gorbach, 2018:237). So het Benjamin Franklin, Amerikaanse politikus en wetenskaplike, byvoorbeeld fopnuus oor die Britse koning George III geskep om vrees aan te blaas en sodoende sy mede-landgenote gemobiliseer teen die koning. Ná Amerikaanse eenwording het die tendens van ’n bevooroordeelde en partydige pers voortgeduur. Dit het Thomas Jefferson, Amerikaanse president, genoodsaak om ’n kritiese protesnota aan ’n uitgewer in Baltimore te skryf, naamlik dat fopnuus ’n “erger sonde” as die “onderdrukking van nuus” is. Soos Jefferson (Gorbach, 2018) dit gestel het:

> It is a melancholy truth, that a suppression of the press could not more compleatly [sic] deprive the nation of its benefits, than is done by its abandoned prostitution to falsehood. Nothing can now be believed which is seen in a newspaper. Truth itself becomes suspicious by being put into that polluted vehicle.

2.6 Die Groot Maan-fopberigte

In 1835 het *The Sun*, ’n poniekoerant in New York, ’n opspraakwekkende aankondiging gedoen dat hulle oor ’n periode van vyf dae, ses artikels sal plaas wat sal bewys dat daar tekens van lewe op die maan ontdek is (Thornton, 2009:91; Higgit, 2015; Haddad,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2016; Breitmann, 2016). Die reeks artikels het op 25 Augustus 1835 begin met die narratief dat sir John Herschel, ’n wêreldbekende astronoom, deur sy teleskoop van die Kaap de Goede Hoop af verskeie planete in die sonnestelsel waargeneem en tekens van lewe op die maan ontdek het (Thornton, 2009). Die outeur van hierdie fopberigte was Richard Locke, wat ook die nuusredakteur van *The Sun* was (Thornton, 2009:92). Locke was bewus dat Herschel op daardie spesifieke tydstip besig was met navorsing in die Kaapkolonie en omdat Herschel ’n gerekende sterrekundige was, en Locke boonop die berigte met wetenskaplike bronne versterk het, is dit deur die lesers as geloofwaardig beskou (Thornton, 2009:92).

Op die tweede dag het *The Sun* onthul dat Herschel kwansuis bewyse gevind het van plantegroei op die maan, asook van swart-en-wit kraanvoëls met onnatuurlike lang bene en snawels (Thornton, 2009:92). Die berig het afgesluit met die belofte dat hulle in die volgende uitgawe sou berig van wesens wat nie net soos mense lyk nie, maar ook vlerke gehad het soos vlermuise (Thornton, 2009). *The Sun* het egter vir ’n dag lank hul lesers in afwagting gehou en in pleks daarvan ’n geografiese oorsig van die landskap op die maan gepubliseer wat Herschel na bewering deur sy teleskoop waargeneem het (Thornton, 2009).

Op 28 Augustus 1835 het *The Sun* oor die opspraakwekkende mens-vlermuise op die maan berig en volgens die artikel is die wesens beskryf as vier voet lank, naak, met koperkleurige krulhare en vlerke wat uit ’n dun membraan sonder hare bestaan (Thornton, 2009:93).

Die sesde en laaste artikel oor die “Groot Maanontdekking” is op 31 Augustus 1835 gepubliseer en *The Sun* het berig dat astronome wat saam met Herschel aan die maanprojek gewerk het, die teleskoop se lens, wat oos geposisioneer was, oornag buite vergeet het. Dit het die gevolg gehad dat die son ’n gat in die lens gebrand het en derhalwe kon *The Sun* nie meer foto’s van die maan publiseer of enige ander bevindings maak nie (Thornton, 2009:93).

Die berigte oor die sogenaamde ontdekkings op die maan was buitengewoon gewild onder die lesers, en *The Sun* se sirkulasie het die hoogte ingeskiet (Thornton, 2009). Menige publikasie het die stories van *The Sun* sonder toestemming gedupliseer en dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ook op hul voorblaaie geplaas (Thornton, 2009:93). Een prominente uitsondering was egter die *Herald*, wat nie die fopnuus-berigte gepubliseer het nie – grootliks omdat die *Herald* se drukpers in dié tyd deur ’n brand verwoes is. Toe die *Herald* weer op straat verskyn, was die redakteur, James Bennett, oortuig dat die maanberigte fopnuus was en was vasbelote om *The Sun* as ’n ongeloofwaardige publikasie te ontmasker. Bennett hét toe onthul dat fopnuusberigte oor die maan ’n versinsel van Locke was (Thornton, 2009).

2.7 Fopnuus in die era van digitale media

Met kommunikasiemiddele wat in die 20ste eeu ’n ongeëwenaarde revolusie ondergaan het, veral met die koms van radio en televisie, veral die internet, het dit ook gepaard gegaan met die dramatiese groei van satiriese nuus, wat bygedra het dat dit ál hoe moeiliker vir die gebruiker geword het om te kan onderskei tussen legitieme nuus en fopnuus (Posetti & Matthews, 2018:1). Posetti en Matthews wys daarop dat met die internetontploffing fopnuus verdere stukrag verkry het omdat dit bygedra het dat die risiko van disinformasie en vals nuus verder verhoog is. Die digitale media het dit nou makliker gemaak dat foutiewe inligting en bedrieglike inhoud vinniger versprei kan word.

Posetti en Matthews (2018:1) is van mening dat die 21ste eeu gekenmerk word deur ’n era van rekenaarpropoganda, staatsgeborgde medianetwerke en “weermagte van trolle’’ (’n gemeenskap van sosiale mediagebruikers op Twitter, Instagram, Facebook en ander sosialemediaplatforms wat die volle arsenaal tot hul beskikking gebruik en ten doel het om negatiewe kommentaar te lewer). Posetti en Matthews betoog dat tegnologie dit moontlik maak om legitieme webwerwe na te boots waar video en oudio soomloos gemanipuleer kan word. In die nuwe digitale era, volgens Posetti en Matthews, is nuusverbruikers self geneig om die waarheid te verdraai en hul eie feite te skep. Soos Pandey (2018) dit verwoord:

> Facts have become a misnomer and reality an imagination. Confusion and chaos are the hurdle blocks for the one who wants to navigate through the digital landscape. The line between facts and fictions had been trounced. What is all the more alarming is that the

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> fake-news tsunami is not a natural incidence but a whole business which blooms and grows on fabricated content and has become the new currency of globalized digitalization.

Mavridis (2018:20) wys ook daarop dat van die voorste mediamaatskappye in die wêreld enorme kapitaal belê het in die ontwikkeling en verbetering van digitale joernalistiek. Die tweeledige doel, volgens Mavridis (2018:20), was om inhoud te publiseer vir mediamaatskappye se digitale publikasies en ook om mediamaatskappye se voetspoor in sosiale netwerke te verbreed.

Die nuwe digitale landskap het tot gevolg gehad dat mediamaatskappye genoop is om hul bestaande nuusstrukture te herbesoek (Silverman, 2015). Soos Kellner (2003) uitwys, is nuuskantore benewens ekonomiese, tegnologiese, politieke en sosiale druk ook nou genoodsaak om met meer dringendheid en vinniger berigte te skep. In die soeke dus om meer gebruikers te verkry, het dit gelei tot ’n medialandskap waar fopnuus – selfs in vooraanstaande mediamaatskappye – alomteenwoordig is.

Burkhardt (2017:8) wys daarop dat die verspreiding van fopnuus ongekend is weens die globale reikwydte van nuwe tegnologie. Volgens Burkhardt (2017) bestaan fopnuus in dieselfde konteks van geloofwaardige nuus, maar die probleem blyk te wees om te kan onderskei tussen fopnuus en geloofwaardige nuus. Sosiale platforms soos Facebook, Twitter en Instagram word deur Buckhardt (2017) uitgewys as vrugbare teelaarde vir fopnuus. Buckhardt wys ook daarop dat algoritmes toenemend ingespan word om inligting te manipuleer om sodoende sosialemedia-kommunikasie te ontwrig en gebruikers se aandag te kry.

Dit stem ooreen met Fourie (2012:80-90) se waarneming dat die joernalistiek onder die druk van nuwe tegnologieë en mediakonvergensie, konsumentisme (die verbruikerswese), die verlies van ou beroepswaardes, en daarmee saam ’n gebrek aan ’n gevestigde etiek in die nuwe voortdurende veranderende medialandskap, nie meer kan of wil voldoen aan die tradisionele vereistes van objektiwiteit en balans as ’n voorwaarde vir geloofwaardige en legitieme joernalistiek nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Carr, Barnidge, Lee en Tsang (2014:4) wys daarop dat geloofwaardige joernalistiek belangrik is in ’n era waar mense toenemend gebombardeer word met professionele asook burgerlike joernalistiek en daarom is dit belangrik dat die betroubaarheid van bronne geverifieer moet word.

Dit is teen dié agtergrond dat die Amerikaanse presidentsverkiesing en die Brexit-referendum volgende bespreek word.

2.8 Trump en Brexit

Voor en ná die Amerikaanse presidentsverkiesing het mense amper soveel fopnuus as ware nuus op Twitter gedeel (Bennett & Livingston, 2018:133). Een bepaalde fopnuusberig wat wyd tydens die verkiesing gesirkuleer is, was van ’n beweerde kindermolesteringsnetwerk wat die Demokratiese presidentskandidaat Hillary Clinton direk betrek het. ’n Ondersoek deur *The New York Times* het bevind dat Russiese agente vals Amerikaanse Facebook- en Twitter-profiele geskep het om anti-Clinton-boodskappe te versprei. Volgens ’n verslag van Facebook self is sowat 3 000 politieke advertensies ter waarde van $100 000, en afkomstig van 470 Russiese bronne, tydens en ná die Amerikaanse presidentsverkiesing, geplaas (Pomerantsev, 2014; Scholtz, 2017). ’n Bykomende 80 000 bydraes op Facebook is eweneens na Rusland nagespoor en sowat 29 miljoen Amerikaners het dit met ’n verdere 129 miljoen mense gesien en gedeel. Op Instagram is nóg 20 miljoen Amerikaners bereik (Bennett & Livingston, 2018:133; Scholtz, 2017).

In die hitte van die Amerikaanse verkiesingstryd is verreweg die meeste misleidende nuus (oor Trump én Clinton) deur ’n groep tieners van die dorpie Veles in Masedonië geskep. In November 2016 het die webwerf BuzzFeed News in ’n diepte-ondersoek meer as 100 pro-Trump-webwerwe geïdentifiseer wat in Veles gesetel is. Dié webwerwe, vermom om te lyk soos betroubare bronne, gebruik name wat betroubaar klink, soos *USA Daily News24*. Hierdie vals webwerwe het hul eie nuus geskep of plagiaat gepleeg deur ander nuusbronne se inhoud te gebruik, maar dit te verdraai en onder sensasionele opskrifte te plaas. BuzzFeed News het bevind dat vier van die vyf topstories wat in die aanloop tot die verkiesing deur dié webwerwe versprei is, vals was,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos die berig dat die pous aangekondig het hy steun Trump (Bennett & Livingston, 2018:133).

Die uitvloeisel hiervan was dat Mark Zuckerberg, die uitvoerende hoof van Facebook, voor 42 senators van die Amerikaanse kongres gedaag is en moes verduidelik hoe Facebook data van sy gebruikers versamel en dit met derde partye deel, dikwels sonder hul medewete (Malherbe, 2018). Zuckerberg het getuig dat Facebook die hulp van sy gebruikers in die toekoms gaan inroep om te help bepaal watter organisasies betroubare nuus op die platform versprei en watter nie, en dat net nuusbronne wat as betroubaar en nuuswaardig beskou word, voortaan alleenlik op gebruikers se nuusstroom sal verskyn (Malherbe, 2018).

In die Brexit-referendum, waarin Britte gekies het om die Europese Unie te verlaat, is sosialemedianetwerke soos Facebook daarvan beskuldig dat die Russe die Facebook-netwerk gebruik het om vreemdelingehaat aan te blaas en sodoende die verkiesing beïnvloed het. Facebook en Twitter se verweer was dat Russiese agente se invloed op die Brexit-referendum beduidend minder was in vergelyking met die Amerikaanse presidentsverkiesing. Britse wetgewers het geëis dat Facebook en Twitter ’n indiepte-ondersoek moet doen om te bepaal of Rusland nie dalk ander metodes deur die sosiale media gebruik het om dié belangrike referendum te beïnvloed nie (Brice, 2017; Danzig 2017).

In ’n studie wat ná die Brexit-referendum onderneem is, het Hänska en Bauchowitz (2017:27-30) tot die slotsom gekom dat Twitter ’n belangrike rol gespeel het in die uitslag van die referendum. Volgens Hänska en Bauchowitz (2017:28) het Twitter ’n belangrike onderbou van die veranderde nuus-ekosisteem geword omdat politici, joernaliste en die gemeenskap met mekaar op sosialenuusplatforms meeding. In die Brexit-referendum het mense wat skepties was teenoor die res van Europa, byvoorbeeld op Twitter die narratief geskep dat die Europese Unie (EU) skadelik is vir die Britse demokrasie en dat miljoene gespaar kan word indien die Brittanje die EU verlaat. Hulle betoog was dat dié geld eerder aangewend kon word vir gesondheidsversekering (Hänska & Bauchowitz, 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Om die invloed van Twitter-inskrywings op die referendum te bepaal, het Hänska en Bauchowitz (2017:29) meer as 7,5 miljoen twiets wat met Brexit verband gehou het, ontleed om te bepaal of daar ooreenkomste was met die stempatrone. Hänska en Bauchowitz wou ook vasstel of die anti-Brexit-groep en die pro-Brexit-groep beperk was tot eggokamers wat hulle nuus gevoed het wat belyn was met hul eie sieninge.

Daar is vasgestel dat Twitter-gebruikers wat ten gunste van Brexit was, meer aktief was om hul agenda te bevorder (Hänska & Bauchowitz, 2017:30). Een van die redes wat verskaf is, is dat die hutsmerke soos 'vote Leave', 'take control' en 'Brexit' meer impak gehad het omdat dit gepas was vir Twitter en meer resonansie by die kiesers gevind het. Media-dekking was ook ten gunste van die pro-Brexit-groep en daar is bevind dat 82% van nuusberigte die Brexit-opsie ondersteun het (Hänska & Bauchowitz, 2017).

Die voorafgaande bespreking lei hierdie navorser tot die fokus van hierdie studie, naamlik die voorkoms van fopnuus in Suid-Afrika.

2.9 Fopnuus: 'n Suid-Afrikaanse gevallestudie

In die Suid-Afrikaanse konteks dien die sogenaamde witmonopoliekapitaal-veldtog as voorbeeld. Die politieke diskoers in Suid-Afrika is in 2018 oorheers deur aantygings van onbehoorlike invloed wat 'n Indiese familie, die Guptas, oor die gewese president Jacob Zuma uitgeoefen het (Wasserman, 2017:4-5). Die bewerings – wat gestaaf is deur 'n verslag deur die voormalige openbare beskermer, adv. Thuli Madonsela, het verdere geloofwaardigheid verleen. Die uitlek van 'n beduidende aantal e-posse wat korrupte transaksies en ooreenkomste tussen die Gupta-familie, Zuma en sy netwerk van begunstigdes skets, het gelei tot 'n propaganda-oorlog wat hom grootliks in sosiale media gemanifesteer het (Wasserman, 2017).

Dit het geblyk die Guptas het die dienste van die Britse skakelmaatskappy Bell Pottinger bekom om 'n narratief van "witmonopoliekapitaal" te skep as 'n strategie om Zuma en sy ondersteuners uit te beeld as die slagoffers van wit rassisme, en wat deur die hoofstroommedia gepropageer word (Cave, 2017; Coetzee, 2017; Corcoran, 2017; Van Boom, 2018). In 'n poging om die fokus te verplaas van aantygings oor staatskaping is 'n groot aantal vals Twitter-rekeninge deur Bell Pottinger geskep om te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gebruik as teenvoeter vir die bewerings teen Zuma en die Gupta-netwerk (Wasserman, 2017:5).

Deur nougesette analise van Twitter-aktiwiteite het ondersoekende joernaliste en aanlyn-navorsers (Daily Maverick, 2016; Findlay, 2016) ’n “weermag van trolle”, bestaande uit sowat 150 vals rekeninge, blootgelê. Dié vals rekeninge is gebruik om duisende twiets en hertwiets te plaas wat die openbare beskermer se bevindinge oor “staatskaping” afgeskiet het en ’n alternatiewe narratief geskep het van “witmonopoliekapitaal” as die ware vyande van die staat (Daily Maverick, 2016).
’n Ontleding van waar die twiets vandaan kom (dié wat later duisende kere deur sogenaamde “twitterbots” hertwiet is) het die vinger gewys na mediahuise in die Guptas se besit – die televisiekanaal ANN7 en die koerant *The New Age* – in samewerking met ’n organisasie genaamd Black First Land First (BLF) wat deur die aktivis Andile Mngxitama gelei word (Wasserman, 2017:5).

In haar ondersoek na gevalle van fopnuus in die Suid-Afrikaanse medialandskap het die joernalis Qaanitah Hunter onderhoude gevoer met vyf joernaliste van verskillende mediahuise wat prominente teikens was van die aanvalle deur die sogenaamde Twitter-bots (Hunter, 2017:13). Die vyf was Peter Bruce, rubriekskrywer en voormalige redakteur van *Business Day*, Ferial Haffajee, rubrieksrywer en voormalige redakteur van *City Press*, Ranjeni Munusamy, voormalige mederedakteur van die *Daily Maverick*, Thanduxolo Jika, die *Sunday Times* se ondersoekende verslaggewer, en Pauli van Wyk, die *Daily Maverick*/Scorpio se ondersoekende verslaggewer (Hunter, 2017:13).

Volgens Hunter was die hoofdoel om die joernaliste te intimideer, en Hunter agiteer dat dié strategie misluk het ten spyte daarvan dat dit kru, venynig en persoonlik was (Hunter, 2017:13). Bruce is nie net valslik beskuldig dat hy in ’n buite-egtelike verhouding betrokke was nie, maar is ook agtervolg en betogers het op sy huis toegesak. Haffajee het gemeld dat heelwat persoonlike inligting oor haar versprei is, sy as seksueel promisku uitgebeeld is en haar naam gebruik is om ander te beswadder, terwyl Munusamy se gesig met die hulp van die foto-retoesjeerprogram, Photoshop, op prente van honde geplaas is en op foto’s wat seksuele ondertone gehad het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoewel Bell Pottinger ’n voorbeeld is van ’n kwaadwillige veldtog, het redaksionele oorsig ook onder die loep gekom toe Marius Roodt vir *Huffington Post South Africa* en sy redakteur, Verashni Pillay, geflous het met ’n berig oor vroueregte (State of the newsroom, 2017:4). Die webwerf het ’n artikel gepubliseer waarin ene Shelly Garland geargumenteer het dat wit mans se stemreg opgeskort moet word. Garland was ’n skuilnaam wat Roodt gebruik het (Hunter, 2017:4)

Huffington Post South Africa het die artikel in goedertrou gepubliseer en Pillay het dit aanvanklik probeer regverdig, ten spyte van die openbare ophef wat dit ontketen het (Hunter, 2017:4). Dit het die publikasie se reputasie skade berokken en Pillay het uiteindelik bedank. Die burgerregte-organisasie AfriForum het ook ’n klag by die Persombud aanhangig gemaak en bevind dat die artikel haatspraak bevat. Pillay, die Suid-Afrikaanse Redakteursforum (Sanef) en Media Monitoring Africa (MMA) het egter hierteen kapsie gemaak en die Persraad se appèlkomitee het later die aanvanklike sanksie ter syde gestel. Die appèlkomitee het bevind dat hoewel die artikel “(party) mense dalk geïrriteer of omgekrap het” (Hunter, 2017:4), dit nie as haatspraak geklassifiseer kan word nie, aangesien dit nie haat gepropageer het of mense aangemoedig het om iemand leed aan te doen nie.

In November 2017 het *HuffPost* – die verkorte naam vir die *Huffington Post* – weer onder skoot gekom toe AfriForum hom weer tot die Persombud gewend het (Hunter, 2017:4). Hierdie keer het dit gehandel oor ’n artikel wat die nuwe redakteur, Pieter du Toit, geskryf het waarin hy AfriForum “Suid-Afrika se Bell Pottinger” genoem het en die organisasie daarvan beskuldig het dat hy ’n rasverdelende en gefokusde veldtog teen individue en organisasies voer (Hunter, 2017).

Ook in April 2018 was emeritusaartsbiskop Desmond Tutu aan die ontvangkant van fopnuus (News24, 2018). Daar is berig dat Tutu dood is tydens ’n besoek aan Amerika. Dié berigte het sy kantoor genoodsaak om ’n kort verklaring uit te reik dat Tutu en sy vrou, Leah, albei gesond en gelukkig in hul huis in Kaapstad is (News24, 2018).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die internet meer geleenthede vir gewone individue skep om met mekaar en joernaliste te kommunikeer as in die pre-internet-era (Ferreira, 2018:488). Lesers kan nuusportale nou na goeddunke aanpas deur nuuskategorieë te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kies wat hul eie voorkeure bevat wat hulle effektief hekwagters van hulself maak (Ferreira, 2018:488). Dit sluit aan by Shoemaker en Vos (2009), soos aangehaal in Ferreira (2014:488), se waarneming dat hierdie hoë vlak van interaksie daartoe lei dat die publiek nou die rol van hekwagters inneem. In Jim Hall se woorde: "die verbruiker skep dus hul informasie-dieet wat aan hulle gelewer word in die vorm van teks, beeld en klank op enige kommunikasie-toestel (Hall, 2001:18; vertaal). Die resultaat, volgens Hall, is dat dit lei tot die "Balkanisasie van nuus omdat net nis-inligting aan die gebruiker verskaf word".

Dit is dus gepas dat die kwessie van hekwagterskap volgende bespreek word.

2.10 Hekwagterskap

Die rol en die gesag van hekwagters in die digitale era word voortdurend deur akademici en kenners onder die joernalistieke vergrootglas geplaas (Wallace, 2017:3) Die definisie van die hekwagter word gekompliseer omdat in digitale media die moontlikheid aanwesig is dat elke persoon in die nuusketting die rol van ’n hekwagter kan vertolk (Welbers, Van Atteveldt, Kleinnijenhuis & Ruigrok, 2016:8).

Ten spyte van meningsverskille en ’n gebrek aan konsensus of individuele gebruikers in die proses van hekwagterskap ingesluit behoort te word, beklemtoon Shoemaker en Vos (2009:33) dat "almal hekwagters is". Bruns (2009) raak ook hierdie kwessie aan en wys op die veranderde rol van tradisionele hekwagters namate die beheer van inligting weggeskuif het van mediamaatskappye. Volgens Bruns beteken dit dat joernaliste eerder hekmonitors as hekwagters is.

Om ’n hekwagter te wees, beteken ’n persoon oefen nie net uitsluitlike beheer uit oor watter inligting in die openbare domein hoort nie, maar sy/hy besluit ook in watter konteks dit aangebied word (Welbers et al., 2016:317; Wallace, 2018:274).

Volgens Shoemaker en Vos (2009:21) beperk hekwagters die verspreiding van inligting omdat dit hul primêre funksie is om te besluit watter inligting deur die nuushekke gelaat word. Volgens Faure (1995:38) neem hekwagters besluite oor óf, wáár en hóé die plasing (eerstens, die skryf) van berigte geskied, en beskik oor die mag om op ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

subtiele manier die openbare mening te manipuleer. Faure (1995:68) kom tot die slotsom die hekwagter speel in die interaksie tussen media en samelewing ’n sleutelrol weens aktiewe seleksie, plasing, woordgebruik en kommentaar. Dit kan dus dikwels neerkom op ’n doelbewuste poging om die openbare mening te manipuleer – teen of ten gunste van ’n saak of politieke party (Faure, 1995:68).

Dit sluit aan by Botma se waarneming dat die nuusmedia, as selfaangestelde waghond en waarheidsbron vir die samelewing, dus beskou kan word as ’n instrument van mag en waarneming, wat oortreders van algemene wette, reëls en norme (soos dit deur die media vertolk word) aan die kaak stel (Botma, 2018:741). Dit sluit voorvalle van beweerde rassisme in. Volgens Botma polisieer die media dus nie net die grense van die samelewing nie, maar dra by tot sensasie en spektakel.

Gedrukte en uitsaaimediamaatskappye lewer vandag steeds ’n belangrike bydrae tot die mediaomgewing, maar die hekwagterproses moes noodwendig ’n transformasieproses ondergaan, want gebeure soos die Arabiese Lente, die “Occupy”-beweging, en Wikileaks is tekenende voorbeelde hoe digitale media die rol van hekwagters verander het (Madison & Dejarnette, 2017; Wallace, 2017).

Theart (2013:24) voer aan dat die nuwe media die mediaplatform hervorm het en aan die individu meer invloed en mag gegee het as publiseerder, gebruiker, en verbruiker. Volgens Theart het hekwagters by die tradisionele media menige individu verhoed om hul mening te lug.

Die feit dat al hoe meer mense (lede van die publiek) hulself op die internet en die sosiale media as kommentators kan aanmeld en as die skeppers en verspreiders van nuus, menings en kommentaar, het die gevolg dat dit lei tot ’n gebrek aan joernalistieke professionaliteit (Fourie, 2012:90). Fourie beskryf dit as ’n nuwe sogenaamde “doen-dit-self-joernalistiek” wat aan die ontwikkel is. Dit vind veral uiting op die internet in blogs en geselskamers, en op Twitter en Facebook, en in die aktiwiteite van elektroniese belange- en drukgroepe. Volgens Fourie is die internet self daarvoor verantwoordelik dat joernalistieke praktyke met betrekking tot tyd, ruimte, objektiwiteit, feitelikheid, aktualiteit en outentisiteit fundamenteel aan die verander is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Meer onlangs het nie-joernalistieke rolspelers en platforms toenemend die funksie van hekwagters begin vervul (Tutheridge, 2017). In Egipte en Turkye is die sosiale netwerk Twitter byvoorbeeld ingespan om staatsbeheer van inligting te omseil en alternatiewe nuusagendas te bevorder (Demirhan, 2014; Meraz & Papacharissi, 2013). Dit het daartoe gelei dat alternatiewe nuusplatforms wat buite die parameters van hoofstroommedia val, met sukses teen konvensionele nuuskanale begin meeding het om beheer van die openbare diskoerse (Fletcher & Park, 2017).

Hierdie nuwe rolspelers pas bowenal ander keuringsmetodes toe. Sosiale netwerke laat byvoorbeeld gebruikers toe om inligting te kies en versamel wat binne hul eie verwysingsraamwerk pas en wat tot die sogenaamde eggokamers lei (Jürgens, Jungherr & Schoen, 2011; Meraz & Papacharissi, 2013:2). Sosiale netwerke word aangevul deur algoritme-gebaseerde dienste soos soekenjins en versamelwerwe ("aggregators'') wat inligting herversprei en kanaliseer na die internet. As voorbeeld dien Google se Page Rank-algoritme, wat voorafgedefinieerde en programmeerbare kriteria gebruik om te bepaal watter nuuswebwerwe hul soekenjin oplewer. Thorson (2008:46) het tot die gevolgtrekking gekom dat algoritmes nie net bepaal watter nuus gekies word om te lees nie, maar ook die vermoë het om mense se standpunte te beïnvloed.

'n Bondige oorsig oor elkeen van hierdie Afrikaanse nuusorganisasies – Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* word – word in die volgende onderafdelings aangebied.

2.11 Die Afrikaanse joernalistieke landskap

Die navorser voer aan dat hoewel dit maklik is om die media as 'n geheel te beskou, daar beduidende verskille wat hekwagterskap betref mag wees by die verskillende mediamaatskappye in Suid-Afrika. Daarom fokus hierdie studie op joernaliste, inhoudsbestuurders, redakteurs en afdelingshoofde by vier Afrikaanse nuusorganisasies om te bepaal of hulle 'n joernalistieke "immuniteitstelsel" in plek het om fopnuus uit te skakel. 'n Kort oorsig oor *Netwerk24*, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* word in die volgende onderafdelings aangebied.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.11.1 Netwerk24

Die Netwerk24-nuusdiens het in 2014 ontstaan en skep die nuusinhoud wat elke dag in *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* verskyn (Netwerk24, 2018). Sondae is *Rapport* se inhoud in webformaat op Netwerk24 beskikbaar. Al hierdie koerante kan boonop as e-publikasies (wat nes die papierkoerant lyk) op Netwerk24 gelees word (Netwerk24, 2018). Volgens Henriëtte Loubser, redakteur van Netwerk24, is dit dié aanlynnuusdiens se missie om vir sy lesers/gebruikers unieke en akkurate inhoud te gee wat hulle kan vertrou – hetsy in woord of beeld of klank – asook die verskeidenheid menings wat hulle nodig het om te verstaan wat in ons land en die wêreld gebeur, en wat hulle help sin maak van hul wêreld en hoe hulle konstruktief kan bydra tot ’n Suid-Afrika en ’n planeet waar mense verdraagsaam teenoor mekaar is (Netwerk24, 2017). Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*, beskryf Netwerk24 as die digitale aanlynnuusdiens waar die leser/gebruiker toegevoegde nuuswaarde, lesersbemagtiging, behoud en bevordering van Afrikaans, en gesinchroniseerde, stroombelynde, markgerigte herposisionering van nuus kry sodat dit terselfdertyd in digitale en gedrukte formate beskikbaar is (Coetzee, 2017).

2.11.2 Die Burger

Die Burger is ’n Afrikaanse dagblad in die Media24-stal en het sy eeufees in Julie 2015 gevier (Netwerk24, 2015). *Die Burger* (Wes) word in die Wes-Kaap asook in dele van die Noord-Kaap versprei. *Die Burger-Oos* word ook in die Oos-Kaap versprei. *Die Burger* het die frekwensie van sy Oos-Kaapse uitgawe in 2018 van ses dae tot slegs Vrydae in gedrukte formaat verander, met digitale uitgawes wat Maandag tot Vrydag beskikbaar is.

Die Burger se sirkulasie is 37, 735 (Maandag tot Vrydag) en op Saterdae 52 714 (ABC, 2019). Volgens die PAMS (van 2019) word *Die Burger* gelees deur 420 000 mense waarvan 61% bruin is en 36% wit. Die gemiddelde ouderdom van *Die Burger* se lesers is 44 jaar.

Willem Jordaan, redakteur van *Die Burger*, verklaar in ’n onderhoud dat *Die Burger* steeds ’n belangrike staanplek in die ekosisteem van relevante gehaltejoernalistiek het (Die Burger, 2016). Volgens Jordaan poog *Die Burger* om geloofwaardige nuus,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

menings en vermaak aan sy lesers te bied deur joernalistieke vakmanskap "wat 'n kenmerk is van *Die Burger* sedert sy ontstaan" (Netwerk24, 2016).

2.11.3 *Beeld*

Beeld is 'n Afrikaanse dagblad wat ses dae per week gepubliseer word en in Gauteng, Limpopo, die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes versprei word (Ads24:2019). *Beeld* is in 1974 gestig en het 'n sirkulasiesyfer van 31 123 en bereik 195 000 lesers (PAMS, 2019). *Beeld* se lesers is oorwegend wit (85%), gevolg deur 11% swart en 4% bruin lesers (PAMS, 2019). Die gemiddelde ouderdom van *Beeld* se lesers is 48 jaar.

Volgens Barnard Beukman, redakteur van *Beeld*, is geloofwaardigheid, gehalte, balans en 'n veelheid van stemme die pilare waarop *Beeld* se redaksionele beleid rus (Fitzpatrick, 2015). Beukman beklemtoon dat hoewel *Beeld* baie sterk Afrikaans is en sy vinger op die pols van die vrese en strewes van die Afrikaanse gemeenskap moet hê, moet hy die gemeenskap ook help om krities te kyk na die omgewing waarin hy hom bevind (Fitzpatrick, 2015).

2.11.4 Volksblad

Volksblad het in 1904 totstand gekom met die stigting van *Het Westen* toe Hendrik de Graaf in Potchefstroom die koerant begin het (Coetzee, 2015). In 1915 is die naam na *Het Volksblad* verander om sy groeiende Vrystaatse leserstal in te sluit en later daardie jaar is die kantoor Bloemfontein toe geskuif (Coetzee, 2015). In 1917 het Nasionale Pers die koerant gekoop en het dit *Die Volksblad*, en later net *Volksblad* geheet (Coetzee, 2015).

Volksblad word in die Noord-Kaap en die Vrystaat versprei en bereik 179 000 lesers. Die sirkulasie (Maandag-Vrydag) is 14 259 eksemplare en op 'n Saterdag word 13 470 koerante verkoop (PAMS, 2019). Die demografie van *Volksblad* is wit (50%), swart (27%) en bruin (23%).

Volgens Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*, is *Volksblad* nie net die oudste en bekendste Afrikaanse handelsmerk in die streek nie, maar bly hy die waghond, wig en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teenwig, en is ook die volledige spieël van die gemeenskap in die Vrystaat (Coetzee, 2015).

2.12 Samevatting

In hoofstuk 2 is ’n oorsig gegee oor die ontstaan van fopnuus, die aanwesigheid van fopnuus in die pre-drukmedia, asook in die drukmedia en digitale media. Verskeie voorbeelde is aangebied wat wys hoe die gebruik van fopnuus nie net die joernalistieke ekologie verander en versteur het nie, maar ook hoe fopnuus openbare diskoerse kan beïnvloed.

Hierdie hoofstuk het ook beklemtoon dat hoewel sosiale webwerwe,’n platform skep vir ondergeskikte stemme, is dit ook vrugbare teelaarde vir fopnuus omdat die nodige hekwagterskap soos in die hoofstroom-media nie ’n faktor is nie. Dit het ook die mediaprodukte wat die onderwerp van hierdie studie is, voorgestel.

In hoofstuk 3 sal die metodologie wat gevolg is, bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3: Teoretiese uitgangspunte

3.1 Inleiding

Hierdie navorser fundeer die problematiek van fopnuus binne die teoretiese raamwerk van die normatiewe mediateorie. Teorie bied ’n oorsig oor die ontwikkeling van ’n bepaalde dissipline in verhouding tot ander dissiplines, asook moontlike toekomstige ontwikkelings (Kloppers, 2009:21; Fourie, 2013:103).

Die normatiewe mediateorie word in hierdie studie gebruik omdat dié teorie volgens Fourie (2013:178) fokus op die ideale rol wat die media in ’n samelewing behoort te vertolk, en omdat die normatiewe mediateorie ’n basis bied van waar die media se verantwoordelikheid en gehalte gemeet en beheer kan word. Volgens Fourie is ’n Westerse demokratiese land se mediabeleid oor die algemeen op die normatiewe mediateorie gegrond omdat hierdie teorie die media bemagtig om sy rol op ’n beheerde en verantwoordelike manier te vertolk.

Baie van die tradisionele normatiewe teorieë het ontwikkel uit die positivistiese benadering (Fourie, 2013:179), met die onderliggende aanname dat die media een of ander rol in die samelewing behoort te speel. Hierdie rol kan onder meer insluit om die demokrasie te verstewig, om by te dra tot ’n gemeenskap se ontwikkeling, om mense op te voed en te vermaak, en om as waghond op te tree teenoor politieke, akademiese en finansiële instellings.

Volgens Wasserman (2013) bestaan verskeie menings oor wat presies die media se rol in die samelewing behoort te wees. Die algemene verwagting is dat die media bepaalde maatskaplike doelwitte moet dien en bydra tot die openbare belang. Wanneer daar dus na normatiewe teorie verwys word, word bedoel die idees ten opsigte van die regte en verantwoordelikhede van die media wat hierdie verskillende verwagtinge onderlê – dus die kriteria waarvolgens die media beoordeel word binne ’n bepaalde samelewing (Wasserman, 2013).

McQuail (2010:14) beklemtoon ook die belangrikheid van normatiewe mediateorie omdat dit ’n kardinale rol speel in die vorming en legitimering van media-instellings.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dié navorser stem dus saam met McQuail dat die normatiewe teorieë ’n beduidende invloed op die verwagtinge wat ander maatskaplike agentskappe en ook die samelewing van die media het (McQuail, 2010:14; Fourie, 2013:191).

Fourie (2018:666) wys egter daarop dat die normatiewe mediateorie sy heuristiese waarde in die nuwe digitale medialandskap verloor het. Fourie meen die media-etiek wat voortspruit uit huidige normatiewe mediateorie vanweë die beroepsgeoriënteerdheid daarvan, is nie meer toepasbaar op die nuwe digitale medialandskap nie.

Hy skryf dit daaraan toe dat dit in die media om veel meer as joernalistiek en geïnstitusionaliseerde joernalistiek gaan. Boonop het die gewone mens as mediagebruiker in die nuwe medialandskap nou ook “mediamaker” geword (Fourie, 2018:666).

Fourie (2018:663) se betoog is dat huidige normatiewe mediateorieë grotendeels betrekking het op die voorveronderstelde en ideale rol(le) wat die media in ’n samelewing speel; oor hoe die media moet funksioneer vir die handhawing, uitbreiding en sosialisering van aanvaarde sosiale waardes en norme; en oor hoe die media moet funksioneer vir die ontwikkeling en instandhouding van die demokrasie.

Die oorkoepelende doel van normatiewe teorie, volgens Fourie (2018:663), is om ’n maatstaf te ontwikkel vir die meting, en indien nodig, beheer oor en kontrole van mediapraktyke (of mediagedrag), media-aanspreeklikheid en mediakwaliteit. ’n Sentrale uitgangspunt is die reg tot vryheid van spraak en uitdrukking as ’n voorwaarde vir demokrasie op grond waarvan lande se mediasisteme dan liberaal (vry), outokraties (onvry), sosiaal-demokraties, ensovoorts, getipeer word (Fourie, 2018:663).

Breedweg kom Fourie se kritiek op die volgende neer: normatiewe mediateorie problematiseer nie die idee van mediakwaliteit (hetsy die kwaliteit van media-inhoud, mediavorm of mediaproduksie) nie en hou nie rekening met die omvangrykheid en deurdringendheid van die media en mediakommunikasie in die samelewing nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vanuit die perspektief van die (Westerse) politiek-ideologiese effekparadigma word normatiewe teorie gemotiveer as fundamenteel vir die beheer en regulering van die media wat volgens dié paradigma magtig is en gebruik (misbruik) kan word vir ideologiese beïnvloeding en manipulasie (Fourie, 2018:664). Daarom moet die media juridies en eties beheer en gereguleer word. Fourie verklaar dat met hierdie uitgangspunt normatiewe mediateorie egter "digotomiese denke" geskep het oor

- mediaregulering (beheer) versus die vrye mark;
- kulturele voorrang (belang) versus ekonomiese voorrang (belang);
- mensgerigtheid versus markgerigtheid;
- kwaliteit versus kwantiteit;
- die publieke versus die private;
- rasionaliteit versus subjektiwiteit en emosie (skouspel/spektakel);
- feite versus fiksie;
- erns versus plesier;
- intellektualiteit versus populariteit; en,
- burgerskap versus verbruikerskap.

Fourie (2018:664) verskerp sy kritiek teenoor die normatiewe mediateorie en verklaar dat dié teorie in weerwil van bykans 'n totale verskuiwing van massakommunikasie na netwerkkommunikasie, steeds gerig is op ongeldige aannames oor die media se beperkte aanbod, homogene inhoud en passiewe lesers, luisteraars en kykers. Hierdie aannames, volgens Fourie (2018:664), is diep gesetel in die:

> sosiaalwetenskaplike tradisie van kommunikasienavorsing waarin die liniêre transmissiemodel paradigmaties was, maar wat ooglopend nie meer geskik is om die huidige medialandskap en gemediatiseerde kommunikasie as 'n proses te beskryf nie.

Fourie wys daarop dat joernalistiek in die nuwe medialandskap slegs maar een van talle genres is waaruit die media bestaan en wat in die media bedryf word. In die huidige medialandskap speel nie net professionele joernaliste nie, maar verskeie mediamakers waaronder "gewone" mediagebruikers, 'n al hoe groter en aktiewer rol, en is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

joernalistiek selfs nie langer slegs die domein van professionele, vryskut en institusionele joernaliste nie.

Volgens Fourie (2018:664) sou ’n uitweg vir normatiewe teorie om die omvattendheid en deurdringendheid van die hedendaagse media en dus mediatisering aan te pak, kon wees om kommunikasie-etiek eerder as joernalistiek-gesentreerde media-etiek as uitgangspunt vir die normatiewe en etiese beoordeling en evaluering van mediaproduksie en mediagedrag te gebruik.

Dié vier oorspronklike teorieë of funksies van die pers is benoem as: die outoritêre teorie, die libertynse teorie, die teorie van sosiale verantwoordelikheid en die Sowjet-totalitêre teorie, soos vervat in die werk van Siebert, Peterson en Schramm (1963). Uit dié vier teorieë is twee op hierdie studie van toepassing en die navorser sal dus vervolgens die libertynse teorie en die teorie van sosiale verantwoordelikheid bespreek.

3.2 Libertynse teorie

Volgens die libertynse teorie het die media in ’n demokratiese vryemarkstelsel vry geraak van beheer en invloed deur die regering, sensuur was nie meer aanvaarbaar nie, en kritiek teenoor die regering was nie meer strafbaar deur die regering nie. In die libertynse teorie word dus betoog dat die soeke na die waarheid ’n onvervreembare reg is (Fourie, 2013:193).

In die libertynse teorie word die media beskou as ’n bron van inligting, asook ’n platform vir die uitdrukking van uiteenlopende menings, en om mense in te lig oor regeringsake en ander kwessies wat hulle in staat stel om die regering te monitor en hul eie idees oor beleid te vorm (Fourie, 2013:193-194). Volgens Roelofse (1996:53) behoort die media volgens die libertynse teorie vry te wees van regeringsbeheer en regeringsinvloed sodat daar ’n vryemark vir idees en inligting is.

McQuail, in Fourie (2013:193), waarsku egter dat die idee van ’n vrye media nie so eenvoudig is nie en noem dat wanneer vryheid misbruik word, kan dit nie langer as vryheid gesien word nie en moet dit dan beperk word. Volgens McQuail grens absolute vryheid aan anargie en daarom stem libertynse gemeenskappe min of meer saam met

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

John Mills se stelling dat die vryheid van ’n individu gedefinieeer – en daarom beperk – word deur die vryheid van ander individue.

McQuail (2010:170-185) identifiseer die volgende eienskappe van die libertynse teorie:

- Die media moet vry wees van enige eksterne sensuur;
- Die publisering en verspreiding van ’n publikasie moet toeganklik en moontlik wees vir enige groep of individu sonder ’n permit of lisensie;
- Redaksionele aanvalle op die regering of politieke partye moenie strafbaar wees nie;
- Die media moet vry voel om enigiets na goeddunke te publiseer; en
- Geen beperkings moet op die vloei van inligting geplaas word nie.

Die libertynse teorie beklemtoon die belangrikheid dat die media as waghond moet dien en dat elkeen die reg het tot inligting (McQuail, 2010:176). McQuail wys ook daarop dat die libertynse teorie meer ingestel is op opinies en oortuigings, maar vaag is oor wie voordeel moet trek uit die reg tot vryheid.

In hierdie studie argumenteer die navorser dat digitale media die verhouding tussen joernaliste en hul lesers/kykers/gehoor onteenseglik geherdefinieer het omdat sosiale media nie net vir onmiddellike interaksie sorg nie, maar ook omdat verbruiker-geskepte inhoud ook die demokratiese basis verbreed (Goode, 2009:1294; Bruno, 2011).

Volgens Courtney (2017:14) ondermyn hierdie veelheid van stemme op sosiale media egter die keuring van inhoud wat gewoonlik geassosieer word met die tradisionele hekwagtersrol wat professionele joernaliste speel. In ’n inligting-versadigde omgewing word die tradisionele rol van joernaliste, soos agendastelling en hekwagterskap, minder belangrik omdat sosiale media die tradisionele media se waghondrol vervang met die sogenaamde “gidshond-rol” wat minder analise en verduidelikings verg (Deuze, 2007:6).

Uit die hoek van libertynse teorie dus beskou, druis hekwagterskap teen die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

fundamentele reg in dat die media vry moet wees van enige sensuur en dat die media (dit sluit ook sosiale media in) moet vry voel om enigiets na goeddunke te publiseer. Voorstanders van die libertynse teorie meen mense is rasionele wesens wat self tussen goed en kwaad, en valsheid en waarheid, kan onderskei en dus hoef die regering nie die onderskeid vir die publiek te maak nie (Fourie, 2013:192).

Vir die doeleindes van dié studie is dit van groot belang om te bepaal of fopnuus deur wetgewing verbied moet word, want dit druis regstreeks in teen die beginsel van die libertynse teorie dat mense rasionele wesens is en kan onderskei tussen waarheid en valsheid en tussen goed en kwaad (Fourie, 2013:192). Dit is in ooreenstemming met Lehmann (2016) se uitspraak dat die libertynse teorie elkeen ’n stem en vrye toegang tot inligting – selfs disinformasie – bied.

3.3 Sosiale verantwoordelikheidsteorie

Die studie sal ook swaar steun op die teorie van sosiale verantwoordelikheid. Die teorie het onder meer ontwikkel uit gedragskodes vir die media en die werk van die Hutchins-kommissie in 1947 (Severin & Tankard, 1992:289). Volgens Severin en Tankard moet die media nie net inlig, vermaak en wins maak nie, maar ’n forum wees om almal te verteenwoordig en almal die ruimte gee om hul mening te lug.

Die eienskappe van die teorie van sosiale verantwoordelikheid (Fourie, 2013:194) is:

- Die media ondersteun demokratiese beginsels;
- Die media moet ’n platform skep vir verskillende standpunte;
- Die onafhanklikheid van die media moet beklemtoon word in verhouding tot sy verantwoordelikheid teenoor die samelewing; en
- Die media moet aan sekere standaarde voldoen.

Indien die media nie dié sosiale verantwoordelikheid nakom nie, moet een of ander instelling toesien dat hy dit wel doen (Severin & Tankard, 1992:289). Van dié instellings is die gemeenskap, verbruikersgedrag en professionele etiek. Die Hutchins-kommissie – ’n groep van voorste intellektuele – wat in die 1940’s getaak is om die mediakrisis in Amerika te ondersoek (Pickard, 2010:396; Metzgar & Hornaday,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2013:255) – het onder meer bevind die pers moet ’n verteenwoordigende beeld van die samelewing weergee, verskillende ras- en kultuurgroepe mag nie gestereotipeer word nie, en dat die pers as forum moet dien vir die uitruil van kommentaar en kritiek.

Een van die eerste aanbevelings wat die Hutchins-kommissie gemaak het, was dat die pers ’n ware en omvattende weergawe van nuusgebeure in konteks aanbied. Hierdie verwagting het vereis dat die pers akkuraat moes wees en nie leuens verkondig nie. Dit het ook beteken dat daar van die pers verwag word om ’n duidelike onderskeid tussen feite en menings te tref (Siebert et al., 1963:100).

In die 19de eeu was dit nie ongewoon dat koerante nuus as politieke wapen gebruik het deur onder meer nuusfeite te verwring, onbeskaamd partydig te wees en lesers se behoeftes te onderdruk nie (Siebert et al., 1963:84). Koerante het later egter toenemend begin om hul menings tot die hoofartikelblad te beperk en daarna gestreef om die nuus objektief aan te bied sonder persoonlike voorkeure en kommentaar (Siebert et al., 1963:84). Siebert et al. (1963:133) het hierdie metamorfose toegeskryf aan ekonomiese faktore, toenemende professionalisme en die proses van selfverbetering.

Volgens Siebert et al. (1963:133) het die pers egter in sy poging om objektief te wees ’n vreemde soort objektiwiteit ontwikkel in wat Peterson (Siebert et al., 1963:178) verwoord as ’n skyn-objektiwiteit, wat gelei het tot halwe waarhede, onvolledigheid en onverstaanbaarheid in berigte. In die pers se poging om objektief verslag te doen, het hulle probeer om albei kante van ’n storie aan te bied, maar in die proses het die pers nagelaat om die betroubaarheid van die verskillende bronne te evalueer en te verifieer.

Die basiese beginsel van die sosiale verantwoordelikheidsteorie is juis dat die media selfregulerend moet wees binne die raamwerk van wetgewing en gevestigde instellings. In Suid-Afrika dien regulerende liggame soos die Suid-Afrikaanse Persraad en die Persombud wat onafhanklik van die regering staan, maar gedeeltelik deur die media self beheer word (Fourie, 2013:194). Nog ’n voorbeeld is die professionele liggaam vir joernaliste, die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef), wat deur die media self daargestel word en wat ten doel het om gebalanseerde nuusaanbieding te verseker (Fourie, 2013).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

McQuail, soos in aangehaal in Fourie (2013:194), identifiseer die volgende basiese beginsels van die sosiale verantwoordelikheidsteorie:

- Die media moet sekere verantwoordelikhede teenoor gemeenskappe aanvaar;
- Die media moet hul verantwoordelikhede vervul deur professionele standaarde te handhaaf met betrekking tot die verskaffing van inligting, die waarheid, akkuraatheid, objektiwiteit en balans in hul verslaggewing;
- Die media sal hulself moet reguleer binne die raamwerk van die wet en gevestigde instansies;
- Die media moet vermy om inligting te publiseer wat tot misdaad, geweld of sosiale ontwrigting kan lei, asook inligting wat etniese en godsdienstige minderhede kan aanstoot gee; en
- Die media as kollektief moet alle sosiale groepe verteenwoordig en die diversiteit van die gemeenskap weerspieël deur mense toegang te gee tot diverse standpunte asook die reg om te reageer op hierdie standpunte.

Uit bostaande is dit duidelik dat die sosiale verantwoordelikheid-model bepaal dat die media eienaarskap neem van openbare vertroue deur ’n ware, akkurate en billike weergawe te gee. Die konsep van waarheid, objektiwiteit, billikheid en akkuraatheid kom dus volgende aan die bod omdat dit in noue verhouding staan met die sosiale verantwoordeliksteorie.

Vir die doel van hierdie studie is die sosiale verantwoordelikheidsteorie relevant, want volgens Oosthuizen (2014:36) onderskryf die media in Suid-Afrika dié teorie deur by te dra tot demokratiese prosesse. Oosthuizen (2014:36) wys daarop dat in lande waar die media die sosiale verantwoordeliksteorie onderskryf, die “beleidmakers toesien dat die media optimaal bydra tot die demokratiese proses en terselfdertyd voordele bied vir media-gebruikers”. Deur ondersoek in te stel na die joernaliste se sieninge van fopnuus, sal bepaal of Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* die sosiale verantwoordelikheidsteorie onderskryf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.3.1 Waarheid

Volgens Christians en Nordenstreng (2004:22) is die waarheid van kritieke belang in die joernalistiek. Retief (2010:39) sê "dit is vanselfsprekend" dat daar eerlik oor nuusgebeure berig moet word. Kovach en Rosenstiel (2014:135) sê: "Almal in die joernalistieke proses het 'n rol te speel in die soeke na die waarheid."

Volgens Krüger (2004:12) moet joernaliste die waarheid soek "en so volledig moontlik daaroor berig/verslag lewer". Kovach en Rosenstiel (2014:136) meen joernaliste moet toegewyd wees tot die waarheid as 'n eerste beginsel en bo alles lojaal wees aan die publiek.

Dit is selfs nog meer belangrik, sê Boeyink en Borden (2010:43), omdat professionele joernaliste in "die waarheid handel dryf" en indien "ons nie daardie etiese norm kan handhaaf nie, het ons geen waarde as joernaliste nie".

Kovach en Rosenstiel (2014:114) voeg hierby: "Indien diegene wat joernalistiek bedryf waarheidsoekers is, moet dit daartoe lei dat hulle met hul gehoor ook eerlik en opreg is – dat hulle waarheid-aanbieders is."

Volgens Kovach en Rosenstiel (2014:114) is dit van groot belang dat wanneer joernaliste verslag lewer oor voorvalle wat hulle nie self aanskou het nie, dit van kritieke belang is dat hulle soveel as moontlik blootlê. Hierdie proses sluit in dat joernaliste moet bekend maak "hoe hulle weet wat hulle weet en wie hul bronne is," sê Kovach en Rosenstiel. Dit word "die gees van deursigtigheid" genoem, volgens Kovach en Rosenstiel.

Kruger (2004:12) stem saam met Kovach en Rosenstiel en merk op dat die verkondiging van die waarheid 'n kardinale deel van die joernalistiek is wat hand-aan-hand loop met die ander twee sub-temas, akkuraatheid en regverdigheid, wat ook hier bespreek sal word.

Kruger (2004:77) veronderstel daar is beperkings aan die begrip waarheid wanneer hy opmerk daar is nie 'n koerant sonder sy eie uitgangspunt nie, wat uit verskillende hoeke debatteer en dinge anders sien. Die gedagte om gebeure uit verskillende hoeke te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beskou, mag dalk ook verwys na die persepsies van nuusorganisasies se eienaarskap wat blyk uit redaksionele beleid. Downing, McQuail, Schellinger en Wartella (2004:22) meen die media se verpligting teenoor die waarheid is ’n standaard-onderbou van sy bestaan, maar om dié ideaal te verwesenlik, is haas onmoontlik, selfs vir diegene wat dit ten beste nastreef. Dit staan in noue verband met objekwiteit wat vervolgens bespreek word.

3.3.2 Objektiwiteit

Objektiwiteit is ook ’n joernalistieke beginsel wat te alle koste nagestreef word, maar baie moeilik is om in praktyk uit te leef, veral wanneer ’n mens in ag neem joernaliste word ook geraak deur dieselfde gebeure as die res van die samelewing, hoewel joernaliste hulself voorhou as blote weerkaatsers van ’n beeld van die samelewing (Kruger, 2004:76).

In mediakringe is daar nietemin ooreenstemming dat selfs al is objektiwiteit nie haalbaar nie, bly dit ’n ideaal om na te streef (Kruger, 2004:77). Objektiwiteit spreek ook die kwessie van vooroordeel, gevoelens, verwerking en verspreiding van inligting aan. McQuail (2010:200) merk op objektiwiteit is ’n bepaalde vorm van mediapraktyk en ook ’n bepaalde benadering tot die taak van inligting-insameling, verwerking en verspreiding. McQuail (2010:174) veronderstel daar is ’n breë, internasionale konsensus dat waarheid en objektiwiteit die sentrale waardes van joernalistiek behoort te wees. McQuail (2010:174) benadruk dat die oorheersende klem behoort te val op objektiewe, neutrale, onafhanklike, informatiewe en feitelik korrekte joernalistiek.

Schudson (2001:1) maak die stelling dat objektiwiteit terselfdertyd ’n morele ideaal is, ’n stel gebruike vir verslaggewing en redigering en ’n sigbare patroon in nuusbeskrywing. Schudson (2001:2) sê voorts die waarde van objektiwiteit word in besonder vooropgehou teenoor partydige joernalistiek waarin koerante hulself verklaar as die voorstanders of agente van politieke partye en hul nuusverslaggewing dus ’n element van die partystryd is. Die konsep van objektiwiteit is ook nou gekoppel aan dié van akkuraatheid (wat vervolgens bespreek sal word).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Retief (2010:83) stel dit dat objektiwiteit eerstens te make het met die regte balans en konteks en dit vereis van joernaliste om neutraal of onafhanklik te wees. Heywood (2002:427) definieer neutraliteit weer as die afwesigheid van partydigheid of ’n weiering om kant te kies. Ten einde die punt te illustreer, argumenteer Retief (2010:83) dat mense wat in die nuus betrokke is, nie werklik regverdigheid soek nie, maar “hulle soek voorkeur, kwytskelding en beskerming van openbare kennisname”.

Die volgende konsep onder bespreking is dié van akkuraatheid.

3.3.3 Akkuraatheid

Retief (2010:49) merk op akkuraatheid is slegs haalbaar as die relevante feite in die regte konteks aangebied word. Retief voeg by daar is verskeie redes waarom onakkuraatheid in verslaggewing vermy moet word, aangesien dit skade kan berokken, rasionele besluitneming beïnvloed en die integriteit van die media aantas. Day (2006:84) skryf “feite moet bevestig word, met ander woorde, hulle moet op vaste bewyse gegrond wees”. Day noem verder “onakkurate, ongegronde en onbevestigde inligting kan die geloofwaardigheid van enige joernalistieke instelling ondermyn”.

Soos Brants (2018:23-24) argumenteer, is betroubaarheid en geloofwaardigheid een van die kernbeginsels van die joernalistiek omdat die publiek staatmaak op die reputasie en die geloofwaardigheid van die joernalis sonder om heeltyd alles te moet kontroleer wat deur die joernalis aangebied word

Mondli Makhanya het die belangrikheid van akkuraatheid beklemtoon toe hy die weekblad *Mail & Guardian* se redakteur geword het en opgemerk het: “[E]lke woord, elke sin en paragraaf wat ons publiseer, sal absoluut waar wees” (Kruger, 2004:58). Day (2006:86) redeneer hoewel die meeste joernaliste akkuraatheid as ’n grondbeginsel van etiese joernalistiek aanhang, belemmer tydsdruk en wedywering die akkuraatheid van nuusverslaggewing. Ten spyte van die uitdagings vir akkurate beriggewing, merk Couldry (Ward & Wasserman, 2008:67) op dat waarheid en akkuraatheid twee ononderhandelbare waardes is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk, word die teoretiese uitgangspunt van hierdie studie soos volg opgesom: Selfs in die era van fopnuus behoort joernaliste steeds te streef na objektiwiteit, waarheid en akkuraatheid in hul berigte. Die navorser maak staat op twee media-teorieë, naamlik die libertynse asook die sosiale verantwoordelikheidsteorie om ten einde te bepaal na watter teorie joernaliste by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* neig. Dié twee teorieë is gekies omdat daar twee denkskole is wat fopnuus betref – die libertynse teorie wat propageer dat hekwagterskap teen die fundamentele reg indruis dat die media vry moet wees en enigiets na goeddunke moet kan publiseer, en die sosiale verantwoordeliksteorie dat die media selfregulerend moet wees binne die raamwerk van wetgewing en gevestigde instellings.

In die volgende hoofstuk word ’n uiteensetting gegee van die metodologie wat gevolg is in die uitvoering van die navorsing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie

4.1 Inleiding

Die vorige hoofstuk het die teoretiese agtergrond van die studie verskaf. In Hoofstuk 4 word ’n uiteensetting gegee van die proses wat gevolg is in die uitvoering van die navorsing. Hierdie navorser het die kwalitatiewe navorsingmetode gevolg om te verstaan watter uitdagings hekwagters voor te staan kom om te keer dat fopnuus nie die nuusstelsels binnedring nie.

Kwalitatiewe navorsing is konteksgebonde, wat beteken dat die verskynsel in die konteks waarin dit voorkom, bestudeer word (Babbie & Mouton, 2013:75). In hierdie geval het die navorser juis die kwalitatiewe benadering gevolg aangesien die studie, wat hoofsaaklik ondersoekend van aard is, ’n verskynsel (die uitdaging van hekwagters om fopnuus te stuit) bestudeer in die konteks waarin dit voorkom (in hierdie geval by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*).

Corbin, Strauss en Strauss (2015:54), soos aangehaal in Mokwena (2018:54), definieer kwalitatiewe navorsing waar die navorser nie net inligting versamel en interpreteer nie, maar ook, soos die deelnemers, deel word van die proses. Mouton (2013:55) beskryf die navorsingsontwerp as die kritieke bloudruk van ’n studie wat besluite oor die navorsingsparadigma, navorsingsmetodologie, asook data-insamelingsmetodes verduidelik.

Die eerste twee afdelings van hierdie hoofstuk bespreek die doel, die navorsingsvraag en spesifieke doelwitte van die navorsing. Die res van die hoofstuk beskryf hierdie navorsingsprojek uit die hoek van die navorser, die kwalitatiewe ondersoek, steekproefneming en uiteindelik die spesifieke metodes wat gevolg is om die data te versamel en te analiseer. Die etiese oorwegings kom ook aan die bod.

4.2 Navorsingsvraag en subvrae

Soos aangedui in hoofstuk 1 is die doel van die studie om die probleme te identifiseer wat hekwagters ondervind om fopnuus te keer, en tweedens watter joernalistieke “immuniteitstelsel” in plek gestel behoort te word om te verseker dat Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* nie fopnuus deur die “nuushekke” deurlaat nie. Die doel is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ook om vas te stel wie die hekwagtersfunksie by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* vervul, hoe hulle fopnuus identifiseer en watter verifikasie-prosesse gevolg word as teenvoeter vir fopnuus.

Die algemene navorsingsvraag is dus:

- Hoe bedreig die verskynsel van fopnuus die integriteit en geloofwaardigheid van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* en wat staan hierdie publikasies te doen om dit te bekamp met spesifieke verwysings na die rol van hekwagters?

Met verwysing na die algemene navorsingvraag, die literatuurstudie wat aangebied is, asook die teoretiese vertrekpunte, het die volgende sub-navorsingsvrae ontstaan:

- Wie moet die rol van hekwagters vertolk?
- Wat is die algemene probleme wat hekwagters ondervind om fopnuus te stuit?
- Wat is die invloed of moontlike bedreigings wat fopnuus vir Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* inhou?
- Behoort daar wetgewing teen fopnuus ingestel te word?
- Watter tipe opleiding het joernaliste nodig om fopnuus te identifiseer?

4.3 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is, tipies, ondersoeke binne kwalitatiewe, kwantitiewe of gemengde-metode-benaderings wat spesifieke riglyne verskaf vir die verloop van prosedures in ’n studie (Mouton (2013:49). Mouton (2013:55) skryf die navorsingontwerp is die spesifieke plan om die navorsingsprobleem te ondersoek deur spesifieke take uit te voer. Oorsigtelik is die navorsingsontwerp dus die struktuur wat aandui op watter teorieë, metodes, bronne en instrumente die studie gebaseer sal wees. Die navorser moet dus besin oor die tipe ontwerp (plan) en metode (proses) wat die navorsingsvrae die beste sal beantwoord, juis omdat die navorsingsprobleem en vrae die vertrekpunt is vir die keuse van ’n geskikte navorsingsontwerp (Mouton, 2013:49; Joubert, Hartell & Lombard, 2016:33).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.4 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing behels ’n indiepte-ondersoek na ’n gestelde verskynsel (Terre Blanche & Durrheim, 2002:148). ’n Kwalitatiewe benadering word deur navorsers gekies omdat hulle glo dat ’n ryk beskrywing (“rich description”) van ’n bepaalde geval – in hierdie studie dus fopnuus – gebied kan word (Joubert et al., 2016:110).

Soos Joubert et al. (2016) aandui is dokumentêre bronne nie alleen ter sprake nie, maar ook die perspektiewe en oortuigings van ander rolspelers in die kwalitatiewe navorsingsproses. Die feit dat daar interaksie tussen die navorsingbelanghebbendes en die navorser is, maak die navorser subjektief deel van die kwalitatiewe studie.

Leedy en Ormrod (2005:94) wys daarop dat een van die kenmerke van kwalitatiewe navorsing is dat algemene navorsingsprobleme, asook vrae, geformuleer word, in kontras met kwantitatiewe navorsing waar direkte, konkrete, meetbare veranderlikes gebruik word. Dit sluit aan by Fouché en Delport (2002:79) wat beklemtoon dat respondente se persoonlike weergawe, betekenis, ervaring en /of persepsies deur middel van kwalitatiewe navorsing bestudeer word.

Du Plooy (2011:88) verduidelik die doel van die kwalitatiewe metode is juis om areas te ontgin waar beperkte of geen inligting voorheen bestaan het nie en om gedrag, temas, tendense, houdings, behoeftes of verhoudings te beskryf. Schurink (1996), in Du Plooy (2011:240), wys daarop dat kwalitatiewe navorsing dui op ’n multi-perspektiewelike benadering, aangesien dit gebruik maak van verskillende kwalitatiewe tegnieke en data-insamelingsmetodes.

’n Kwalitatiewe werkswyse neem ook die ondersoek verby die beperkinge en grense van kwantitatiewe analise deur die gerigtheid op die sosiale en kultuurhistoriese agtergrond waarin die data ingebed is en dit fokus verder op die interaksie en die geleefde ondervinding van respondente soos byvoorbeeld mense met wie onderhoude gevoer word (Joubert et al., 2016:110).

Cohen, Manion en Morrison (2009:19) verbind die kwalitatiewe benadering ook tot die volgende vertrekpunte:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Mense konstrueer aktief hulle sosiale leefwêreld;
- Situasies is vloeibaar en veranderend eerder as staties en onveranderlik;
- Gedrag en gebeure is die gevolg van en word verryk deur konteks en tyd;
- Beide individue en gebeure is uniek en daarom meestal nie veralgemeenbaar nie;
- Menslike reaksie is gebaseer op die interpretasie van gebeure, kontekste en situasies;
- Daar bestaan veelvuldige interpretasies van elke eenvoudige gebeurtenis;
- Die realiteit is in wese kompleks en bestaan uit veelvuldige betekenislae; en
- ’n Situasie behoort ook deur die oë van medewerkers eerder as slegs deur die navorser ondersoek te word.

4.4.1 Etnografiese opmerkings

Die navorser is eindredakteur van *Die Burger* en vervul ook die rol van ’n hekwagter in genoemde publikasie. Die argument kan dus gevoer word dat die navorser moontlik botsende belange het en dat die insameling van inligting nie objektief is nie. Die navorser is egter van mening dat sy rol as eindredakteur hom bekwaam om hierdie studie se navorsing te onderneem omdat hy nie net oor die agtergrondkennis van hekwagterskap beskik nie, maar ook drie dekades se joernalistieke ervaring het van hoe hekwagterskap in die hoofstroommedia, en bepaald by *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*, toegepas word.

4.4.2 Gevallestudie

’n Gevallestudie is gekies as navorsingsontwerp vir hierdie studie. ’n Gevallestudie is ’n sistematiese en indiepte-ondersoek en beskrywing deur ’n persoon of navorser van ’n spesifieke geval in die spesifieke konteks daarvan (Joubert et al., 2016:134). Ook Mouton (2013:149) beskryf gevallestudie as ’n studie wat kwalitatief van aard is met die doel om ’n indiepte-beskrywing van ’n klein hoeveelheid (minder as 50) gevalle te gee. Creswell (2013:43) definieer weer gevallestudie as ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp, waar die geval of gevalle ’n geslote sisteem vorm wat deur tyd en aktiwiteit gedefinieer word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Joubert et al. (2016:135) maan egter dat ’n gevallestudie nie bloot lukraak gedoen moet word nie, want dit kan die navorsing verswak. Die navorser se keuse vir gevallestudie-ontwerp moet volgens die doel daarvan gedoen word, want gevallestudienavorsing kan ondersoekend, beskrywend, verduidelikend of evaluerend wees (Rule & John, 2011:28-31).

Volgens De Vos, Strydom, Fouché en Delport (2011:320) kies navorsers gevallestudies om ’n komplekse lewenservaring van respondente aan die navorsing in hul sosiale konteks en op ’n persoonlike vlak te ervaar. Gevallestudie laat die navorser toe om vir uitstaande of ooreenstemmende aspekte en idees in die respondente se woorde en aksies, in die konteks van die geval, te soek (Joubert et al., 2016:134).

Gevallestudies hou bepaalde voordele in vir ’n navorser, want gevallestudie-ontwerp is veelsydig wat die keuse van die geval se omvang en die metodologie om dit te bestudeer, betref. In baie gevalle word die gevallestudie se metodologie nie vooraf presies beplan ten opsigte van data-insameling en data-analise nie omrede die navorser aanneem dat hierdie prosesse van die studie sal bepaal word deur die fenomeen en relevante gebeure (Joubert et al., 2016).

Gevallestudie-ontwerp skep ook ruimte vir die navorser om sowel ondersoekend as verkennend op te tree ten opsigte van die realiteit van die geval in ’n bepaalde konteks. Die indiepte-ondersoek van die geval bied die navorser die geleentheid om die uniekheid van die geval te ondersoek, met die oog op die verstaan van die geval in totaliteit en verhoudinge wat betrekking op die geval mag hê (Joubert et al., 2016:136).

Die enkele fokus van ’n gevallestudie is ook grotendeels makliker om te bestuur as byvoorbeeld ’n grootskaalse ondersoek. Dit geld veral wanneer die navorser(s) beperkte tyd en hulpbronne het. Omdat ’n gevallestudie ’n geslote sisteem is, kan die geval maklik geïdentifiseer en gedefinieer word, wat help om die databronne, soos die respondente, in die geval te identifiseer (Joubert et al., 2016:137).

Gevallestudies openbaar egter ook bepaalde tekortkominge. Wimmer en Dominick (1991:151) voer aan dat gevallestudies dikwels gebrek gaan aan ’n wetenskaplik verantwoordbare basis en metodiek en dat dit tydrowend is omdat groot hoeveelhede

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

data geproduseer word wat moeilik is om te verwerk. Soos Grobler (2001:69) uitwys, is dit ook dikwels moeilik om die bevindinge te veralgemeen.

Daar is ook die kritiek dat die grense in gevallestudies tegnies moeilik gedefinieer word. Dus is dit moeilik vir die navorser om te besluit watter inligting ingesluit en watter inligting uitgesluit moet word. Navorsing kan misluk as toestemming onttrek of geweier word, wat dit moeilik vir navorsers maak om hulle doelwit tydens die ondersoek te bereik (Denscombe, 1998:40).

Opsommenderwys kan die gevallestudie-benadering dus beskryf word as ’n navorsingsontwerp met ’n eiesoortige rasionaal en metodologie wat anders is ander navorsingsontwerpe (Yin, 2012:10). ’n Gevallestudie word as spesifieke veldnavorsing gedoen en hiermee word bedoel dat ’n veldstudie ’n empiriese studie is wat op die ervaring van die navorser berus, wat ’n geval ter wille van die geval self ondersoek, en ook die verbandhoudende fenomeen of navorsingsverskynsel (Leedy & Ormrod, 2005:94; Joubert et al., 2016:136).

’n Grafiese voorstelling is dus in hierdie stadium gepas om ’n gevallestudie in ’n navorsingsprojek uit te beeld.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 1: Die roetekaart van ’n gevallestudie soos voorgestel deur Yin (2012:1).

In Figuur 1 dui Yin (2012:1) aan hoe ’n gevallestudie in ’n navorsingsprojek aangepak behoort te word. Die eerste fase is om die gevallestudie te definieer en te ontwerp. Die teorie behoort in hierdie fase ontwikkel te word en moet voortdurend met die literatuurstudie vergelyk word. Op grond van die teorie word ’n gevallestudie(s) gekies. In die tweede fase van die navorsingsprojek word die voorbereiding, die insameling en ontleding van die gevallestudie gedoen. Hierdie stap sluit praktiese voorbereidings vir die gevallestudie in, die insameling van data en die analise daarvan. In die volgende fase word die reëlings met die respondente bespreek en die onderhoude gedoen. Daarna word die onderhoude getranskribeer, gekodeer en die ontleding van die onderhoude vind plaas.

In die laaste fase word gevolgtrekkings gemaak. Die teoretiese raamwerk word vergelyk met die gevolgtrekkings, en dit is ook in hierdie stap waar die navorser verskille of ooreenkomste uitlig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.4.3 Kwalitatiewe data-insameling

Volgens Babbie en Mouton (2013:288-289) is daar verskillende metodes om kwalitatiewe data in te samel. Onderhoude, fokusgroepe, gevallestudies, dokumente en oudiovisuele materiaal is van die belangrikste metodes om inligting in te samel vir kwalitatiewe data.

In kwalitatiewe navorsing is die navorser die primêre instrument by die identifisering van die geval en in die data-insamelingsproses. Volgens Creswell (2008:55) is daar ’n paar beginsels ter sprake by ’n kwalitatiewe data-insamelingsplan:

- Algemene en toepaslike vrae moet gebruik word om die reaksie van die deelnemers te verseker;
- Tekste en/of beeldmateriaal word versamel;
- ’n Beperkte aantal deelnemers word gebruik om die inligting te versamel;
- Soveel as moontlik tipes data, wat mekaar komplementeer, moet versamel word; en
- byvoorbeeld onderhoude, waarneming, dokumente en oudio-visuele materiaal.

4.4.4 Doelgerigte steekproefneming

Die deelnemers in hierdie studie is gekies volgens die doelgerigte steekproefneming (“purposive sampling”). Volgens Joubert et al. (2016:104) word die doelgerigte steekproefneming gedoen met ’n bepaalde doel om die mees inligtingsryke gevalle of elemente by die studie te betrek. Volgens Du Plooy (2011:123) word die navorser in doelgerigte steekproefneming toegelaat om sy eie deelnemers vir die steekproef te kies omdat die navorser oor kennis beskik van die teikengroep.

Die 10 persone wat vir die studie geselekteer is, is almal Afrikaanse joernaliste by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*. Netwerk24 is die grootste aanlyn digitale nuusdiens in Afrikaans, terwyl *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* die drie daaglikse hoofstroom Afrikaanse koerante binne die Media24-stal is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Spesifieke kriteria is ook deur die navorser vir sy steekproefeneming daargestel: net joernaliste wat voltyds indiens is van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* en ’n minimum van meer as 12 maande ervaring het, is genader vir die onderhoude.

Die oogmerk van ’n doelgerigte steekproefneming is om na die oordeel van die navorser, die mees inligtingsryke gevalle of elemente vir die doel van die studie te betrek (Lombard, 2016:95). Doelgerigte steekproefneming word ook soms kriteria-gerigte steekproefneming genoem. In hierdie navorsing was die kriteria duidelik uiteengesit: Afrikaanssprekende joernaliste met ’n minimum van 12 maande ervaring wat by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* werksaam is en wat die funksie van hekwagters verrig.

Hoewel daar met tien respondente in hierdie studie onderhoude gevoer is, wys Lombard (2016) daarop dat die keuse van ’n relatief klein proporsie van die toeganglike populasie as verteenwoordigend van daardie populasie gesien kan word omdat heelwat tyd, geld en moeite bespaar word om die respondente te selekteer. Lombard (2016) argumenteer die navorsing kan ook met groot sekerheid na die toeganklike populasie veralgemeen word omdat die waarskynlikheid bestaan dat alle geselekteerde respondente of elemente wat vir insluiting oorweeg word, in die reël met doelgerigte-steekproefneming in kwantitatiewe navorsing geassosieer word. Die vrae aan die respondente in hierdie studie het onder meer hekwagterskap, etiese kwessies, joernalistieke ervaring en bedreigings van fopnuus ingesluit (Sien Addendum B)

Die data wat uit die semi-gestruktureerde onderhoude verkry is, is as geheel bestudeer voordat dit gekategoriseer is om ooreenkomste en teenstrydighede te identifiseer. Hierdie analise van data het die navorser in staat gestel om tot ’n gevolgtrekking te kom en moontlike aanbevelings te maak rakende hoe fopnuus by genoemde publikasies verhoed kan word.

4.4.4 Semi-gestruktureerde onderhoude

Nieuwenhuis (2014:87) beskryf semi-gestruktureerde onderhoude as ’n gesprek waar die onderhoudvoerder vir die respondent vrae stel om inligting te versamel en om ’n idee te kry van deelnemers se idees, oortuigings, opinies en gedrag. Die doel van ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderhoud is dus om die wêreld deur die oë van die deelnemer te sien (Nieuwenhuis, 2014:87).

Volgens Babbie (2010:318) is kwalitatiewe onderhoude veronderstel om ’n interaksie tussen die navorser en die deelnemer te wees en waar die navorser ’n algemene riglyn volg wat insluit watter onderwerpe bespreek sal word. Greeff (2011:292) sowel as Brennen (2013:28) beklemtoon hierdie punt en definieer semi-gestruktureerde onderhoude as onderhoude wat georganiseer word rondom spesifieke areas of temas, maar steeds redelik buigsaam is. Brennen noem dat juis weens die buigsaamheid, stel dit die navorser in staat om enige tyd tydens die onderhoud opvolgvrae te vra. Deur opvolgvrae te vra, stel dit die navorser in staat om ’n vollediger beeld te kry van interessante gesprekspunte wat mag opduik tydens die onderhoud (Greef, 2011:351).

By semi-gestruktureerde onderhoude word van die veronderstelling uitgegaan dat die deelnemers ’n grondige kennis het van die onderwerp waaroor die studie handel en dus kan die deelnemers maklik en spontaan antwoord (Engelbrecht, 2016:113). Hierdie tipe onderhoude is ook aanpasbaar en laat die navorser toe om die vrae aan te pas, indien groter duidelikheid vereis word, of om ’n nuwe rigting in te slaan met die vraagstelling, indien dit by ’n spesifieke vraag na vore kom (Fowler, 2008:103; Du Plooy, 2011:198).

Hierdie navorser se kennis oor semi-gestruktureerde onderhoude was gebaseer op die idees van Joubert et al. (2016, 9:26), wat soos volg opgesom kan word: Die deelnemer (“interviewee”) is nou betrokke by die rigting waarin die onderhoud gaan, en kan selfs onderwerpe voorstel waaraan die navorser nie gedink het nie. In hierdie verhouding kan die deelnemer beskou word as die kenner oor die onderwerp wat bespreek word, en moet daarom toegelaat word om sy/haar storie te vertel. Die vrae in hierdie metode is byna altyd oop (Joubert et al., 2016). Een van die voordele van semi-gestruktureerde onderhoudvoering is dat daar buigsaamheid is omdat navorsers vrae kan herhaal en byvoeg wanneer hulle nie seker is of die deelnemer die vrae reg beantwoord het nie (Fowler, 2008:103).

In hierdie studie is gesteun op individuele onderhoude met sleutelrolspelers wat kennis oor hekwagterskap het by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*, of die rolle van hekwagters vertolk. Die semi-gestruktureerde onderhoude wat in hierdie studie met drie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

redakteurs, drie inhoudsbestuurders en vier joernaliste van Netwerk24 gevoer is, het geskied volgens bepaalde prosedures, ook binne die etiese riglyne van die Universiteit Stellenbosch, soos onder uitgebrei sal word.

Die navorser het persoonlik met die respondente die onderhoude gevoer. Hoewel daar ’n spesifieke vraelys was (Addendum B), het die navorser soms van die vrae afgewyk en deur interaksie en gesprekvoering die mees omvangryke inligting bekom.

Die deelnemers aan hierdie studie is in verskillende sentra van die land gebaseer en dit het vir die navorser dit moeilik gemaak om in-persoon onderhoude met al die respondente te doen weens werksdruk en finansies. Daar is wel met sewe van die deelnemers in-persoon onderhoude gedoen, terwyl vrae per e-pos aan drie respondente – twee in Bloemfontein en een in Johannesburg – gestuur is om die vrae te beantwoord. Die navorser het ook opvolg-antwoorde per e-pos aan die deelnemers gevra.

In Kaapstad is ’n konferensiekamer vir die navorser beskikbaar gestel om die onderhoude te doen nadat skriftelike toestemming verkry is van die redakteurs van Netwerk24 en *Die Burger*. Toestemming is ook van al die respondente verkry en die navorser het beklemtoon dat hulle vrywilliglik aan die studie deelneem en daarom ter enige tyd aan die studie kan onttrek. Die navorser het ook aan die joernaliste verduidelik dat indien hulle dit sou verkies, hulle die opsie het om anoniem te bly. Al die respondente het egter aangedui dat hulle wel onder hul eie naam op rekord sal gaan en aan die studie sal deelneem (Addendum C).

’n Ondertekende afskrif van die toestemmingsvorm van die Universiteit Stellenbosch is aan die joernaliste oorhandig, en hulle kon ook te enige tyd die navorser se studieleier of die navorser self kontak indien daar enige verwarring of onduidelikhede is.

4.4.5 Keuse van deelnemers in gevallestudie

Deelnemers aan hierdie studie is almal óf by die insameling óf redigering van berigte betrokke. Soos in 4.4.3 uitgewys, is onderhoude gevoer met twee redakteurs, drie inhoudsbestuurders, ’n bylae-redakteur en vier joernaliste.

Hulle was:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*;
- Zigi Ekron, inhoudsbestuurder, *Die Burger* (Oos-Kaap);
- Vernon Janse van Rensburg, inhoudsbestuurder van *Beeld*;
- Willem Jordaan, redakteur van *Die Burger*;
- Carla Lewis, ’n senior joernalis van *Beeld*;
- Petrus Malherbe, ’n sake-joernalis by Netwerk24;
- Malherbe Nienaber, ’n joernalis by Netwerk24;
- Christo van Staden, inhoudsbestuurder van *Volksblad*;
- Ané van Zyl, ’n joernalis by Netwerk24; en
- Malani Venter, ’n bylae-redakteur van *Die Burger*.

Van die sleutelfunksies van ’n redakteur by Media24 (2019) sluit onder meer in dat ’n redakteur moet voldoen aan die gehalte-, styl- en inhoudstandaarde, voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Perskode; en hy of sy monitor, publiseer, handhaaf en dwing die etiese gedragskode af (Sien Addendum D). In die werksbeskrywing van ’n inhoudsbestuurder (Addendum E) word pertinent uitgewys dat een van die primêre take is om spelling en grammatika te korrigeer en seker te maak dat alle feite korrek is, terwyl die uitsette in die rol van herskrywers en joernaliste by Media24 (2019) onder meer insluit om te voldoen aan die gehalte-, styl- en inhoudstandaarde, soos uiteengesit deur die betrokke publikasie (Sien Addenda F en G). Die gemene deler in die werksbeskrywing van die redakteur, inhoudsbestuurder en joernalis is dat daar voldoen moet word aan vereistes van die Suid-Afrikaanse Perskode, wat ’n primêre funksie is van hekwagters in Suid-Afrika (Media24).

4.5 Data-analise

Volgens Mouton (2013:161) is die doel van data-analise om die verskillende elemente van die data te verstaan deur middel van inspeksie van die verbande tussen die onderskeie konsepte, konstrukte en veranderlikes. Deur dit te doen, kan moontlike patrone en neigings uitgelig of geïsoleer word. Data-analise kan ook beskryf word as die proses om struktuur, orde en betekenis aan die versamelde data te bring ten einde sin te maak van die tipies data, en om ’n dieper begrip te ontwikkel om sodoende uiteindelik gevolgtrekkings te kan maak (Fouché & Delport, 2002:91).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die onderhoude met die respondente is op die navorser se selfoon digitaal opgeneem. Tydens die onderhoude het hierdie navorser ook notas geneem en kantaantekeninge gemaak van moontlike opvolgvrae indien die navorser onseker was wat die deelnemers se antwoord op ’n spesifieke vraag is. Die respondente is later deur die navorser gekontak indien daar onsekerhede of onduidelikhede was. Dit stem ooreen met Wimmer en Dominick (1991:116) asook Nieuwenhuis (2014:87) se waarneming dat semi-gestruktueerde onderhoude juis vir die navorser die ruimte bied om opvolgvrae te vra om sodoende ’n breër prentjie te kry.

Ná die sewe onderhoude gedoen is, het die navorser dit verbatim getranskribeer vir data-analise. Dit sluit aan by Schurink, Fouché en De Vos (2011:402) se voorstel dat die data wat opgeneem is, in detail deur die navorser behoort getranskribeer te word. Schurink et al. (2011) noem dat afhangend van die navorsingsvrae en -ontwerp, is ’n verbatim-transkribsie van opnames somtyds ook nodig sodat sleutelaspekte in die onderhoud beklemtoon en uitgelig kan word.

Die navorser het gevolglik die sewe transkripsies asook die drie e-pos onderhoude uitgedruk om ooreenkomste te identifiseer. Die navorser het met verskillende kleure glimpenne aandag op sekere dele van die teks gevestig. Dit het die navorser in staat gestel om die data as ’n geheel te evalueer, te kategoriseer en temas te identifiseer. Die data is daarna op ’n excel-dokument ingevoer en die hooftemas en sub-temas kon deur hierdie proses geïdentifiseer word. Die spesifieke temas en subtemas word in die volgende hoofstuk breedvoerig uiteengesit en bespreek.

Die navorser het die data ontleed deur dit deur middel van kodering in temas te sorteer. Al die data wat onder die spesifieke tema geval het, is onder die betrokke tema ingedeel, met ander woorde, al die toepaslike data wat onder die spesifiekes temas pas, is gekodeer.

Babbie (2010:400) sê ten einde sin te maak van data, moet die navorser die data kodeer. Kodering verwys na die klassifisering of kategorisering van indivuele stukke data deur ’n “terugwinningstelsel” te gebruik (Mokwena, 2018:64). “As al jou notas volgens onderwerp gekatalogiseer is, sal dit maklik wees om dít wat jy nodig het, te herwin. As

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n eenvoudige formaat vir kodering en terugwinning het jy moontlik ’n stel lêers geskep wat onder verskillende onderwerpe gemerk is,” sê Babbie (2010:400; vertaal).

White (2005:256) voeg by dat die toepaslike inligting in frases of sinne wat ’n enkele, spesifieke gedagte weergee, afgebreek moet word. Daarbenewens sê Schurink et al. (2011:402) navorsers moet die betekenis van woorde wat deur deelnemers gebruik word, krities beoordeel deur aandagtig te let op die keuse van woorde en frases.

4.6 Geloofwaardigheid

Die beskrywing van die geloofwaardigheid van ’n ondersoek is in ’n sekere mate ’n vorm van gehaltebeheer. Dit bewys dat die ondersoek op so ’n wyse gedoen is dat die uitslae vertrou kan word en dit moontlik kan bydra tot die bestaande kennis oor ’n onderwerp. Geloofwaardigheid neem ook in ag dat daar nie ’n enkele of finale waarheid is nie, omdat navorsers verskillend na die wêreld, die realiteit en kennis kyk (Seale, 1999:45).

4.7 Etiese klaring

Navorsing berus op onderlinge respek, vertroue, beskerming, samewerking, beloftes en aanvaarbare ooreenkomste en verwagtinge tussen al die partye wat aan die navorsingsprojek deelneem (Joubert et al., 2016:40). Blaxter, Hughes en Tight (2006:158) wys daarop dat etiese kwessies vermoedelik meer voorkom met kwalitatiewe navorsingsbenaderings, aangesien die navorser en die deelnemers in noue verhouding verkeer. Etiese dilemmas is ter sprake veral wanneer botsing van belange ter sprake kom (Blaxter et al., 2006:159). ’n Voorbeeld sou wees wanneer ’n deelnemer vra dat sekere inligting teruggehou word uit die finale navorsingsverslag, hoewel die navorser sal betoog dat van die inligting moontlik die bevindings kan versterk. In só ’n geval, volgens Blaxter et al. (2006:160), behoort die navorser ’n werkbare oplossing te vind met die deelnemers aan die studie.

Tydens my aanvanklike ontmoeting met die deelnemers aan die studie het dié navorser verduidelik dat deelname aan die studie vrywillig is en dat elke deelnemer ’n toestemmingsbrief sal onderteken om hul bereidwilligheid om deel te neem aan die studie te verklaar (Addendum G). Verder is dit aan die deelnemers duidelik gemaak dat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle te enige tyd op enige stadium van die studie kan onttrek. Etiese klaring is ook verkry van die Universiteit Stellenbosch se Etiek-komiteevoeg (Addendum H).

Een van die belangrikste kenmerke van etiese navorsing is om die deelnemer te verseker van vertroulikheid, asook anonimiteit, indien die deelnemer dit verkies. "Vertroulikheid impliseer dat die navorser alle rekords en identiteite van deelnemers konfidensieel sal hou" (Steyn, 2009:90). Die beskerming van die individue se reg tot privaatheid was ŉ groot oorweging vir die studie, en die navorser het die belange van die deelnemers vooropgestel en het hulle die keuse gebied of hulle anoniem wou bly. Al die respondente in hierdie studie het aangebied om geïdentifiseer te word.

Cohen et al. (2007:409) wys daarop dat deelnemers se privaatheid moontlik in gedrang kan kom indien die navorser individue bloot gebruik ten einde ŉ navorsingsdoelwit te bereik, sonder om die individu as mens in ag te neem. Die navorser het in elke stap van die navorsing die deelnemers se privaatheid gerespekteer.

4.8 Samevatting

Hierdie hoofstuk het gefokus op die uiteensetting van die navorsingsontwerp en metodologie. Hierdie studie het gebruik gemaak van die kwalitatiewe navorsingsontwerp en vervolgens is kwalitatiewe navorsing bespreek. Die navorser het van verskeie bronne gebruik gemaak om te verduidelik hoe kwalitatiewe navorsing vir navorsers in staat stel om die wêreld uit die deelnemers se perspektief te sien. Die navorser het van semi-gestruktueerde onderhoude gebruik gemaak. Semi-gestruktureerde onderhoude is in detail bespreek en het ook die navorser in staat gestel om opvolgvrae aan die deelnemers te stel. In hierdie hoofstuk het die navorser ook verduidelik hoe hy die data getranskribeer, gekodeer, en volgens die spesifieke temas ingedeel het. In Hoofstuk 5 sal die navorser fokus op die navorsingsbevindinge sowel as die opmerkings en aanbevelings.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Bespreking van bevindinge

5.1 Inleiding

Soos in hoofstuk 4 uitgewys en bespreek, is ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering in hierdie studie gevolg. Semi-gestruktueerde onderhoude is met die deelnemers gevoer ten einde die navorsingsvraag te beantwoord.

Verskeie temas is tydens die onderhoude uitgelig rakende die hantering van fopnuus by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*. Die vrae wat in die semi-gestruktureerde vraelys (sien Addendum E) vervat is, sluit in:

- wat is die algemene probleme wat hekwagters ondervind om fopnuus te keer;
- die verskillende hekwagters by genoemde instansies;
- watter tipe opleiding joernaliste nodig het om fopnuus te identifiseer; en
- watter etiese kode of raamwerk die deelnemer volg wanneer hy of sy gekonfronteer word met die kwessie van fopnuus.

Om die invloed van fopnuus te bepaal en die moontlike bedreigings wat dit vir bovermelde instansies kan inhou, is vrae ook gestel of wetgewing teen fopnuus ingestel moet word. Die navorser het deurentyd daarop gefokus om vas te stel wat die deelnemers as hul belangrikste doelwit beskou om te verseker dat fopnuus in hul beriggewing afwesig is. Ten einde die rol van hekwagters vas te stel, het die navorser ook vrae gevra oor die betroubaarheid van bronne en die persepsie van alternatiewe stemme op sosialenuusplatforms. Die volledige vraelys is aangeheg as Addendum E.

Om die data te ontleed, het die navorser gebruik gemaak van tematiese analise. Engelbrecht (2016:120) skryf tematiese analise kan beskou word as ’n instrument, eerder as ’n spesifieke metode of benadering. Engelbrecht voer voorts aan die ontledingseenhede in ’n tematiese analise is ’n stuk teks wat oor ’n bepaalde onderwerp handel. Dit beteken dat eenhede in tematiese analise (ongeag hul lengte en genre) semanties (volgens betekenis) gedefinieer word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens Engelbrecht word ’n sikliese proses van data-analise voorgestaan, wat beteken dat daar konstant heen-en-weer tussen die data en die analise daarvan beweeg word, asook tussen data, konsepte en teorieë in die literatuurstudie. Die data word in hanteerbare eenhede afgebreek, byvoorbeeld patrone, temas, tendense en verhoudings.

Die stappe in die tematiese analise, soos uiteengesit deur Engelbrecht (2016:121), is gevolg, naamlik:

- bekend raak met data;
- skep van aanvanklike kodes;
- soek na temas;
- hersien temas;
- verfyn en benoem temas; en laastens,
- lewer verslag.

Soos bespreek in die vorige hoofstuk, het die navorser bekend geraak met die data toe die antwoorde getranskribeer is. In die transkribering-proses is interessante kenmerke van die data gekodeer en die kodes is in temas verbind deur die ooreenkomste met verskillende kleure te merk, totdat daar uiteindelik temas ontwikkel is.

5.2 Bevindinge van semi-gestruktureerde onderhoude

Tydens die kodering en ontleding van die 10 onderhoude wat met Afrikaanse joernaliste by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* gevoer is, het die navorser die volgende vier breë temas geïdentifiseer:

- Tema 1: Faktore en bedreigings wat bydra tot die gevaar van fopnuus
- Tema 2: Eksterne en interne regulering en prosesse om fopnuus te bekamp
- Tema 3: Die rol van die hekwagter
- Tema 4: Die identifisering van hekwagters.

Die data wat gedurende die onderhoude ingesamel is, word vervolgens na aanleiding van hierdie vier temas aangebied.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.1 Tema 1: Faktore en bedreigings wat bydra tot die gevaar van fopnuus

In die data wat ingesamel is, het die deelnemers verskeie risikofaktore uitgewys wat kan bydra tot die gevaar dat fopnuus deur die nuusfilters en hekwagters by die bovermelde publikasies kan deurglip. Van die redes wat gegee is, is:

- ’n gebrek aan tyd;
- gebrek aan joernalistieke ervaring; en
- die diversiteit van mediaplatforms.

Hierdie drie faktore word in die subafdelings aangebied en bespreek.

5.2.1.1 Tyd

Die meeste van die deelnemers was dit eens dat die tydsfaktor ’n belangrike rol speel in die nuusvloei. Veral met die koms van digitale nuusplatforms het die dinamiek van nuuskantore onherroeplik verander omdat joernaliste nou teen ’n frenetiese pas berigte moet skryf.

Petrus Malherbe, ’n sakejoernalis by Netwerk24 in Kaapstad, is van mening dat daar ’n “opmerklike gejaagdheid” by Netwerk24-joernaliste is om berigte betyds gepubliseer te kry omdat die aantal klikke (“click-baits”) belangriker geword het as om seker te maak van die feite in berigte (Malherbe, 2019).

Malherbe se siening word gesteun deur Vernon Janse van Rensburg, eindredakteur van *Beeld* (Janse van Rensburg, 2019). Janse van Rensburg noem in sy respons dat hekwagters ’n daaglikse stryd voer om te verhoed dat fopnuus die nuusstelsels binnedring. Volgens Janse van Rensburg is ’n gebrek aan tyd een van die grootste uitdagings vir hekwagters, want weens spertye is dit moeilik om te identifiseer of ’n storie wel elemente van fopnuus bevat.

Janse van Rensburg sê weens ’n hoë werklading is dit onmoontlik om elke berig onafhanklik te verifieer en te soek vir die aanwesigheid van spore van fopnuus. Volgens Janse van Rensburg het hy empatie met joernaliste omdat hulle onder druk van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nuusredakteurs en senior redaksielede is om ’n sekere aantal berigte te lewer vir die verskillende nuusplatforms.

Ook Carla Lewis (2019), senior joernalis by *Beeld*, noem daar is tans ’n sterk klem by joernaliste om die storie eerste in die openbare domein te plaas, maar in die “koorsagtige gejaag duik die feite in die hek”.

Ané van Zyl (2019), ’n joernalis by Netwerk24 in Kaapstad, wys daarop dat beperkte hulpbronne en tydsdruk ook grootliks daartoe bydra dat fopnuus ’n vastrapplek in nuuskantore kry. Volgens Van Zyl is daar soms nie tyd vir joernaliste om na ’n toneel te gaan om van aangesig tot aangesig met die betrokke partye te praat nie. Die gevolg is dat joernaliste aangewese is op sekondêre bronne wat nie noodwendig altyd betroubaar en geloofwaardig is nie. Van Zyl betoog dat sekondêre bronne of enkelbronne in stryd is met die algemene joernalistieke norme en waardes wat bepaal dat alle partye billike geleentheid gegun moet word om kommentaar te lewer.

Weens ’n gebrek aan tyd noem Van Zyl dat onderhoude dikwels telefonies gedoen word met ’n enkelbron, wat kan beteken dat verkeerde feite gepubliseer word of dat stellings eensydig gerapporteer word. Volgens Van Zyl laat beperkte tyd nie altyd die joernalis toe om verdere bronne te bel of dieper in ’n kwessie te delf nie. Die rimpel-effek, volgens Van Zyl, is dat daar ’n gebrek aan diepte in berigte is en dat in die rapportering daarvan selfs feitefoute gemaak word.

Christo van Staden, eindredakteur van *Volksblad*, meen egter dit bly die verantwoordelikheid van die joernalis om die eerste keerwal teen fopnuus te vorm. Volgens Van Staden is herskrywers en eindredakteurs geneig om te aanvaar dat joernaliste, hetsy plaaslik, nasionaal of internasionaal, hul werk deeglik gedoen het en seker gemaak het hul berigte is volkome geloofwaardig. Hy sê:

> [i]n die praktyk gebeur dit eintlik min dat fopnuus deurglip. Die probleem is wanneer nuus op spertyd breek, en daar min tyd is om dit deeglik te verifieer. Nóg ’n uitdaging in die nuuskantore is die traagheid van veral regeringswoordvoerders om binne ’n billike tyd terug te kom om inligting te verifieer. Die gevolg is dat fopnuus al

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> gepubliseer is met die gebruiklike onderaan: Die woordvoerder van die departement was nie beskikbaar om kommentaar te lewer nie, of het teen druktyd nog nie kommentaar op navrae gelewer nie (Van Staden, 2019).

Die nuusmedia, volgens Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*, bestaan egter uit "feilbare mense wat in die dolle gejaag teen spertye foute kan begaan". Volgens Coetzee is die toetssteen of koerante daarna stréef om billik in hul weergawe van die feite en kommentaar te wees. Volgens Coetzee behoort 'n nuusinstelling se geloofwaardigheid en onafhanklikheid ononderhandelbaar te wees. Hy meen:

> Maar sonder Deep Throat was Watergate ongedaan. Die uitdaging is om die geloofwaardigheid van die bron deeglik na albei kante toe te toets. Daarvoor kan nie net gepraat word met diegene wat die weergawe staaf nie (Coetzee, 2019).

5.2.1.2 Ervaring

Een van die belangrikste kwessies wat drukmedia in die gesig staar, is die "kommersiële gevaar", wat insluit afdankings, krimping van nuuskantore en die verjonging van nuuskantore of die sogenaamde "juniorisation of the newsroom" (De Waal 2007; Hadland, 2015:68; Daniels, 2018). Verskeie respondente het uitgewys dat die gebrek aan ervaring van joernaliste by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* kan bydra tot fopnuus.

Zigi Ekron, inhoudsbestuurder van *Die Burger* (Oos-Kaap), beaam dat afleggings van 'n aantal senior joernaliste in nuusredaksies 'n wêreldwye tendens is wat lei tot hoë personeelomsette. Volgens Ekron (2019) is daar gevolglik 'n gebrek aan institusionele geheue en ervaring wat moet dien as 'n eerste, instinktiewe verweer teen fopnuus. Weens die gebrek aan ervaring by joernaliste het dit 'n direkte invloed dat die gehalte van nuus ingeboet word.

Van Zyl stem saam met Ekron en beskou ervaring as 'n kardinale onderbou in 'n nuuskantoor. Van Zyl se standpunt is dat hoewel ervaring in nuuskantore nie iets is wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oornag aangeleer kan word nie, help ervaring joernaliste nie net om te onderskei tussen betroubare en onbetroubare inligting nie, maar ook om vas te stel of die inligting met bepaalde agendas of verwagtinge aan die joernalis verskaf is.

Lewis is ook in konsensus met Van Zyl en gee toe dat ervaring in die nuuskantoor van groot waarde is omdat die jonger generasie joernaliste nie altyd kan onderskei tussen ware feite en fopnuus nie. Volgens haar is:

> joernaliste nie altyd so ervare om snuf in die neus oor sekere feite te kry nie. Omdat hulle ook op verskillende "beats" (spesialisvelde) terselfdertyd werk, het hulle ook nie altyd in-diepte kennis van 'n spesifieke "beat" nie. Ek sien dit gebeur dikwels wanneer jonger joernaliste op uitdagende "beats" moet werk as 'n ervare politieke joernalis byvoorbeeld siek of met verlof is (Lewis, 2019).

5.2.1.3 Diversiteit van nuusplatforms

Soos bespreek in hoofstuk 1 het die ongekende groei van sosialemedianetwerke 'n beduidende invloed op die werkswyse vir joernaliste in die drukmedia gesorg. Ondanks joernaliste se aanvanklike bedenkinge oor die geloofwaardigheid van inligting wat op sosialemedianetwerke versprei word, het joernaliste wêreldwyd geleidelik begin om sosiale media as professionele hulpmiddels te aanvaar.

Die oorgrote meerderheid van die respondente het hul kommer uitgespreek oor die skade wat nie-professionele en onbekwame joernaliste aan die beeld van hul beroep doen. Die sterkste uitspraak het van Malani Venter, bylae-redakteur van *Die Burger*, gekom.

Venter (2019) noem dat met 'n groot aantal sosialemediaplatforms beskikbaar, kan enigeen hom/haar as 'n joernalis beskou, iets wat die joernalistiekberoep onherroeplike skade aandoen. Venter meen mense is wêreldwyd nie meer net bloot passiewe omstanders wat net na die nuus kyk terwyl dit gebeur nie, maar het in werklikheid ook nou aktiewe deelnemers in die nuusketting geword. Volgens Venter word hierdie "kwasi-joernaliste" dikwels sélf deel van die nuus deurdat hulle self gebeure verfilm of

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stories publiseer en dit dadelik op sosialemediaplatforms laai en dit "na hartelus" versprei.

Malherbe Nienaber, 'n joernalis by Netwerk24 in Kaapstad, steun Venter se siening hieroor en lig die gebrek aan mediageletterdheid onder die publiek uit. Vir Nienaber is dit steeds belangrik dat selfs professionele joernaliste die betroubaarheid van webwerwe, bronne en selfs mededingende publikasies deurentyd onder die joernalistieke vergrootglas moet plaas.

Volgens Nienaber gebruik ál hoe meer mense sosialemediaplatforms om nuus te skep, maar dit bly steeds een van die belangrikste pligte van professionele joernaliste om die ware feite vas te stel. Volgens hom het sosialemediaplatforms

> die geneigdheid om net die een kant van 'n saak te stel. Ons moet aanvaar dat sosialenuusplatforms nou onlosmaaklik deel van die media-omgewing geword het en kan ongelukkig nie weggewens word nie. Maar ons, as professionele joernaliste, moet daarteen waak om onwetende draers van fopnuus te word deur alles te glo wat op sosialenuusplatforms geplaas word (Nienaber, 2019).

Volgens Ekron skep die oorvloed sosialenuusplatforms ook 'n behoefte aan 'n konstante stroom van "vars" berigte, maar die tempo waarteen hierdie beriggewing gedoen moet word, laat min ruimte vir behoorlike verifiëring van feite en die keuring van berigte.

> Die nuus versprei blitsvinnig op sosialenuusplatforms, wat die geloofwaardigheid daarvan laat toeneem. Mense glo omdat dit op sosialenuusplatforms aangebied is en gereproduseer word deur selfs professionele joernaliste, dit noodwendig die waarheid is (Ekron, 2019).

Van Zyl noem dat dit nie altyd maklik is om fopnuus te identifiseer op sosialenuusplatforms nie omdat dit baie keer vermom is as die waarheid. Volgens Van Zyl word fopnuus op sosialenuusplatforms as geloofwaardig aangebied, terwyl dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eintlik vals nuus is. Van Zyl noem dit is veral opmerklik wanneer lede van die publiek self die outeurs van sodanige berigte is en dit op sosialenuusplatforms plaas. Sy meen voorts:

> Hoewel baie inligting op sosialemediaplatforms betroubaar is, is ’n groot hoeveelheid daarvan ook vals inligting. Wanneer daar nie baie inligting beskikbaar is oor ’n nuusgebeurtenis behalwe plasings op sosiale media nie, is dit moeilik om te besluit wie en wat om te glo, en watter leidrade om op te volg (Van Zyl, 2019).

Janse van Rensburg (2019) waarsku egter dat daar nie genoeg onderskeid tussen fopnuus en net blote foutiewe inligting getref word nie. Janse van Rensburg noem sodra sekere feite in ’n berig verkeerd bewys word, bestaan die gevaar dat die hele berig summier as fopnuus geklassifiseer word terwyl dit nie noodwendig altyd die geval is nie. Hy meen: “Daar is moontlik waarheid in die basis van die storie, maar die verdere inligting moet dalk gekorrigeer word. Een of twee feitefoute maak nie noodwendig ’n berig fopnuus nie.”

Willem Jordaan, redakteur van *Die Burger*, noem dat fopnuus so oud soos die joernalistiek self is. Jordaan noem dat voor fopnuus in die digitale era algemeen geraak het, het dit dikwels gebeur dat van *Die Burger* se mededingers feitefoute sou maak. *Die Burger* se redaksie het dit in die meeste van dié gevalle nie as hulle taak beskou om in eie beriggewing dié foute uit te wys en/of reg te stel nie (Jordaan, 2019).

Jordaan voer aan fopnuus het dit alles verander, omdat dit in baie gevalle so ’n wydlopende impak het en só gevaarlik kan wees dat dit deel van die hoofstroom-media se taak geword het om wel fopnuus aan lesers uit te wys, en in daardie sin “ander se gemors op te vee”.

Volgens Jordaan sou ’n mens kon redeneer dat die media toenemend die openbare verantwoordelikheid het om die publiek teen fopnuus te beskerm. Hy meen:

> Fopnuus is as konsep nou stewig ingebed in die volksmond. Dit lyk asof daar in sekere kringe die suspisie posgevat het dat selfs die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> hoofstroommedia op die een of ander manier ’n agenda dryf deur die verspreiding van fopnuus. Enige vorm van slordige joernalistiek het die potensiaal om dié persepsie te laat verstewig (Jordaan, 2019).

5.2.2 Tema 2: Eksterne en interne regulering/prosesse om fopnuus te bekamp

Uit die data wat ingesamel is, het die deelnemers verskeie kwessies uitgelig wat in noue verband staan met eksterne en interne regulering om fopnuus by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* te bekamp. Die subtemas wat belig word, is:

- kritiese denke van joernaliste;
- betroubaarheid van bronne; en
- wetgewing en fopnuus.

5.2.2.1 Kritiese denke van joernaliste

Al die deelnemers aan die studie het sterk menings gehad oor die kritiese denke van joernaliste. Deelnemers het beklemtoon dat om getrou te wees aan betroubare en etiese beriggewing, behoort joernaliste krities ingestel te wees.

Jordaan noem dis van kritieke belang dat alle joernaliste die gewoonte moet aankweek om wyd te lees. Volgens Jordaan word wyd belese joernaliste moeiliker om die bos gelei. Jordaan noem dat die sterkste bolwerk teen fopnuus die getroue navolging van die “ou beginsels van goeie joernalistiek soos akkuraatheid, regverdigheid, gebalanseerdheid” is. Volgens Jordaan word daar dalk te min in nuuskantore gedoen om hierdie beginsels voortdurend by joernaliste en inhoudsbestuurders in te skerp. Hy meen voorts:

> Daar moet belê word in joernaliste deur hulle te stuur na die puik kursusse wat instellings soos die Institute for the Advancement of Journalism aanbied. Te midde van nuuskantore wat regoor die wêreld hul begrotings tot op die been sny, is daar die gevaar dat dié soort belegging nie meer gedoen word nie. Nuusbestuurders moet ook op hoogte wees van die beste joernalistieke “checklists” in die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> bedryf (soos dié van die Poynter-instituut) en seker maak dat joernaliste en almal in ’n hekwagtersposisie dit gebruik (Jordaan, 2019).

Jordaan se argument oor kritiese denke vind resonansie in Van Zyl se kommentaar dat algemene kennis in tandem met ervaring ’n onontbeerlike bate is in die mondering van enige joernalis. Sy meen iemand “wat baie lees oor verskeie onderwerpe sal moontlik vrae kan vra, name kan herken of plekke kan identifiseer wat ander nie kan doen nie en sal nie maklik in die slaggat van fopnuus trap nie”.

Ook Nienaber is dit eens met Jordaan en Van Zyl en beklemtoon dit dat joernaliste moet leer om krities met hul bronne, inligting en hul eie denk- en skryfwyse om te gaan in die strewe na akkuraatheid, gehalte en vernuwing.

Lewis sowel as Venter lewer egter ’n pleidooi dat joernaliste reeds by tersiêre instellings opgelei moet word wanneer dit by kritiese denke kom. Sy meen:

> Iets wat ek in die nuuskantoor soms sien, is dat “common sense” en kritiese denke soms nie altyd seëvier nie. Ek dink veral jong joernaliste moet opgelei word (selfs jong mense) om nuus deur ’n meer kritiese lens te bekyk. Basies, wie sê dit, hoekom sê hulle dit, wat kan hulle daarby baat? (Venter, 2019).

Malherbe (2019) verwys ook na die “common-sense” wat joernaliste behoort te hê:

> Joernaliste behoort hul “common sense” te kan gebruik as iets te goed klink om waar te wees. Joernaliste behoort onafhanklike navorsing te kan doen en te weet hoe om uit te vind of ’n storie waar of vals is (byvoorbeeld die betrokke partye te kontak). Wat my pla: Daar is nog te veel joernaliste wat afhanklik is van bronne op sosiale media (Malherbe, 2019).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Venter noem dat aspirant-joernaliste by universiteite geskool behoort te word hoe om fopnuus te identifiseer asook die gevare daarvan, maar Venter noem sy is nie oortuig of teoretiese kennis oor fopnuus alleen genoeg is om toekomstige joernaliste vir die werklikheid voor te berei nie. Sy meen:

> Ja, dit moet op tersiêre vlak al by elke joernalistieke student ingeprent word hoe, of eerder, om bewus te wees [en] om op die uitkyk vir fopnuus te wees. Maar ek is nie aldag seker of dit iets is wat geleer kan word nie. Jy moet ’n nuussin hê, met insig lees, en alles kan bevraagteken (Venter, 2019).

Volgens Ekron behoort joernalistieke opleidingsinstansies groter klem te lê daarop om studente te leer om behoorlike inhoud te skep. Ekron noem dit wil voorkom asof die platforms en metodes waarop nuus versprei word, tans meer op die voorgrond is. Ekron is van mening dit sal onmoontlik wees om ’n onfeilbare metode of tegniek te formuleer om voor te hou teen fopnuus, maar ’n basiese kursus met hulpbronne om feite te bevestig, sou as eerste stap voldoende wees.

Nienaber noem dit is belangrik dat jonger joernaliste benewens goeie basiese rekenaarvaardighede, ook opgevoed word oor die rol van die internet en die doeltreffende gebruik van sosiale media. Nienaber sê dit is noodsaaklik dat veral jonger joernaliste Google-soektogte moet kan uitvoer om te help om fopnuus na te speur. Hy meen:

> Met ’n eenvoudige Google-soektog kan mediaverklarings, dokumente, woordvoerders, lede van die publiek en die bronne van ander berigte gewoonlik opgespoor word. Dit kan nie net teoretiese opleiding behels nie, maar praktiese vaardighede wat aangeleer word, tesame met die gewone joernalistiekpraktyk, vir die bevestiging en nagaan van inligting (Nienaber, 2019).

Ekron beveel ook aan dat jong joernaliste aangemoedig moet word om meer krities te staan teenoor hul eie beriggewing. Ekron gee toe dit is moeilik om bepaalde meganismes in plek te stel om ’n buffer teen fopnuus te vorm. Hy sê:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Dis moeilik om ’n “one size fits all”-antwoord te gee. Dit gaan afhang van die organisasie en selfs van die betrokke berig. Die antwoord lê waarskynlik nie by die instel van ’n werksprosedure of “meganisme” nie, maar eerder by die herbesin van die kultuur van die nuuskantoor. ’n Nuuskantoor moet homself (op verskeie vlakke) telkens afvra waarom dit ’n besondere storie najaag. Dikwels is dit omdat die storie baie aandag gaan trek en dus koerante sal verkoop of digitale bladlese dryf. Dit is die ideale teelaarde vir fopnuus. Die redenasie van “die mense gaan dit lees” is op sigself nie genoeg motivering nie (Ekron, 2019).

Jordaan stel voor dat naas ’n ondersoekende, kritiese ingesteldheid, kan die vermoë om fopnuus te identifiseer, verskerp word deur (a) deeglike joernalistieke opleiding rondom die beginsels van betroubare, etiese beriggewing, en (b) dat die gewoonte om wyd te lees van kritieke belang is.

Coetzee is van mening dat hoewel ’n kritiese ingesteldheid ’n goeie eienskap van enige joernalis behoort te wees, is daar talle jong joernaliste wat baie keer “wysneusig, eiegeregtig, nie-leergierig of nie-selfondersoekend” is. Soos Coetzee dit stel: “Die eenvoudige, basiese reël is dat elke joernalis se onsinverklikker gedurig aangeskakel moet wees.”

Coetzee beveel aan dat deeglike eerstehandse opleiding aan jong joernaliste, deur ervare joernaliste wat op die harde manier bereid was om te leer en graag kennis en ondervinding kan oordra, ook ’n belangrike meganisme is waarmee fopnuus in nuuskantore gestuit kan word.

Uit die oorkoepelende argument uit bogenoemde is dit duidelik die joernaliste wat aan hierdie studie deelgeneem het, kritiese denke as ’n belangrike onderbou in die stryd teen fopnuus beskou. Deelnemers was dit eens dat professionele joernaliste hul bronne met ’n kritiese lens moet bekyk en elke berig onderwerp aan die beginsels van akkuraatheid, regverdigheid en gebalanseerdheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.2.2 Betroubaarheid van bronne

Al die deelnemers het die standpunt gehandhaaf dat die betroubaarheid en geloofwaardigheid van ’n joernalis se bronne onontbeerlik is in die stryd teen fopnuus. Deelnemers het die joernalistieke waardes van onafhanklikheid, geloofwaardigheid, regverdigheid en balans oor en oor beklemtoon. Van die deelnemers het ook voorstelle aan die hand gedoen om te verseker dat joernaliste se bronne onberispelik is.

Van Staden sê die goue reël wat by joernaliste ingeskerp moet word, is dat nuus wat op sosiale media versprei word en duidelik nie van ’n geloofwaardige bron kom nie, waarskynlik fopnuus is. Van Staden is van mening joernaliste behoort ook opgeskerp te word oor watter tipe bronne gewoonlik die oorsprong van fopnuus is, byvoorbeeld wanneer die formaat van web-adresse verdag is. Ook:

> Verder behoort dit in die opleiding beklemtoon te word hoe belangrik verifiëring en bevestiging by verskillende bronne is. Studente behoort ook wenke te ontvang van maniere om fopnuus na te speur deur byvoorbeeld verskillende soektogte op die internet te gebruik (Van Staden, 2019).

Van Zyl beveel aan dat joernaliste – selfs te midde van spertye en tydsdruk – steeds die verantwoordelikheid moet aanvaar om feite by meer as een bron te verifieer. Van Zyl sê dit beteken dat dit waarskynlik joernaliste in stryd sal bring met nuusredakteurs en senior redaksielede, maar die oorheersende verweer moet wees dat inligting deurgaans getoets word om te bepaal of ’n bron(ne) legitiem is. Sy meen:

> Dit is een van die kernbeginsels van die joernalistiek om altyd op soek te wees na die waarheid. Daarom is dit belangrik om te bepaal, as iets lyk na fopnuus, of dit logies moontlik is dat dit waar kan wees. Ek probeer altyd om foto’s, video’s of stemopnames van die voorval, asook verskeie ooggetuies, in die hande te kry om vas te stel of dit werklik gebeur het. Dit is ook raadsaam om na ander publikasies te kyk om te sien hoe hulle die betrokke storie aangepak het (Van Zyl, 2019).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Janse van Rensburg ondersteun Van Zyl se standpunt dat bronne te alle tye geloofwaardig en betroubaar moet wees en dat dit "beter is om inligting te verifieer as om 'n slagoffer van fopnuus te word".

Janse van Rensburg onderskryf Van Zyl se standpunt dat joernaliste meer en beter navorsing moet doen oor hul bronne en stel voor dat joernaliste nie die eerste beste bron se inligting aanvaar as die volle waarheid nie – veral nie in omstrede stories nie. Janse van Rensburg sê die eerste vertrekpunt behoort te wees om na die bron van die storie te gaan, want dit is meer gesaghebbend as om iemand oor die telefoon te wil probeer uitvra. Janse van Rensburg noem dat die *audi alteram partem*-reël (die ander kant van die saak) steeds 'n kragtige joernalistieke beginsel bly. Ook: "Verder moet diegene wat met nuus werk, hou by die praktyk om die gebruik van slegs een bron of mediaverklaring te vermy en altyd eers te bevestig voor publikasie."

Janse van Rensburg meld dat op elke vlak van nuusinvordering en nuusbestuur vrae gevra moet word oor die korrektheid van elke berig se inhoud, en noem dat dit begin by die nuusredakteur, en eindig by die nuusbestuur en subredakteurs (basies taalkundiges).

5.2.2.3 Wetgewing en fopnuus

Die deelnemers het uiteenlopende standpunte gehad of die Suid-Afrikaanse regering wetgewing teen fopnuus moet in werking stel. Lande soos onder meer Singapoer, Maleisië, Frankryk, Duitsland, Rusland en Frankryk het reeds wetgewing ingestel om die vloed van fopnuus te probeer keer (Reuters, 2019). Van die tien deelnemers was 4 (40%) ten gunste daarvan dat die Suid-Afrikaanse regering dit moet oorweeg om wetgewing teen fopnuus in te stel, terwyl 6 deelnemers (60%) aangedui dat dit vryheid van spraak – 'n reg wat verskans is in die Suid-Afrikaanse Grondwet – sal aantas. Opvallend was dat dit die jonger deelnemers met baie min joernalistieke (minder as 5 jaar) ervaring is wat voorstanders was dat wetgewing teen fopnuus nodig is.

Jordaan lig uit dat dit moeilik is om wetgewing teen fopnuus te formuleer sonder om gevaarlik naby te kom aan die skending van die grondwetlike beginsel van vryheid van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

spraak. Sy vrees is dat wetgewing teen fopnuus maklik deur ’n regering of owerhede misbruik kan word om die media in te perk. Volgens Jordaan is dit daarom beter om bestaande wetgewing en regsbeginsels (soos dié teen laster) in te span wanneer dit by fopnuus kom. Jordaan noem dat die Suid-Afrikaanse Perskode en die stelsel van ko-regulering ook ’n belangrike skans is.

Coetzee is dit eens met Jordaan en is ook oortuig dat wetgewing teen fopnuus spraakvryheid sal belemmer. Die res van die respondente het almal saamgestem dat die Suid-Afrikaanse Perskode asook hul eie publikasies se etiese kode ’n belangrike joernalistieke kompas behoort te wees teen fopnuus.

Ook Van Zyl meen dit sal ’n onbegonne taak wees om wetgewing teen fopnuus in te stel, want “fopnuus en skinderstories is baie na aan dieselfde ding, en ongelukkig iets waartoe die mens geneig is”. Volgens Van Zyl sal die omvang van inligting wat gepolisieer moet word, te groot wees, en te ver strek. Van Zyl meen egter die Suid-Afrikaanse Persraad behoort streng op te tree wanneer die media fopnuus versprei sonder om feite na te gaan. Sy maan ook dat hekwagters daarteen moet waak om nie oorversigtig te wees nie, want as ’n gebeurtenis net onwaarskynlik klink, beteken dit nie dit het nie gebeur nie.

Ekron het hom sterk uitgespreek teen wetgewing teen fopnuus. Hy betoog ten einde wetgewing te formuleer om fopnuus te bekamp, moet daar ’n konkrete en werkbare definisie van fopnuus wees. Só ’n definisie, volgens Ekron, sal daarop moet berus dat dit wat gepubliseer is in wese en bewysbaar onwaar en fopnuus is. Ekron sê daar bestaan reeds wetgewing om sodanige beriggewing soos laster en naamskending te stuit.

Ekron se vrees is dat indien die definisie van fopnuus enigsins wyer sou strek om ruimte te laat vir interpretasie, dit ’n geregtelike skuiwergat sal skep waarmee partye hulself kan probeer verweer teen enige beriggewing wat hulle in ’n minder gunstige lig stel. Ekron argumenteer dat sou daar wel ’n wet teen fopnuus ingestel word, sou dit verreikende gevolge vir mediavryheid inhou. Volgens Ekron berus die onus op die media om fopnuus aan die hand van selfregulering te bekamp en professionele joernalistiek wat voldoen aan onkreukbare norme te bedryf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Janse van Rensburg voer aan dat wetgewing teen fopnuus deur onbekwame, korrupte politici misbruik sal word om die media se monde te snoer. Politici sal verkeerde feite gebruik as ’n manier om ’n storie tot fopnuus te verklaar, aldus Janse van Rensburg. Volgens Janse van Rensburg kan wetgewing teen fopnuus deur politici misbruik word omdat dit vir hulle ’n skuiwergat bied om enige inligting wat vir hulle ongemaklik is, te kan afmaak as fopnuus. Janse van Rensburg, net soos Jordaan en Coetzee, spreek die vrees uit dat vryheid van spraak aangetas kan word. Hy meen: “Ons (die media) moet net baie meer waaksaam wees. Ons kan nie op wetgewing staatmaak om ons werk – om kritiese denkers te wees – te doen nie.”

Venter is ook nie oortuig of wetgewing teen fopnuus die antwoord is nie, maar is van mening dat daar wel ’n meganisme moet wees om te verseker dat fopnuus nie ongebreideld voortgaan nie. Sy noem daar moet besliste optrede teen die “draers van fopnuus” wees en dat media-waghonde in plek gestel moet word om fopnuus te reguleer. Sy beveel aan dat sosialenuusplatforms ook gebind moet wees aan etiese kodes asook ’n media-ombud wat moet toesien dat fopnuus nie versprei word nie. Venter sê wanneer wetgewing ingestel word, kan daar moontlik te veel mag in die hande van die regering geplaas word om vryheid van spraak van Suid-Afrikaners te weerhou of te bedreig.

Dit vind aanklank by Malherbe se waarneming dat sosiale media gereguleer moet word as ’n publikasie en nie as ’n platform nie. Malherbe sê dit moet verantwoordbaar wees aan ’n media-ombud, nes ’n publikasie, soos Netwerk24.

Nienaber is egter ’n voorstander dat wetgewing teen fopnuus die regte stap is om die verspreiding van fopnuus te striem. Nienaber gee wel toe dat dit moeilik sal wees om dit met vryheid van spraak te versoen en te verhoed dat geloofwaardige media ook nie uiteindelik gemuilband word nie. Nienaber noem dat die verspreiding van vals inligting, of media wat haatspraak, dreigemente van geweld of seksuele teistering bevat, of minderjariges in gevaar stel, dit noodsaaklik maak dat fopnuus deur wetgewing gereguleer word.

Volgens Lewis is wetgewing teen fopnuus nodig, hoewel daar reeds wetgewing is wat mense teen laster beskerm. Lewis noem die voorbeeld van die Engelse Sondagblad,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sunday Times, wat "enorme professionele en emosionele skade" aan mense aangerig het met hul beweerde onthullings van 'n sogenaamde "rogue unit" by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Sy sê die "vals beriggewing" deur joernaliste van die *Sunday Times* het die land gedestabiliseer en kan deur sommige ook as "hoogverraad" beskou word.

Van Staden steun ook wetgewing teen fopnuus, want hy beskou fopnuus as 'n vorm van bedrog, en dat dit misleidend is om vals nuus die wêreld in te stuur. Van Staden noem dit kan gevaarlik wees en byvoorbeeld paniek veroorsaak.

5.2.3 Tema 3: Die rol van die hekwagter

Onder die respondente aan die studie blyk daar verwarring te wees wat die rol en funksies van 'n hekwagter behoort te wees. Uiteenlopende antwoorde is deur die respondente verskaf.

Van Staden noem dat dit sy taak as eindredakteur van *Volksblad* is om veral deur berigte te sif van die Netwerk24-verslaggewers wat stories uit *Volksblad* se streek lewer om seker te maak dat die inligting daarin geloofwaardig en geverifieer is. Verder is deel van Staden se pligte as eindredakteur om sover moontlik na die inhoud van die nasionale berigte te kyk wat *Volksblad* van sy susterkoerante (*Die Burger* en *Beeld*) ontvang, asook om internasionale artikels wat van nuusagentskappe en ander bronne kom, te monitor vir feitefoute en fopnuus,

Coetzee sê die rol van hekwagter by *Volksblad* setel by die verslaggewer en berus verder by elke redaksielid wat met die berigte werk. Volgens Coetzee is die eindredakteur en nagsubredakteurs die laaste redaksielede in die nuusketting wat die spesifieke taak het om foute en gebreke te ondervang, regstellings te doen en nuus- en skryfwaarde tot berigte toe te voeg.

Coetzee noem dat veral die eindredakteur – en ook die redakteur in 'n oorhoofse rol – by "moeilike" stories gesteld moet wees op regsetiese aspekte en op billike en regverdige beriggewing ingevolge die etiese kode van *Volksblad* en die Suid-Afrikaanse Perskode. Coetzee noem dat die beginsel van "maksimum inligting,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

minimum skade" nagestreef word, ook deur die nakoming van wetlike voorskrifte, byvoorbeeld om die identiteit van kinderslagoffers of slagoffers van seksuele geweld en van minderjarige verdagtes te weerhou.

Ekron beklemtoon dat die normale produksievloei in ’n nuuskantoor van so ’n aard is dat daar verskeie hekwagters by die onderskeie stadiums van die vloei van ’n betrokke berig of artikel is. Volgens Ekron is dit hekwagters se taak om berig(te) te oordeel aan die hand van nuuswaardigheid, relevansie, belangrikheid en betroubaarheid. Ekron noem dat hekwagters ook die moontlike gevolge wat die publikasie van die berig(te) mag hê, in ag moet neem:

> Dit is nie genoeg om bloot die koerant se regsaanspreeklikheid te oorweeg nie, maar ook die manier waarop die berig ontvang kan word en die gevolglike reaksie daarop al dan nie. Die bekende joernalistieke beginsel van die "5 W's en ’n H" moet nie net op die inhoud van ’n berig toegepas word nie, maar ook op die herkoms van die inligting en die herpublikasie daarvan (Ekron, 2019).

Ook Jordaan (2019) lê klem daarop dat dit nie net nuusredakteurs, inhoudsbestuurders, eindredakteurs en dies meer is wat die rol van hekwagters behoort te vertolk nie. Jordaan is van mening dat almal wat inhoudsbesluite neem, as hekwagters behoort op te tree. Volgens Jordaan sluit dit skrywende joernaliste in.

Malherbe se beskrywing van die rol van die hekwagter stem ooreen met dié van Staden. Malherbe se definisie van ’n hekwagter is dat die redaksielid wat elke brokkie nuus wat hy of sy aanlyn lees, in twyfel moet trek en die geloofwaardigheid daarvan moet bevraagteken. Volgens Malherbe sluit dit in die geloofwaardigheid van die publikasie of webwerf waar die berig sy oorsprong het. Malherbe noem dat indien daar enige twyfel is, dit die plig van die hekwagter is om self die navorsing te doen of die berig te skrap.

Janse van Rensburg sê hoewel dit hekwagters se primêre rol is om nuusberigte wat aangebied word, te beoordeel, het hulle ook ’n wyer rol as bloot selektering van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nuusberigte. Van Rensburg sê meer berigte word gegenereer as wat in die koerant gebruik kan word, daarom moet die hekwagter die volgende vrae kan vra:

- Bevat die berig laster?
- Word kinders benadeel?
- Is die berig in ooreenstemming met wetgewing oor byvoorbeeld die identifikasie van kinders of die slagoffers van seksuele geweld?
- Is die berig billik? Word albei kante van ’n omstrede saak genoem?
- Is die berig se feite so akkuraat as moontlik?
- Is die berig geskik vir sy gehoor – is dit byvoorbeeld seksueel eksplisiet, of bevat dit grafiese beskrywings van geweld?
- Is die berig relevant vir sy gehoor – lesers stel belang in hul plaaslike omgewing en leefwêreld.
- Bied dit nuwe inligting? Die berig moet ’n bestaande, bekende storie verder vat, sodat ’n herhaling of net herverduideliking van bekende inligting nie sal deug nie.

Sowel Venter en Van Zyl se narratief is dat bo en behalwe die keuring van artikels, hetsy profielonderhoude, meningsartikels en rubrieke, behoort hekwagters se posbeskrwing ook in te sluit dat hulle ’n dokument opstel wat die gevare van fopnuus uitwys. Beide voer aan dat daar daaglikse, weeklikse of maandelike sessies deur hekwagters aangebied moet word waar praktiese voorbeelde aan joernaliste voorgehou word. Een van die praktiese aanbevelings is dat hekwagters moet uitwys hoekom berigte afgekeur is.

5.2.4 Tema 4: Die identifisering van hekwagters

Uit die data wat ingesamel is, is al die respondente dit eens dat die joernaliste die eerste linie teen fopnuus behoort te vorm, maar van die respondente het terseldertyd uitgewys dat baie van Netwerk24-joernaliste te veel steun op nuusredakteurs, subredakteurs, inhoudsbestuurders en eindredakteurs om fopnuus vroeg in die nuusinsamelingsproses te bespeur. Lewis is oortuig dat joernaliste self as bewakers van fopnuus moet optree, want dit is hul werk om seker te maak van aantygings en om feite vas te stel:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Dit geld vir almal, van politici se toesprake, tot beskermde bronne wat moontlike eksklusiewe stories lek. Joernaliste moet ook vir hulself kan afvra: Wat is die agenda wat die persoon dryf om die inligting aan my te verskaf?

Lewis sê die nuusvloei-kanale by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* is uitstekende linies teen fopnuus omdat die joernaliste se berigte finaal deur inhoudsbestuurders goedgekeur word, wat gewoonlik ervare en senior persone in die nuusredaksie is.

Lewis gee toe dat hoewel eindredakteurs die laaste persoon in die nuusketting is wat berigte finaal goedkeur, daar tog die risiko is dat fopnuus op Netwerk24 se webtuiste gepubliseer kan word, want by Netwerk24 is daar nie ’n eindredakteur nie, maar wel by die drie susterkoerante, naamlik *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*. In effek beteken dit dat ’n belangrike skakel teen fopnuus verdwyn, aldus Lewis. Lewis meld dat berigte soms deur ervare herskrywers by koerante getimmer moet word, maar dit maak herskrywers nie noodwendig hekwagters nie.

Venter, Nienaber en Van Zyl stem saam dat joernaliste self die rol van hekwagters moet vertolk, maar dat hulle daartoe neig om nuusredakteurs en redakteurs te sien as die enigste ware hekwagters. Venter sê:

> Nuusredakteurs en redakteurs moet beoordeel of inligting en bronne betroubaar is en in die openbare belang is. Dit is ook hul werk om te besluit hoe die berig aangebied moet word aan die hand van die waardes van die publikasies se eie gedragskode en die Suid-Afrikaanse Perskode (Venter, 2019).

Vir Van Zyl moet die nuusredakteurs die hekwagters wees, want hulle “proeflees eerste die berigte van die joernaliste”.

Jordaan verskil egter van Zyl en noem dat dit nie net nuusredakteurs, inhoudsbestuurders en eindredakteurs is wat hekwagters is nie, maar álmal wat inhoudsbeluite neem. Jordaan sê dit sluit skrywende joernaliste en selfs

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bladuitlegkunstenaars in omdat hulle moet besluit watter berigte groter prominensie kry.

Ekron beaam Jordaan se standpunt en sê teoreties is daar ’n joernalis, fotograwe, assistent-nuusredakteur, nuusredakteur, subredakteurs, inhoudsbestuurder en redakteur wat almal die rol van hekwagter moet kan vervul, maar die stelsel vir die vloei van berigte is nie optimaal ingerig sodat dit haalbaar is vir elkeen van hierdie mense om as hekwagter op te tree nie.

Van Staden se perspektief oor wie die hekwagters behoort te wees, stem grootliks ooreen met Jordaan en Ekron. Hy meen:

> Almal betrokke by die produksie van nuus en koerante moet ’n hekwagtersrol vervul. Dit begin by die nuusredakteur wat reeds die nuus begin keur, maar spoel ook oor na die verslaggewers wat moet seker maak hul feite word geverifieer en bevestig. Daarna vloei die berigte deur na die subredakteur, wat die verdere verantwoordelikheid dra om op die uitkyk te wees vir enige gevaartekens, en uiteindelik moet die eindredakteur finaal seker maak die nuus in die koerant is geloofwaardig en korrek (Van Staden, 2019).

Respondente aan hierdie studie wat ’n hekwagtersfunksie vervul by hul onderskeie instansies het verskeie redes aangedui waarom hulle in die verlede berigte van joernaliste nie deur die nuushekke toegelaat het nie. Dit het onvolledigheid van berigte, gebrekkige konteks, kwetsende beweringe, feitefoute, onbetroubare bronne, diskriminasie en laster ingesluit.

Jordaan noem ten laaste dat hekwagters self regverdigheid, billikheid en objektiwiteit moet nastreef. Hy meen dis van die uiterste belang om in te sien dat dit bykans onmoontlik is om volledig objektief te wees:

> Slegs as joernaliste dít besef, kan jy behoorlik bewus wees van die waardes en selfs vooroordele wat jou inhoudsbesluite as hekwagter

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> rig. ’n Joernalis wat glo hy of sy is volledig objektief, is potensieel ’n baie gevaarlike joernalis. Juis omdat dit feitlik onmoontlik is om volledig objektief te wees, is die joernalistieke beginsels soos akkuraatheid, regverdigheid, [en] gebalanseerdheid, van kritieke belang (Jordaan, 2019).

5.3 Samevatting

Uit die data deur die respondente verskaf, blyk dit dat joernaliste die tydsfaktor in nuuskantore beskou as ’n vrugbare teelaarde vir fopnuus. Daar is ’n algemene konsensus onder die respondente dat ’n gebrek aan tyd kan lei tot die erodering van die integriteit, nie net van die joernalis nie, maar ook van sy/haar publikasie. Elkeen van die respondente het die belangrikheid van objektiwiteit en onpartydigheid beklemtoon, maar weens die joernalistieke eise wat nuusredakteurs van joernaliste verlang, is daar vrese dat joernaliste weens die vinnige pas in die nuusinsamelingsproses onbewustelik fopnuus kan pleeg. Hierdie tydsdruk, tesame met die druk om eerste op digitale platforms te publiseer, maak media-instansies meer weerloos teen fopnuus. Uit die respondente se response is dit duidelik dat fopnuus weens die tydsfaktor die nuusstelsels kan binnedring ten spyte van die hekwagters by genoemde instellings.

Tweedens is dit duidelik dat die respondente aan hierdie studie ervaring steeds as ’n gesogte kommoditeit beskou in die stryd teen fopnuus. Verskeie respondente het ook uitgewys dat weens die juniorisering van die nuuskantore is daar min, of ’n totale afwesigheid, van mentorskap. Respondente is dit eens dat senior joernaliste steeds ’n belangrike rol behoort te speel om nie net leiding aan jonger joernaliste te gee nie, maar ook as gehalte-agent van joernaliste se berigte op te tree.

Oor die kwessie van diversiteit van nuusplatforms was respondente dit eens dat die internet- en selfoontegnologie die rol van professionele joernaliste opnuut beklemtoon. Die gevolg is dat daar toenemende eise aan joernaliste gestel word. Respondente het beklemtoon dat die digitale media die skeidsmure tussen sender en ontvanger afgebreek het omdat mense hul eie stories en berigte kan skep en dit op sosialenuusplatforms kan deel. Uit die antwoorde is dit opmerklik dat respondente saamstem dat nuwe mediategnologieë die drukmedia se monopoliestatus as nuusinstelling verbreek het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ook belangrik vir die respondente was die rol wat tersiêre instellings behoort te speel in die uitbou van kritiese denke van aspirant-joernaliste. Die respondente het beklemtoon dat die toenemende gebrek aan spesialis-joernaliste daartoe gelei het dat joernaliste minder in staat is om inligting krities te evalueer.

Betroubaarheid van bronne van joernaliste is ook uitgelig as ’n belangrike hefboom teen fopnuus. Uit die response is dit duidelik dat die respondente ’n joernalis se professionele eerlikheid, die betroubaarheid van bronne, asook integriteit as belangrike bates in die stryd teen fopnuus beskou.

Oor die kwessie of wetgewing teen fopnuus ingestel moet word, was die respondente verdeeld. Die meerderheid van die respondente was egter nie ten gunste daarvan dat wetgewing teen fopnuus in Suid-Afrika ingestel moet word nie. Die respondente het aangedui dat vryheid van spraak vir hulle swaar weeg en dat dit beter is om bestaande wetgewing en regsbeginsels in te span wanneer dit by fopnuus kom.

Die rol wat hekwagters behoort te speel, het ook uitlopende response van die respondente gekry. Die primêre funksie van die hekwagters is aangedui as die selektering en monitering van berigte, om gesteld te wees op regsetiese aspekte en billike, regverdige beriggewing ingevolge die etiese kode van die onderskeie publikasies en die Suid-Afrikaanse Perskode, asook om berig(te) te oordeel aan die hand van nuuswaardigheid, relevansie, belangrikheid en betroubaarheid.

Oor wie die die nuushekke moet bewaak, was daar ook nie eenstemmigheid nie. Die meeste van die respondente het aangedui dat die joernaliste die eerste linie teen fopnuus behoort te vorm, terwyl ander respondente aangedui het dat die nuusredakteur die rol van hekwagter moet vertolk. Daar was ook ander menings, naamlik dat die subredakteurs ook die rol van hekwagter moet vertolk, en dat selfs fotograwe en bladuitlegkunstenaars nie van die hekwagterproses uitgesluit moet word nie.

In die volgende hoofstuk word die studie afgesluit deur die data aan te wend om die algemene en spesifieke navorsingsvrae te beantwoord en tot ’n sekere slotsom te kom. Die navorser sal ook aandui watter moontlike opvolgstudies onderneem kan word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6: Bespreking en bevindinge

6.1 Inleiding

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie ondersoek is, is watter bepaalde uitdagings hekwagters by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* het om fopnuus te stuit sodat die genoemde titels se integriteit en geloofwaardigheid nie gediskrediteer word nie. Fopnuus word toenemend ’n netelige kwessie omdat die tradisionele nuusplatforms nou uitgedaag word deur sosiale media waar enigiemand wat toegang het tot ’n selfoon, rekenaar en internetverbinding, nuus en inligting kan versprei.

In Hoofstuk 1 het die navorser die agtergrond geskets oor die betrokke onderwerp wat ondersoek word, naamlik die rolbelewenisse van hekwagters by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* wanneer hulle gekonfronteer word met berigte wat moontlik spore van fopnuus kan bevat. Die oorhoofse doel van die studie is ook bespreek, naamlik om vas te stel hoe joernaliste die bedreiging van fopnuus hanteer en watter etiese kwessies ter sprake is wanneer hekwagters besluite moet neem oor die inhoud van ’n berig. Etnografiese opmerkings is ook aangebied waar die navorser sy eie ervaring oor hekwagterskap uitgelig het.

Ten einde die navorsingsdoelwit te bereik, sal Hoofstuk 6 die navorsingsprobleem aanspreek deur die algemene navorsingsvraag, soos in Hoofstuk 1 uiteengesit, te beantwoord.

Die navorser beantwoord bogenoemde vraag deur die data wat met die semi-gestruktureerde onderhoude in Hoofstuk 5 ingesamel is. Die data is geïnterpreteer en bespreek aan die hand van die betrokke literatuur en teorieë wat voorgestel is in Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3. Die data wat tydens hierdie studie oor fopnuus ingesamel is, het ook verskeie leemtes uitgewys. Die navorser verskaf vervolgens eers ’n bondige opsomming van die studie as geheel. Die navorser sal ook aanbevelings maak vir moontlike opvolgstudies voortspruitend uit hierdie studie oor hekwagterskap en fopnuus.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.2 Opsomming van literatuuroorsig en teoretiese raamwerk

6.2.1 Literatuuroorsig

’n Omvattende literatuurstudie is deur middel van ’n metateoretiese raamwerk in hierdie hoofstuk vasgelê. Ook in hierdie hoofstuk is ’n oorsig gegee oor die ontstaan van fopnuus, hoe dit nuusgebeure beïnvloed en hoe veral die Brexit-referendum in Brittanje en die presidentsverkiesing in die VSA, albei in 2016, die kwessie van alternatiewe feite en fopnuus weer prominent op die joernalistieke radar geplaas het.

In Hoofstuk 2 het die navorser ook die ontstaan en historiese agtergrond van fopnuus gegee. Die literatuuuroorsig het bevestig dat fopnuus nie ’n nuwe media-fenomeen is nie, maar dat dit al van die vroegste eeue aanwesig was. Magshebbers het vals nuus oor hul opponente versprei om sodoende hul eie posisies in die samelewing te versterk en uit te bou. Wat die literatuurstudie ook getoon het, is dat tegnologie dit egter nou makliker gemaak het om fopnuus te versprei en dat sosialenuusplatforms onherroeplik die joernalistieke landskap verander het.

Die navorser het ook die konsepte en temas wat sentraal is tot die studie verken deur die literatuur betreffend fopnuus te bespreek. Eerstens is ’n breë definisie van fopnuus aangebied. Die navorser het daarna fopnuus in die digitale era bespreek en hoe die 21ste eeu gekenmerk word deur gefabriseerde nuus, wanvoorstellings, vals nuus en disinformasie.

Met die koms van sosialenuusplatforms en die invloed wat dit het op die tradisionele joernalistiek, het fopnuus opnuut die kwessie van geloofwaardigheid, objektiwiteit, en betroubaarheid onderstreep. Die nuwe sosialenuusplatforms het ook fundamentele vrae gebring

- oor die kwaliteit van die nuwe publieke sfeer wat die internet, Facebook en Twitter skep;
- oor die rol van die internet in die demokrasie;
- oor die problematiek van kontekslose inligting in die nuwe media; en
- oor probleme met regulering en vryheid van spraak, soos Fourie (2013:188) uitwys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die navorser kon geen Suid-Afrikaanse akademiese studies oor fopnuus opspoor nie, maar het verskeie internasionale navorsingartikels geraadpleeg wat gehandel het oor fopnuus.

'n Kort oorsig oor die vier publikasies – Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* – wat ondersoek is, is ook gegee.

Ten einde het dié hoofstuk beklemtoon dat hoewel sosiale webwerwe 'n platform skep vir gemarginaliseerde stemme, is dit ook vrugbare teelaarde vir fopnuus omdat die nodige hekwagterskap, soos in die hoofstroommedia, nie aanwesig is nie.

6.2.2 Teoretiese raamwerk

Die problematiek van fopnuus is binne die teoretiese raamwerk van die normatiewe mediateorie bekyk en het gefokus op die rol wat hekwagters behoort te speel in die bekamping van fopnuus, hekwagters se uitdagings, die moontlike bedreigings van fopnuus by genoemde publikasies en watter etiese beginsels ter sprake kom.

Soos aangedui in Hoofstuk 2 het drie Amerikaanse kommunikasiekundiges, naamlik Fred Siebert, Theordore Peterson en Wilbur Schramm, die vier oorspronklike mediateorieë omskryf. Die vier teorieë sluit in die outoritêre teorie, die libertynse teorie, die sosiale verantwoordelikheidsteorie en die Sowjet-totalitêre teorie. Twee van dié mediateorieë, naamlik die sosiale verantwoordelikheidsteorie en die libertynse teorie, was van toepassing op hierdie studie.

Die doel van die teoretiese vertrekpunte was om uit die antwoorde van die respondente vas te stel of hulle meer geneig het na die libertynse teorie – die sogenaamde waghond-funksie – of die sosiale verantwoordeliksheidsteorie, wie se primêre uitgangspunt is dat die media professionele standaarde volgens 'n bepaalde gedragskode met sekere verantwoordbaarheid moet handhaaf.

Soos uitgewys in Hoofstuk 2 fokus die normatiewe mediateorie op die ideale rol wat die media in 'n samelewing behoort te vertolk (Fourie, 2007:178). McQuail (2010:14) verduidelik dat normatiewe mediateorie 'n "omskrywing is van hoe die media behoort

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te funksioneer indien sekere sosiale waardes in ag geneem word". Volgens McQuail (2010:14*)* het hierdie teorieë "'n rol in die vorming en legitimering van media-instellings". Die navorser stem saam met McQuail dat sodanige teorieë 'n "aansienlike invloed" op die "verwagtinge wat ander maatskaplike agentskappe en ook die samelewing van die media het" (McQuail, 2010:14). Normatiewe mediateorie bied 'n riglyn waarvolgens die gehalte en plig van die media gemeet en beheer kan word (Fourie, 2007:178). Dit bepaal egter nie net wat die media behoort te doen of wat van hulle verwag word nie, maar kan as uitgangspunt gebruik word om te beskryf hoe joernaliste self hul rol en verantwoordelikhede beskryf.

Dit het duidelik geblyk dat die meerderheid van die deelnemers hul eie persoonlike etiese raamwerke in ag neem, met beginsels soos akkuraatheid, objektiwiteit, onafhanklikheid en onpartydigheid wat beklemtoon word.

6.2.3 Navorsingsmetodologie

In Hoofstuk 4 is die navorsingsbenadering bespreek wat toegepas is om die navorsingsdoelwit van die studie te bereik. Die navorsingsmetodologie van die kwalitatiewe veldnavorsingstudie wat in die studie gebruik is, is bespreek. Semi-gestruktureerde onderhoude is as data-insamelingstegniek gebruik en die navorser het die data ontleed deur middel van tematiese analise. Die etiese kwessies wat die navorser in ag geneem het, is ook bespreek. Hierdie hoofstuk was die grondslag vir die volgende hoofstuk, naamlik die ontleding van die data.

6.2.4 Bespreking van bevindinge

In Hoofstuk 5 is 'n kwalitatiewe ontleding gedoen van data verkry uit die onderhoude en opvolgonderhoude wat met die tien respondente gevoer is by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*. Die navorser het die data wat ingesamel is, aangebied, bespreek en ontleed. Derhalwe het Hoofstuk 5 die basis gelê vir hierdie hoofstuk, wat tot 'n gevolgtrekking van die studie gekom het.

6.3 Beantwoording van die navorsingsvraag

In hierdie onderafdeling word die algemene navorsingsvraag beantwoord. Die antwoorde is gegrond op data wat ingesamel is tydens die semi-gestruktureerde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderhoude wat aan die hand van die betrokke teorieë en literatuur, soos voorgestel is in Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3, ontleed is.

Ten einde tot ’n finale gevolgtrekking te kom, het die navorser die spesifieke vrae in Hoofstuk 5 in een algemene navorsingsvraag opgesom:

> **Hoe bedreig die verskynsel van fopnuus die integriteit en geloofwaardigheid van Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* en wat staan hierdie publikasies te doen om dit te bekamp met spesifieke verwysings na die rol van hekwagters?**

6.4 Algemene bevinding en aanbevelings

Aan die hand van die vorige hoofstuk se data, is die algemene bevinding dat die volgende elemente, naamlik:

- tyd;
- betroubaarheid van bronne;
- ervaring;
- kritiese denke; en
- etiek ’n rol speel vir die respondente in die stryd teen fopnuus.

Dié finale gevolgtrekking waartoe hierdie navorser gekom het in hierdie studie oor hekwagterskap en fopnuus in die nuuskantoor, sal nou as individuele elemente bespreek word as die finale gevolgtrekking waartoe hierdie navorser kon kom wat betref die navorsingsvraag.

6.4.1 Tyd

Vir hierdie navorser wil dit voorkom asof *tyd* ’n ernstige bedreiging is in die stryd om fopnuus uit die hoofstroommedia te weer en dat dit hand aan hand loop met personeeltekorte.

Tydsdruk was nog altyd ’n inherente aspek van die nuuskantoor. In die digitale era dra veranderende tegnologie en die behoefte aan intydse nuusberigte oor ’n menigte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

platforms toenemend hiertoe by. Die nuussiklus word noodwendig verkort en daar word van joernaliste verwag om berig te lewer binne minute vandat "feite" rugbaar word, ten einde met mededingende publikasies en platforms te kompeteer. Die beskikbare tyd om sodanige "feite" te verifieer, word gevolglik noemenswaardig ingeperk. Die wêreldwye tendens van inkrimping ten opsigte van die grootte van nuuskantore dra by tot die groeiende tydsdruk. In hedendaagse nuuskantore moet minder joernaliste meer stories, meer gereeld, en op meer platforms lewer. Die gevolglike gejaag om die nodige volumes kopie betyds te lewer, is 'n geil teelaarde vir die moontlikheid dat fopnuus deur die filters kan glip.

Meer joernaliste in 'n nuuskantoor is derhalwe 'n skynbaar voor die hand liggende manier om tydsdruk aan te spreek. Die navorser sal dus voorstel dat die nuusredaksie van Netwerk24 (wat ook kopie aan die betrokke dagblaaie verskaf) uitgebrei word tot 'n groter span joernaliste om die tydsdruk te kan verlig. Só 'n voorstel beteken noodwendig 'n finansiële uitgawe, maar dit is 'n moontlike verdere studie, soos onder aangetoon sal word.

6.4.2 Ervaring

Nog 'n wêreldwye tendens is die gebrek aan *ervaring* weens die verjonging van nuusredaksies. Uit die navorsingsdata blyk dit dat hierdie tendens ook in die nuuskantore van Netwerk24, *Beeld, Die Burger* en *Volksblad* te bespeur is. Nie net word die mediaan-ouderdom van joernaliste al hoe jonger nie, maar daarmee saam is 'n inkrimping in die ervaringsjare van die redaksie onafwendbaar. Dié toedrag van sake kan beskou word as 'n uitvloeisel uit die inkrimping van nuuskantore wat in die vorige punt bespreek is. Weens die beperkte personeelgetalle het nuusredakteurs nie meer die luukse om joernaliste toe te wys aan spesifieke onderwerpsvelde of "beats" nie. Joernaliste moet noodgedwonge 'n wye verskeidenheid onderwerpe dek sonder 'n deeglike begrip of agtergrond wat die fyner nuanses van 'n betrokke berig of storie kan toelig. Daarmee saam ly die ontwikkeling van 'n uitgebreide en betroubare kontaklys ook skipbreuk. Gevolglik is joernaliste, wat dalk self 'n gebrekkige kennis of begrip van 'n onderwerp het, dikwels aangewese op onbekende of twyfelagtige bronne. Deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sulke bronne goedsmoeds te gebruik, loop joernaliste dus die gevaar om onbedoeld fopnuus te versprei.

’n Hernieude fokus op die “beat”-stelsel (spesialisvelde) sal dus help om nie net vir meer insig en diepte in beriggewing te sorg nie, maar ook om die geloofwaardigheid van die oorsprong van ’n berig en die bronne wat geraadpleeg word, te bepaal.

Jonger en minder ervare respondente in die studie het ’n hoë premie geplaas op mentorskap deur senior redaksielede. Selfs in kleiner nuuskantore sal die beskikbaarheid van een of twee senior redaksielede, wat die jonger joernaliste kan lei, help om die slaggate van fopnuus te vermy. Hierdie aspek verwys terug na die tydsfaktor. Tydsdruk in nuuskantore beteken dikwels dat nuusredakteurs nie genoeg insette kan lewer en leiding gee aan onervare joernaliste nie. Hoewel die jonger respondente nie ’n formele mentorskap-program voorgestel het nie, beveel die navorser aan dat joernaliste met minder as vyf jaar ervaring gementor word deur ’n senior redaksielid.

6.4.3 Hekwagter

Dit blyk uit die navorsingsdata dat nuusvloei- en produksieprosesse nie optimaal ingestel is om fopnuus vroegtydig te identifiseer en te negeer deur die nodige *hekwagters* nie. Daar bestaan ’n merkbare leemte aan senior hekwagters vroeër in die produksieproses om die inhoud van berigte te kan hersien, en wat nie bloot net na teks en taalgebruik kyk nie. Van die respondente het aangedui dat die nuusredakteur die rol van hekwagter moet vertolk, maar die navorser se mening is dat die nuusredakteur werksopdragte uitdeel en nie werklik die kwaliteit van berigte meet wat gelewer word nie.

Die kumulatiewe effek van tydsdruk, personeeltekorte, ’n gebrek aan ervaring en mentorskap, soos bo bespreek, kan daartoe lei dat ’n nuusberig reeds ver deur die produksieproses gevorder het voor dit by ’n aangewese hekwagter land. Hierdie hekwagter moet dan in ’n gevorderde stadium van die proses (soos byvoorbeeld bladuitleg of intydse publikasie) die waarskynlikheid, geloofwaardigheid, akkuraatheid en betroubaarheid van die berig se inhoud en oorsprong beoordeel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Uit die semi-gestruktureerde onderhoude het dit aan die lig gekom dat hierdie funksie meestal aan senior redaksielede toevertrou word. Gegewe die tydsdruk waaronder hierdie hekwagters reeds verkeer en die volume kopie waarmee hulle in hierdie stadium van die produksieproses te make het, sal dit onrealisties en onregverdig wees om van hulle te verwag om ’n onfeilbare filter van fopnuus te wees. Die aanstelling van ’n ervare redigeerder of herskrywer wat kopie kan hersien en beoordeel voor dit na die finale stappe van die produksieproses aangestuur word, sal help om fopnuus te verhoed (Sien Figuur 2). Só ’n persoon kan ook die rol van mentor, soos vroeër bespreek, vervul.



Figuur 2: Bestaande en voorgestelde werksvloei.

6.4.4 Etiek

Die kwessie van *etiek* soos in die vorm van eksterne regulering, met spesifieke verwysing na die moontlikheid van wetgewing teen die publikasie van fopnuus, en die gevolglike implikasies vir vryheid van spraak, het swaar geweeg by die respondente. Soos uitgewys in Hoofstuk 5 het die meerderheid van die respondente aangedui dat hulle nie ten gunste daarvan is dat die Suid-Afrikaanse regering wetgewing teen fopnuus behoort in te stel nie. Selfregulering bly die verkieslike metode van beheer. Dit was duidelik uit die respondente se antwoorde dat hulle steeds die onderskeie publikasies se etiese kodes, die Suid-Afrikaanse Perskode, en die SA Persraad beskou as belangrike etiese rigtingswysers.

Uit die response het al die respondente meer geneig na die sosiale verantwoordelikheidsteorie en aangedui hulle onderskryf die beginsel dat die media

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

professionele standaarde volgens ’n gedragskode met sekere verantwoordbaarheid moet handhaaf, maar vry van regeringsbeheer moet bly.

Die navorser is egter van mening dat elke joernalis opnuut bewus word van die onderskeie publikasies se etiese kode, asook die Suid-Afrikaanse Perskode. Die navorser stel voor dat dit deel word van alle joernaliste se kritieke prestasie-areas (KPA’s) en dat hulle sesmaandeliks tydens hul KPA-gesprekke ook gemeet word aan hul begrip van etiese kwessies. Hoe dit toegepas kan word, is ’n onderwerp vir verdere studie, soos voorts aangedui sal word.

6.5 Voorstelle vir toekomstige navorsing

Uit die voorafgaande blyk dit dat etlike moontlike opvolgstudies uit hierdie navorsingsprojek kan spruit. Die navorser stel voor dat een so ’n opvolgstudie by ander Suid-Afrikaanse publikasies, soos Engelse mediahuise, gedoen word om te bepaal of daar alternatiewe rolbelewenisse van hekwagters is. ’n Vergelykende studie kan dus getref word watter meganismes sulke Engelstalige nuusplatforms in plek het om fopnuus te keer, en of hulle ’n ander persepsie het van die rolle van hekwagters. Die vergelykende studie kan ook gebruik word om ’n geheelbeeld van hekwagterskap te kry in die Suid-Afrikaanse media se stryd teen fopnuus.

Nog ’n opvolgstudie wat onderneem kan word, is om ondersoek te doen na die finansiële implikasies van die uitbreiding van die nuuskantoor van Netwerk24. Soos deur die navorser uitgewys, het respondente uitgewys dat weens ’n gebrek aan tyd en personeel, die moontlikheid nie uitgesluit is nie dat fopnuus deur die bestaande nuusfilters kan glip.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7. Verwysings

Arendt, H. 2017. *The origins of totalitarianism*. New York: Hardcourt Publishing.

Babbie, E. 2010. *The practice of social research*. Belmon: Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 2013. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.

Baden, C. & Tenenboim-Weinblatt, K. 2018. Journalistic transformation: How source texts are turned into news stories. *Journalism*, 19(4):481-499.

Beckett, C. 2017. The best thing that's happened to journalism. [AANLYN] Beskikbaar by: https://blogs.lse.ac.uk/polis/2017/03/11/fake-news-the-best-thing-thats-happened-to-journalism/ [2018, Maart 1].

Bell. E, 2016. Facebook is eating the world. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.cjr.org/analysis/facebook_and_media.php [2018, Maart 1].

Bennett, L. & Livingston, S. 2018. The disinformation order: Disruptive communication and the decline of democratic institutions. *European Journal of Communication*, 33(2):132-139.

Blaxter, L, Hughes, C. & Tight, M. 2006. *How to research*. 2de uitgawe. Buckingham: Open University Press.

Botma, G. 2018. Loerbroer en biegbank: Die uitwysing van rassisme deur die postapartheid- Suid-Afrikaanse media. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 4(1):736-751.

Breitmann, D. 2016. Today in science: Great Moon Hoax. [AANLYN] Beskikbaar by: https://earthsky.org/human-world/great-moon-hoax-august-25-1835 [2018, Mei 27].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Brants, K. 2013. Trust, cynicism and responsiveness: an uneasy situation of journalism in democracy, in Broersma, M. & Peters, C. (reds). *Rethinking journalism:trust and participation in a transformed news landscape*. Londen en New York: Sage.

Brennen, B.S. 2013. *Qualitative research methods for media studies*. New York: Routledge.

Bruno, N. 2011. Tweet first, verify later? How real-time information is changing the coverage of worldwide crisis events. [Aanlyn] Beskikbaar: https://reutersinstitute.politics.ox.ac.uk/our-research/tweet-first-verify-later-how-real-time-information-changing-coverage-worldwide-crisis [2018, Maart 1].

Bruns, A. 2009. From gatekeeping to gatewatching: Models of journalistic mediation on the internet, in C. Neugberger, C. Nuernbergk & R. Melanie (reds.) *Journalism on the internet: Profession-Participation-Technization.* Wiesbaden: Swede.

Burkhardt, J. 2017. Combating fake news in the digital age. *Library Technology Reports* 53(8):1-9.

Burshtein, S. 2017. The true story on fake news. *Intellectual Property Journal*, 29(3):397-446.

Carr, D.J., Barnidge, M., Lee, B.G. & Tsang, S.J. 2014. Cynics and skeptics: Evaluating the credibility of mainstream and citizen journalism. *Journalism & Mass Communication Quarterly*,1-19.

Cave, A. 2017. Deal that undid Bell Pottinger: inside story of the South Africa scandal [Aanlyn] Beskikbaar: https://www.theguardian.com/media/2017/sep/05/bell-pottingersouth-africa-pr-firm [2018, Maart 18].

Cilliers, S.H. 2018. Gehalte-beriggewing in die buitekantoor van ’n Suid-Afrikaanse dagblad. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Claassen, G. & Van Tonder, J. 2004. Etiese kode en riglyne vir verslaggewers, fotograwe en grafiese kunstenaars van *Die Burger*.

Coetzee, G. 2015. Om streek se waghond te bly. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/gert-coetzee-om-streek-se-waghond-te-bly-20151126 [2019, Maart 15].

Coetzee, G. 2017. Bell Pottinger se eie foefie vou. [Aanlyn] Beskikbaar: https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/b ell-pottinger-se-eie-foefie-vou-20170713 [2018, Maart 18].

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2009. *Research methods in education*. 5de uitgawe. Londen: Routledge.

Corcoran, B. 2017. Bell Pottinger not 'off the hook' in South Africa after fanning racial tensions. [Aanlyn] Beskikbaar: https://www.irishtimes.com/business/media-and-marketing/bell-pottinger-not-off-the-hook-in-south-africa-after-fanning-racial-tensions-1.3211253 [2018, Maart 18].

Creswell, J.W. 2007. *Educational research planning, conducting and evaluating quantitative and qualitative research*. 3de uitgawe. Lincoln: Pearson.

Daily Maverick. 2016. Paid Twitter: Manufacturing dissent, helping Guptas. [Aanlyn] Beskikbaar: https://www.dailymaverick.co.za/article/2016-11-10-paid-twitter-manufacturing-dissent-helping-guptas/ [2018, Maart 18].

Daniels, G. 2014. State of the newsroom. [AANLYN] Beskikbaar by: http://www.journalism.co.za/wp-content/uploads/2014/10/State-of-the-newsroom-2014.pdf [2018, Maart 4].

Daniels, G. 2018. Why the demise of specialist reporters is a loss for any democracy. [AANLYN] Beskikbaar by: https://theconversation.com/why-the-demise-of-specialist-reporters-is-a-loss-for-any-democracy-107196 [2019, Augustus 9].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Davies, J. 2017. European newsrooms are forming a united front against fake news. [AANLYN] Beskikbaar by: https://digiday.com/uk/european-newsrooms-forming-united-front-fake-news/ [2018, Maart 15].

Day, L.A. 2006. *Ethics in media communications: Cases and controversies*. Belmont, CA: Thompson Wadsworth.

De Beer, L. 2006. Mediakonvergensie as internasionale fenomeen – drie Afrikaanse dagblaaie en werknemerspersepsie. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit Stellenbosch.

Denscombe, M. 2003. *The good research guide.* Buckingham: Open University Press.

Desigaud, C., Howard, P. N., Bradshaw, S., Kollanyi, B. en Bolsolver, G. 2017. Junk news and bots during the French presidential election: What are French voters sharing over Twitter in round two? [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.oii.ox.ac.uk/blog/junk-news-and-bots-during-the-french-presidential-election-round-ii/ [2018, Mei 14].

Deuze, Mark. 2007. *Media work*. Cambridge: Polity Press.

De Vos, A.S., Strydom, Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grassroots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

De Waal, M. 2007. How a South African news site gives youth a voice and a vocation. [AANLYN] Beskikbaar by: https://ijnet.org/en/story/how-south-african-news-site-gives-youth-voice-and-vocation [2019, Augustus 3].

Downing, J.H., McQuail, D, Schlelinger, P. & Wartella, E. 2004. *The Sage handbook of media studies*. Londen: Sage Publication.

Du Plooy, G.M. 2011. *Communication research: Techniques, methods and applications*. Kaapstad: Juta.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Engelbrecht, A. 2016. Kwalitatiewe navorsing: data-insameling en -analise, in I. Joubert, C. Hartell & K. Lombard. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik.

Falkvinge, R. 2016. The great fake news scare of 1530. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.privateinternetaccess.com/blog/2016/12/the-great-fake-news-scare-of-1530/ [2018, Mei 14].

Farkas, J. & Schou, J. 2018. Fake news as a floating signifier: Hegemony, antagonism and the politics of falsehood. *Journal of the European Institute for Communication and Culture*, 25(3):298-314.

Faure, C. 1995. Ondersoekende joernalistiek en sosiale verandering: 'n Ontleding en evaluering van die agendastellingsrol van Vrye Weekblad (1988-1993). Ongepubliseerde Pd.D-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria.

Ferreira, J. 2000. Hekwagterskap tydens die Waarheid-en-Versoenningskommissie se sitting oor chemiese en biologiese oorlogvoering soos gereflekteer in drie Kaapstadse dagblaaie. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit Stellenbosch.

Ferreira, G.P. 2018. Gatekeeping changes in the new media age, the internet, values and practices of journalism. *Brazilian Journalism Research*, 14(2):486-505.

Findlay, K. 2016. Running interference: The fake 'white monopoly capital' propaganda community on Twitter. [Aanlyn] Beskikbaar: https://datajournalismawards.org/projects/running-interference-the-fake-white-monopoly-capital-propaganda-community-on-twitter/ [2018, Maart 14].

Fitzpatrick, M. 2015. Marida Fitzpatrick gesels met Barnard Beukman. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Stemme/Profiele/marida-fitzpatrick-gesels-met-barnard-beukman-koerant-speel-nog-kernrol-20151127. [2019, Maart 5].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Fitzpatrick, N. 2018. Media manipulation 2.0: The impact of social media on news, competition, and accuracy. *Athens Journal of Mass Media and Communications*, 4(1):46–61.

Fletcher, R. & Park, S. 2017. 'The impact of trust in the news media on online news consumption and participation'. *Digital Journalism* 5(10):1281–1299.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process, in A.S de Vos (red.). *Research at grassroots for the social sciences and human service professions.* 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Fourie, P.J. 2012. Fundamentele massakommunikasienavorsing as 'n voorwaarde vir gesubstansieerde mediakritiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 4(1):651-668.

Fourie, P.J. 2013. The role and functions of the media in society, in Fourie, P.J. (red.) 2013. *Media studies: Media history, media and society.* Kaapstad. Juta.

Fourie, P.J. 2018. Die invloed van die digitale medialandskap op mediateorie: Van effekteorie tot mediatiseringsteorie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(1):85-102.

Fowler, F.J. 2008. *Survey research methods.* 3de uitgawe. Londen: Sage.

Goode, L. 2009. Social news, citizen journalism and democracy. *New Media & Society*, 11(8):1287–1305.

Gorbach, J. 2018. Not your grandpa's hoax: A comparative history of fake news. *American Journalism*, 35(2):236-249.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing, in A.S. de Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport (reds.). *Research at grassroots – for the social sciences and human service professions.* 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Greenslade, R. 2016. Suddenly national newspapers are heading for that print cliff fall. [AANLYN] Beskikbaar by:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

https://www.theguardian.com/media/greenslade/2016/may/27/suddenly-national-newspapers-are-heading-for-that-print-cliff-fall [2018, Maart 21].

Grobler, J. M. 2001. 'n Ondersoek van Afrikaanssprekendes se behoeftes aan Afrikaansetelevisieprogramme – 'n Gevallestudie. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.

Gulyas, A. 2013. The influence of professional variables on journalists' uses and views of social media. *Digital Journalism*, 1(2):270-285.

Haddad, K. 2016. Great Moon Hoax published, announces false discovery of life on moon. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.clickondetroit.com/features/august-25-1835-great-moon-hoax-published-announcing-false-discovery-of-life-on-the-moon [2018, Mei 26].

Hadland, A. 2015. *Media-state relations in emerging democracies*. Hamsphire: Palgrave MacMillan.

Hall, J. 2001. *Online Journalism*. Londen: Pluto Press.

Hänska, M. & Bauchowitz, S. 2017. *Tweeting for Brexit: how social media influenced the referendum*. St Edmunds: Abramis Academic Publishing.

Harrison, J. 2018. Fake news has always existed, but quality journalism has a history of survival. [AANLYN] Beskikbaar by: https://theconversation.com/fake-news-has-always-existed-but-quality-journalism-has-a-history-of-survival-95615 [2018, Mei 14].

Higgit, R. 2015. The Great Moon Hoax and the Christian philosopher. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.theguardian.com/science/the-h-word/2015/feb/05/great-moon-hoax-christian-philosopher-history-science [2018, Mei 14].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hunter, Q. 2017. State of the newsroom. [AANLYN] Beskikbaar by: http://www.journalism.co.za/wp-content/uploads/2018/03/WITS-STATE-OF-THE-NEWSROOM_March_2018.pdf [2018, Mei 14].

Jordaan, M. 2012. Social media in the newspaper newsroom: The professional use of Facebook and Twitter at *Rapport* and the *Mail & Guardian*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds). 2016. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik.

Jürgens, P., Jungherr, A. & Schoen, H. 2011. *Small worlds with a difference: New gatekeepers and the filtering of political information on Twitter*. New York: ACM.

Kattego, S. 2018. Hannah Arendt on why it's urgent to break your bubble. [AANLYN] Beskikbaar by: https://iai.tv/articles/hannah-arendt-on-why-its-important-to-break-your-bubble-auid-1180 [2018, Mei 24].

Kellner, D. 2003, *Media Spectacle*. Londen; New York: Routledge.

Kovach, B. & Rosenstiel, T. 2014. *The elements of journalism: What newspeople should know and the public should expect*. New York. Three Rivers Press.

Kruger, F. 2004. *Black, White and Grey, Ethics in South African journalism*. Kaapstad: Double Storey.

Lee, T.B. 2016. Print newspapers are dying faster than you think. [AANLYN] Beskikbaar: https://www.vox.com/new-money/2016/11/2/13499004/print-newspapers-dying [2018, Maart 4].

Kloppers, J. 2009. 'n Ondersoek na die ontwikkeling van *Die Matie* studentekoerant se regulering en selfregulering sedert 1995. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. *Practical research: Planning and design*. Boston: Pearson.

Lombard, K. 2016. Steekproefneming, in I. Joubert, C. Hartell & K. Lombard. *Navorsing:'n Gids vir die beginnernavorser.* Pretoria: Van Schaik.

Madison, E. & Dejarnette, B. 2017. Journalism's gatekeepers lost control of their gates. [AANLYN] Beskikbaar by: https://medium.com/s/how-journalism-became-a-dirty-word/journalisms-gatekeepers-lost-control-of-their-gates-8548f1bec0a3 [2018, Mei 14].

Malherbe, P. 2018. Byna 2 mjd. se data kwesbaar. [AANLYN] Beskikbaar by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2018/04/12/B1/SApmFacebookFacebook_2_0_26873060.html [2018, Mei 14].

Mavridis, G. 2018. Fake news and social media: How Greek users identify and curb misinformation online. Ongepubliseerde M-tesis. Malmö Universiteit. Swede.

McQuail, D. 2010. *McQuail's mass communication theory*. Londen: Sage.

Media24. 2013. Job grades and job description. [AANLYN] Beskikbaar by: http://www.in24.co.za/job-grades/ [2018, Maart 4].

Meraz, S. & Papacharissi, Z. 2013. Networked gatekeeping and networked framing on #Egypt. *The International Journal of Press/Politics*, 18(2):138–66.

Metzgar, E.T. & Hornaday, B.W. 2013. Leaving it there? The Hutchins Commission and modern American journalism. *Journal of Mass Media Ethics*, 28(4):255-270.

Mihailidis, P. & Viotty, S. 2017. Spreadable spectacle in digital culture: Civic expression, fake news, and the role of media literacies in 'post-fact' society. *American Behavioral Scientist*, 61(4):441-454.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mitrokhin, N. 2015. Infiltration, instruction, invasion: Russia's war in the Donbass. [AANLYN] Beskikbaar by: http://spps-jspps.autorenbetreuung.de/files/07-mitrokhin.pdf [2018, Mei 14].

Mokwena, D. 2018. Exploring the social responsibility of tabloid journalism in South Africa: Views from the *Daily Sun* and *Sunday Sun.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Mouton, J. 2013. *How to succeed in your master's & doctoral studies*. Pretoria: Van Schaik.

Netwerk24. 2016. Willem Jordaan is 'Die Burger' se nuwe redakteur. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/willem-jordaan-is-die-burger-se-nuwe-redakteur-20160302 [2018, Junie 9].

News24. 2018. Tutu dismisses another fake 'death' story. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.news24.com/SouthAfrica/News/tutu-dismisses-another-fake-death-story-20180422 [2018, Mei 14].

Nieuwenhuis, J. 2014. Introducing qualitative research, in Maree, K. Ed. 2014. *First steps in research*. Hatfield: Van Schaik.

Oosthuizen, L.M. 2014. *Media Ethics in the South African Context – An introduction and Overview*. Lansdowne: Juta.

Pandey, N. 2018. Fake news - a manufactured deception, distortion and disinformation is the new challenge to digital literacy. *Journal of Content, Community & Communication*, (8)4:15-21.

Pickard, V. 2010. Whether the giants should be slain or persuaded to be good: Revisiting the Hutchins Commission and the role of media in a democratic society. *Critical Studies in Media Communication*, 27(4):391-411.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Posetti, J. & Matthews, A. 2018. A short guide to the history of fake news and disinformation. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.icfj.org/news/short-guide-history-fake-news-and-disinformation-new-icfj-learning-module [2018, April 4].

Rabe, L. 2016. Pasop vir fopnuus. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/pasop-vir-fopnuus-20161128 [2018, April 4].

Retief, J. 2010. *Media ethics an introduction to responsible journalism*. Kaapstad: Oxford University Press.

Roelofse, K. 1996. The history of the South African Press, in *Introduction to communication – course book 5: journalism, press and radio studies*. Kenwyn: Juta.

Rule, P. & John, V. 2011.*Your guide to case study research*. Pretoria: Van Schaik.

Sambrook, R. 2017. Stop press? Last words on the future of newspapers. [AANLYN] Beskikbaar by: http://themediaonline.co.za/2017/04/stop-press-last-words-on-the-future-of-newspapers/ [2018, Maart 21].

Scholtz, L. 2017. Is nuus waar of gemanipuleer? [AANLYN] Beskikbaar by**:** https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/is-nuus-waar-of-gemanipuleer-20171115 [2018, Mei 26].

Schudson, M. 2001. The objectivity norm in American journalism. *Journalism*, 2(2):149-170.

Schurink, W. Fouché, C.B & de Vos. 2011. Qualitative data analysis and interpretation, in De Vos, A.S. Strydom, H. Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (reds). 2011. *Research at grassroots*. Hatfield: Van Schaik.

Seale, C. 1999. *The quality of qualitative research. Introducing qualitative methods*. Londen: Sage.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Severin, W.K. & Tankard, J.W. 1992. *Communication theories: Origins, methods, and uses in the mass media*. New York: Longman.

Siebert, F.S., Peterson, T. & Schramm, W. 1963. *Four theories of the press: the authoritarian, libertarian, social responsibility, and soviet communist concepts of what the press should be and do*. Illinois: University of Illinois Press.

Silverman, C. 2015. Verily, verily, it's time to verify. *Quill*, 103(2):18-23.

Spohr, D. 2017. Fake news and ideological polarization: Filter bubbles and selective exposure on social media. *Business Information Review*, 34(3):150-160.

Shoemaker, P. & Vos, T. 2009. *Gatekeeping theory*. New York: Routledge.

Steyn, T. 2009. Die belewing van stres by vroulike bestuurders. Ongepubliseerde M.A-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.

Stokel-Walker, C. 2018. Fake news travels six times faster than the truth on Twitter. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.newscientist.com/article/2163226-fake-news-travels-six-times-faster-than-the-truth-on-twitter/ [2018, Maart 23].

Suid-Afrikaanse Persraad. 2019. Code of ethics and conduct for South African print and online media. [AANLYN] Beskikbaar by: http://www.presscouncil.org.za/sa-press-code/ [2019, Junie 14].

Tandoc, E.C; Lim, Z.W. & Ling, R. 2018. Defining 'fake news'. *Digital Journalism*, 6(2):137-153.

TerreBlanche, M., Durrheim, K. (reds). 2002. *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Theart, F.H. 2013. Die funksies en vereistes van die resensiewese in 'n veranderende bedryf: teaterkritiek en die nuwe media. Ongepublisieerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Thomas, T. 2014. Russia's information warfare strategy: Can the nation cope in future conflicts? *The Journal of Slavic Military Studies*, 27(6):648-658.

Thornton, B. 2009. The moon hoax: Debates about ethics in 1835 New York newspapers. *Journal of Mass Media Ethics*, 15(2):89-100.

Thorson, E. 2008. Changing patterns of news consumption and participation. *Information, Communication & Society*, 11(4):473–89.

Tomaselli, K.G. 2004. Media ownership and democratisation. In Hydén, G.,Leslie, M. & Ogundimu, F.F. (reds.), Media and democracy in Africa. New Jersey: Transaction Publishers.

Tutheridge, G. 2017. What is the role of gatekeeping journalist's in today's media environment? [Aanlyn] Beskikbaar: https://medium.com/@gabrielletutheridge/what-is-the-role-of-gatekeeping-journalists-in-today-s-media-environment-2034a30ba850 [2018, Junie 7].

Van Boom, D. 2018. The fake news campaign that failed. [Aanlyn] Beskikbaar: https://www.cnet.com/news/fake-news-campaign-divided-south-africa-twitter-facebook/ [2018, Maart 18].

Vargo, C., Guo, L. & Amazeen, M. 2017. The agenda-setting power of fake news: A Big data analysis of the online media landscape from 2014 to 2016. *New Media & Society*, 64(2):1-11.

Wallace, J. 2017. Modelling contemporary gatekeeping. The rise of individuals, algorithms and platforms in digital news dissemination. *Digital Journalism*, 6(3):274-293.

Ward, J.A. & Wasserman, H. (reds). 2008. *Media ethics beyond borders: a Global perspective*. Johannesburg: Heinemann.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wasserman, H. 2013. Die media, demokrasie en burgerlike deelname: ’n Etiek van luister. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.litnet.co.za/die-media-demokrasie-en-burgerlike-deelname-n-etiek-van-luister/ [2018, Augustus 8].

Wasserman, H. 2017. Fake news from Africa: Panics, politics and paradigms. *Journalism*, 1-4.

Welbers, K., Van Atteveldt, W., Kleinnijenhuis, J. & Ruigrok, N. 2016. A gatekeeper among gatekeepers. *Journalism Studies*, 6(3):315-333.

Wimmer, R.D. & Dominick, J.R. 1991. Mass media research. 3de uitgawe. Kalifornië: Wadsworth.

White, C.J. 2005. *Research: A practical guide*. Pretoria: Inthuthuko.

Yin, R. 2012. *Applications of case study research.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Persoonlike onderhoude (chronologiese volgorde)

Gert Coetzee. 2018. Redakteur. *Volksblad*. 2 Oktober. (e-pos)

Zigi Ekron. 2018. Inhoudsbestuurder. *Die Burger* (Oos-Kaap). 21 Oktober, Kaapstad.

Vernon Janse van Rensburg. 2019. Eindredakteur. *Beeld*. 13 Augustus. (e-pos)

Willem Jordaan. 2018. Redakteur. *Die Burger*. 2 November, Kaapstad.

Carla Lewis. 2019. Senior joernalis. *Beeld*. 14 Augustus. (e-pos)

Petrus Malherbe. 2018. Sake-joernalis. Netwerk24. 15 November, Kaapstad.

Malherbe Nienaber. 2019. Joernalis. Netwerk24. 15 Augustus, Kaapstad.

Christo van Staden. 2018. Eindredakteur. *Volksblad*. 30 September. (e-pos)

Ané van Zyl. 2019. Joernalis. Netwerk24. 15 Augustus, Kaapstad.

Malani Venter. 2019. Bylae-redakteur. *Die Burger*. 15 Augustus, Kaapstad.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDA

Addendum A: Die Burger se etiese kode

Etiese Kode en Riglyne vir Verslaggewers, Fotograwe en Grafiese Kunstenaars van *Die Burger*

Die Burger se **waardes** waarbinne sy etiese kode geld, is die volgende:

Die Burger is verbind om nuus waarheidsgetrou, akkuraat, eerlik en regverdig te rapporteer, en om kommentaar te publiseer wat regverdigheid weerspieël en nastreef volgens die hoogste standaarde in joernalistiek soos uiteengesit in die perskode wat hieronder volg.

Die Burger is onafhanklik van die owerheid op alle vlakke, of enige druk- en/of belangegroep.

Die Burger moedig rasseharmonie aan en streef daarna om die welsyn en vooruitgang van alle sektore van die bevolking te bevorder deur sy verslaggewing.

Die Burger tree op in die openbare belang as voorstander van vryheid van spraak.

Die Burger is verbind tot die bevordering van Afrikaans onder alle sprekers, ongeag ras en etniese groepering.

Die Burger steun ’n sakeomgewing waarin ’n onafhanklike mediabedryf kan meeding en floreer.

Die volgende vier beginsels geld as basiese riglyne in die daaglikse optrede van joernaliste, fotograwe en grafiese kunstenaars van ***Die Burger:***

1. Soek die waarheid en doen so volledig as moontlik daaroor verslag

1.1 Akkuraatheid - toets die noukeurigheid van inligting deur dit aan die volgende vrae te onderwerp:

- Het jy ’n hoë mate van vertroue in die feite van jou berig/artikel en die bronne wat dit verskaf het? Indien nie, kan jy jou storie op ’n meer akkurate manier vertel? As jy enige twyfel het oor jou bronne, kan jy hulle uitskakel en vervang ten einde ;n groter mate van feitelike getrouheid te bewerkstellig?
- Het jy alle feite aan ’n bron gekoppel of gedokumenteer?
- Het jy die hooffeite gekontroleer en geverifieer, verkieslik by ander bronne as jou hoofbron(ne)?
- Kan jy die korrek gespelde naam en korrekte telefoonnommer van elke bron aan jou redakteur verskaf?
- Het jy volle vertroue dat al die feitelike verklarings in jou storie die waarheid reflekteer?
- Is jy bereid om in die openbaar jou kontrolering van feite en ander verifiëringsmetodes om jou storie se akkuraatheid te verseker te verdedig?
- Is die aanhalings in jou storie regverdig en in konteks aangebied?
- Haal jy anonieme bronne aan? Hoekom maak jy van sodanige bronne gebruik? Is jy bereid om in die openbaar die gebruik van daardie bronne te verdedig?
- Gebruik jy enige materiaal, dokumente of foto’s wat deur anonieme bronne verskaf is? Hoekom? Hoeveel vertroue het jy in die egtheid van die materiaal? Is jy bereid om in die openbaar die gebruik van daardie bronne te verdedig?
- Het jy enige persone, rasse, kulture, nasies of segmente van die samelewing beskryf deur stereotipiese byvoeglike naamwoorde te gebruik? Is sodanige beskrywings akkuraat en betekenisvol in die konteks waarin dit aangebied is?
- Het jy potensieel aanstootlike taal of foto’s in jou storie gebruik? Is dit noodsaaklik dat jy dit moet gebruik? Sal die storie minder akkuraat wees as daardie woord(e) of foto nie gebruik word nie?
- Reflekteer jou opskrifte, prikkelaars en plakkate die feite en konteks van die storie waarna dit verwys?
- Die volgende riglyne geld vir die gebruik van **vloekwoorde, godsdiens-aanstootlike woorde of ander moontlike obsene woorde** wat miskien kan aanstoot gee: Die beleid oor profaniteit en die gebruik van godsdienstige name wat moontlik aan spesifieke godsdienste aanstoot kan gee, het as vertrekpunt dat *Die Burger* by so ’n wye leserskorps as moontlik moet probeer aanklank vind. Al het die aanvaarbaarheidsvlak van sekere woorde vanweë ’n meer toegeeflike benadering by die publiek die afgelope aantal jare verander en meer toeskietlik geraak, moet ons die gebruik van dié soort woorde versigtig dophou en beperk tot die volgende uitsonderlike omstandighede:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1. Elke geval moet beoordeel en getoets word aan die kernvraag: Word ’n belangrike joernalistieke doel bereik deur die gebruik van die vloekwoord of obsene taalgebruik? Hoe sterker die taalgebruik, hoe belangriker en ernstiger moet die doel van ons gebruik daarmee wees. Is dit byvoorbeeld in die openbare belang dat ons die wese van wat gesê is, moet weergee? (’n Voorbeeld is die geval Percy Sonn se gekruide taal tydens die Krieket-Wêreldbekertoernooi toe hy onder die invloed van alkohol was. As openbare figuur het ons sy gekruide taal gepubliseer, hoewel met asteriske, omdat dit as illustrasie gedien het van sy onaanvaarbare gedrag. Dit was dus geregverdig omdat dit in die openbare belang was.)

2. Die konteks waarin die woorde gebruik word, moet deeglik in ag geneem word. Hier speel faktore soos openbare belang en die plek waarin die woorde in die koerant gebruik word ’n rol.

3. Indien daar twyfel bestaan of die woord gebruik moet word, moet ’n hoofredaksielid of lynhoof, maar verkieslik die redakteur, se raad gevra word.

4. Die gebruik van twyfelagtige woorde word uitsluitlik beperk tot aangehaalde materiaal. *Die Burger* se eie verslaggewers mag net in hoogs uitsonderlike omstandighede dié soort woorde in berigte/artikels gebruik en ook nie sonder toestemming van ’n hoofredaksielid of lynhoof, maar verkieslik die redakteur, nie.

5.’n Algemene reël is dat indien ’n persoon in die nuus ’n profaniteit kwytraak wanneer niemand teenwoordig is behalwe ’n enkele of meer as een verslaggewer nie, *Die Burger* dit nie sal gebruik nie. Wanneer daar egter meer mense en ander lede van die publiek teenwoordig is, en die betrokke persoon bekend is, raak die aanhaling van die woord(e) meer aanvaarbaar.

6. Soms is taalgebruik nie profaan, obseen of godsdienstig aanstootlik nie, maar kan dit steeds aanstoot gee op grond van smaak. Die relevansie van die nuus moet dan as kriterium geld en behoort verslaggewers toegelaat te word om in die lig van nuusrelevansie oor sake soos die menslike anatomie, seks- en uitskeidingsfunksies te skryf. Smaak kan nie gereguleer word nie, maar verslaggewers en redakteurs moet in ag neem dat *Die Burger* hom posisioneer as ’n gesaghebbende koerant van openbare rekord waarin nuuswaardes ook deeglik in ag geneem moet word. Die ondeurdagte gebruik van profaniteit kan afbreuk doen aan dié posisionering.

7. Versagtende vorme van profane woorde en frases kan gebruik word, indien enige twyfel bestaan. Dit beteken nie dat alternatiewe woorde gebruik word nie, maar eerder ’n beletselteken. Wanneer besluit word om taal uit ’n aanhaling te sny, word so ’n beletsel- of weglatingsteken gebruik, bv. k—k , s—t en f—n onderskeidelik vir kak, stront en fokken. Ons gebruik dus net die eerste letter van die woord, gevolg deur die em-teken, en daarna die laaste letter. Asteriske mag nie gebruik word om weggelate letters aan te toon nie.

8. Die gebruik van dié soort woorde binne konteks word toegelaat in langer, ernstiger artikels of rubrieke wat normaalweg op die kunsblad, hoofartikelblad en Forumblad verskyn. Weer eens moet egter in ag geneem word of die gebruik van die woorde ’n belangrike joernalistieke doel dien en of daardie doel sou skade ly indien die woorde gewysig, met ems geredigeer, of bloot weggelaat word.

9. Dogmatiese weglating van profaniteite moet vermy word en besluite hieroor moet voortdurend geneem word in die lig van die spieël van die werklikheid wat *Die Burger* elke dag aan sy lesers probeer voorhou.

1.2 Plagiaat: Moet nooit plagiaat pleeg nie. Volgens die *Ensiklopedie van die Wêreld* (deel 8, Stellenbosch: C.F. Albertyn Edms. Bpk, 1976: 253) is plagiaat die “nabootsing of oorneem van geskrewe of ander skeppinge van ’n ander, met die doel om dit vir eie skepping te laat deurgaan; in beperkte sin die skending van outeursreg.” Die *Shorter Oxford English Dictionary* (Oxford:

Clarendon Press, 1980: 1596) beskryf plagiaat as “the taking and using as one’s own of the thoughts, writings, or inventions of another.” W. Pauk. 1984. *How to study in college* (3de uitgawe). Boston: Houghton Mifflin: 354, beskryf plagiaat soos volg:

Plagiarism is stealing other people’s words and ideas and making them appear to be your own without giving credit. If you paraphrase something from already published material and do not give the reference, you’re guilty of plagiarism even though you have no intention of stealing! Simply rearranging sentences or rephrasing a little without crediting is still plagiarism.

Die pleeg van plagiaat word in ’n baie ernstige lig in die joernalistiek beskou. Joernaliste wat plagiaat pleeg, sal dissiplinêr aangekla word en kan ontslaan word. Indien jy onseker is oor wat plagiaat is, kyk gerus na die volgende webwerwe waar die verskillende vorme van plagiaat uiteengesit word, of gesels met *Die Burger* se ombudsman vóór jy ’n berig of artikel aanbied vir publikasie:

i. www.plagiarism.org

ii. www.turnitin.org

Normaalweg bestaan 5 vlakke van plagiaat, soos geïdentifiseer deur verskillende professionele instellings soos byvoorbeeld die Amerikaanse Institute of Electrical and Electronics Engineers (www.ieee.org):

Vlak 1: Ongekrediteerde (onerkende) verbatim kopiëring van ’n volledige artikel. 5

Vlak 2: Ongekrediteerde (onerkende) verbatim kopiëring van ’n groot deel (tot soveel as helfte) van ’n artikel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vlak 3: Ongekrediteerde (onerkende) verbatim kopiëring van individuele elemente soos sinne, paragrawe, en illustrasies.

Vlak 4: Ongekrediteerde (onerkende) onaanvaarbare parafrasering van bladsye of paragrawe (deur ’n paar woorde of frases te verander of om die oorspronklike sinsvolgorde te verander).

Vlak 5: Deur erkenning te gee aan verbatim gekopieerde dele van ’n artikel sonder om duidelik aan te toon wie wat geskryf het.

Toets jouself altyd aan die volgende vrae:

- Het jy deurlopend in jou berig/artikel behoorlike erkenning gegee aan enige materiaal wat nie jou eie is nie? Onthou: om bloot ’n bronnelys te vermeld aan die einde van ’n berig/artikel, sonder om die relevante dele waaruit jy jou inligting verkry het behoorlik deurlopend in die teks aan te dui, is nie voldoende nie. Dit kom steeds neer op plagiaat.
- Werk jy van jou aantekeninge/notas, of deur uit jou kop te memoriseer? Indien laasgenoemde, is jy seker jy gebruik nie iemand anders se frases of sinne uit jou geheue nie?
- Sal redelike mense die verskil agterkom tussen jou skryfwerk en ander s’n?
- Is jy goed genoeg ingelig oor jou onderwerp om potensiële probleme met jou werk te kan raaksien?
- Het jy ander aangemoedig om jou werk te lees om te sien of dit enige herinneringe loslaat wat plagiaat mag aandui?

1.3 Misleiding in ’n poging om die waarheid vas te stel: Kriteria vir regverdiging van die gebruik van ’n leuen en misleiding moet aan elkeen van die volgende vereistes voldoen:

- Wanneer die inligting waarna jy soek van groot belang is. Dit moet van uiters belangrike openbare belang wees, soos om byvoorbeeld inligting openbaar te maak wat ’n groot mislukking van stelselineenstorting rapporteer; of wat diepgaande skade of leed aan individue voorkom.
- Wanneer alle ander alternatiewe om dieselfde inligting te bekom misluk het.
- Wanneer die betrokke joernaliste en fotograwe bereid is om volledig en openlik die aard van die misleiding openbaar te maak, asook die redes daarvoor aan die belanghebbendes en die publiek.
- Wanneer die individuele betrokke verslaggewers en fotograwe en *Die Burger* uitnemendheid beoefen deur uitmuntende vaardighede sowel as deur die toesegging van die verlangde tyd en geld, om die storie volledig na te volg.
- Wanneer die skade wat voorkom word deur die inligting openbaar te maak deur middel van misleiding swaarder weeg as enige skade wat veroorsaak word deur die daad van misleiding.
- Wanneer die betrokke verslaggewers en fotograwe ’n betekenisvolle, medewerkende en doelgerigte besluitnemingsproses in werking gestel het waarin die volgende geweeg is:
- Die gevolge (lang- en korttermyn) van die misleiding op hulle wat mislei word;
- Die impak op joernalistieke geloofwaardigheid;
- Die motiverings vir die joernaliste en fotograwe se optrede;
- Die misleidende daad in verhouding met *Die Burger* se redaksionele missie;
- Die regsimplikasies van die misleiding; en
- Die konsekwensie van die verslaggewers en fotograwe se beredenering en optrede.
- Dit is van die allergrootste belang dat enige selfondersoek en bevraagtekening van moontlike misleiding geskied voor van misleidende metodes van verslaggewing gebruik gemaak word en nie eers daarna nie.

1.4 Stereotipering: Die mens se ingeboude geneigdheid om ander te kategoriseer lei tot stereotipering op grond van geslag, ras, etniese verband, godsdiens, land van oorsprong, woongebied, seksuele voorkeur, fisiese en geestelike gestremdheid, al dan nie, politieke sienings, en ander vorme. Dié stereotipes versterk dikwels verkeerde persepsies teenoor enkelinge of groepe. Sonder om op artistieke vryheid inbreuk te maak, moet stereotipering sover as moontlik vermy word. Wat op die spel is, is die strukture, die waardes en die praktyke wat bepaal hoe nuus geselekteer word. Gevalle van moontlike stereotipering in nuusverslaggewing behoort in die redaksie omvattend bespreek te word tussen verteenwoordigende groepe uit verskillende rasse-, geslags- en ouderdomsgroepe. Verslaggewers en fotograwe van *Die Burger* streef daarna om die volgende riglyne ten opsigte van stereotipering na te kom:

***1.4.1* Ras:** Die gebruik van kwetsende woorde om mense rasgewys te stereotipeer moet ten alle koste vermy word. Redakteurs en afdelingshoofde moet bedag wees op rassestereotipering en dit nie in kopie toelaat nie. *Die Burger* is ’n koerant met ’n diverse lesersgroep en dié lesersprofiel moet te alle tye by die skryf van berigte en die keuring van kopie, ook deur bydraers en rubriekskrywers van buite, in gedagte gehou word. Rassisme sal nie in redaksionele kopie, promosiemateriaal en advertensies in *Die Burger* toegelaat word nie. Die ras van ’n persoon mag nie in berigte genoem word nie, tensy:

- die persoon se ras relevant is om byvoorbeeld ’n verdagte te kan identifiseer omdat dit in openbare belang is.
- mense wat om kommentaar genader is of wat by die nuusgebeure betrokke was as deelnemende partye, getuies of slagoffers, die ras van iemand noem ten einde ’n nuusgebeurtenis te beskryf.
- die ras in ’n hof genoem word en dit relevant is vir die saak wat verhoor word.

1.4.2 Geslag: Vermy stereotipering oor geslag en hanteer dit met omsigtigheid. Die volgende riglyne moet in ag geneem word wanneer gender ter sprake kom:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Verhoog vroue se sigbaarheid in die nuus – nie alleen deur meer stories oor vroue (presteerders, sport, ens) te plaas nie, maar ook deur vroulike kundiges as bronne te gebruik; soek doelbewus vroue se perspektiewe.
- Navorsing toon slegs 10 % van nuusstories het vroue as sentrale fokus. Vra jouself af wat die fokus van die storie is en of dit pleks van uit ’n manlike perspektief vir mans, nie “geslagloos” kan wees om vroue ook in te sluit nie.
  - Vroulike joernaliste toon ’n geneigdheid om meer vroue as bronne te gebruik. Alle joernaliste behoort uit hul pad te gaan om meer vroue as bronne te gebruik. Terselfdertyd moet joernaliste ook vroue aanmoedig om hul verhale te vertel – en dat hul stories ook waarde het.
  - Streef daarna om per storie gelyke verteenwoordiging te kry van mans en vroue in gesagsposisies wat as bronne kan dien.
  - Maak seker jy het balans in jou storie – veral as dit ’n kwessie is wat vroue raak – byvoorbeeld verkragting, vra jouself of die bronne gebalanseerd en verteenwoordigend is.
- Herken en verwerp degraderende kulturele gebruike wat vroue se stemme uit die media hou, of wat karikature van vroue maak, of stereotipes perpetueer.
- Kopie en foto’s moet die onvanpaste gebruik of uitbuiting van vroulike seksualiteit vermy. Waar seksualiteit ter sprake is, moet dit met respek en sensitiwiteit vir almal gebruik word, sowel die onderwerp as die leser.
- Die aanvaarde praktyk om vroue volgens voorkoms, huwelikstatus en ouderdom te definieer, is diskriminerend – indien dit nie nodig is vir die berig nie, vermy.
- As onderwerpe in foto’s: vroue is verhoudingsgewys oorverteenwoordig in foto’s. Die afleiding is dat vroue op foto’s is vir dekoratiewe doeleindes. Vra jouself af hoekom dit nodig is dat ’n vrou op die foto moet wees, en of dit nie ook ’n man kan wees nie.
- Moenie vroue as slagoffers uitbeeld nie. Die tipiese foto van die vrou huilend wanneer informele huisvesting afgebrand het, is ’n voorbeeld. Dit perpetueer die stereotipe dat vroue nie in beheer is nie, maar slagoffers van omstandighede. Gebruik ook mans vir sulke foto’s en vir aanhalings.
- As ’n opvoedkundige rol, publiseer voorvalle van teistering, hoe dit hanteer word, en die gevolge.
- Verskaf ’n kontaklys (ook in die vorm van ’n aanlyn-databasis) van vroulike kundiges en organisasies op alle gebiede wat voortdurend aangepas en uitgebrei kan word aan alle joernaliste wat as bronne gebruik kan word.

1.4.3 Seksuele voorkeur: die gebruik van kwetsende woorde om mense se seksuele voorkeure te beskryf moet vermy word. Vermy aanduidings van mense se seksuele voorkeur in byvoorbeeld opskrifte tensy dit absoluut funksioneel is.

1.4.4 Diversiteit: stereotipering kan vermy word deur diversiteit in verslaggewing in ag te neem en te bevorder. Die volgende riglyne geld:

- Nuusberigte, grafika en foto’s moet met sensitiwiteit, akkuraatheid en regverdigheid aangebied word teenoor alle betrokke partye.
- Neem die moontlike gevolge van jou berig/artikel/foto/grafika in ag. Wie sal benadeel en wie bevoordeel word.
- Maak gebruik van ’n diversiteit van bronne. Die gebruik van een minderheidspersoon kan neerkom op oëverblindery.
- Moenie dat vooropgestelde idees jou pogings om diversiteit in te sluit beperk nie.
- Wees buigsaam oor die moontlikheid dat die fokus van jou berig/grafika/foto mag verander as ander bronne ingesluit word.
- Ontwikkel ’n betekenisvolle lys van minderheidsbronne wat perspektief en kundigheid in die daaglikse nuusverslaggewing kan teweegbring.
- Bring tyd deur in minderheidsomgewings.
- Vermy dat plekname kodewoorde word met betrekking tot misdaad en ander negatiewe nuus.

1.4.5 Gestremdheid: wees versigtig in die beskrywing/omskrywing van mense met gestremdhede. Die gebruik van beskrywings soos dat iemand “mal” is of “geestesversteurd” is onaanvaarbaar. Geestesgestremd is ’n beter beskrywing.

2. Beperk skade tot die minimum

2.1 Regverdigheid: Toets die regverdigheid van jou verslaggewing deur dit aan die volgende vrae te onderwerp:

- Word die betekenis van dit waaroor jy verslag doen verdraai deur oor- of onderbeklemtoning van feite?
- Word feite en aanhalings van mense met wie onderhoude gevoer is behoorlik in konteks geplaas?
- Hou die berig/artikel se lengte en prominensie in die koerant verband met die belangrikheid daarvan, en is dit met waardigheid en professionaliteit aangebied?
- Word die opskrifte en prikkelaars geregverdig deur die inhoud van die berig/artikel?
- Het jy jou uiterste bes gedoen om alle kante van verhaal te vertel, of, netso problematies, het jy twee kunsmatiggedrewe kante van die saak weergegee? Het jy dus die audi alteram partem-reël nagekom deur die ander kant van die saak ook te stel?
- Het jy met deernis verslag gedoen oor ’n saak? Toon jou berig/artikel mededoë vir diegene wat negatief daardeur geraak word? Beoefen jy spesiale sensitiwiteit teenoor kinders waaroor jy verslag doen of onervare bronne of onderwerpe?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Is alle betrokkenes, veral diegene wat moontlik deur jou verslaggewing geraak is of skade berokken kan word, die geleentheid gebied om te reageer? As hulle nie bereik kan word nie of geen kommentaar het nie, het jy die redes daarvoor verduidelik?
- Het jy familielede van ’n beskuldigde/veroordeelde in ’n misdaad onnodiglik betrek by jou storie deur byvoorbeeld te verwys na die familieverbintenis van ’n bekende familielid (kleinkind, pa, broer, dogter, ma, ens.) met die beskuldigde/veroordeelde? Is dit werklik nodig om die naam van die bekende familielid te koppel aan dié van die beskuldigde/veroordeelde? Die toets sou wees: Het die bekende familielid enigiets met die onderhawige saak waarby die beskuldigde/veroordeelde betrek is, te doen en plaas die noem van sy/haar naam in die berig enige perspektief op die feite van die hofsaak/aanklagte, of kan die storie op sy eie staan sonder om die bekende familielid te betrek?
- As bronne nie behoorlik geïdentifiseer is nie, is daar ’n grondige rede daarvoor?
- As substantiewe foute of distorsies in jou koerant verskyn, plaas jy vrywilliglik, spoedig en met vergelykbare prominensie as die onakkurate berig/artikel ’n regstelling en verskoning?
- Moedig jy ’n oop dialoog met jou lesers aan? Voel andere, binne sowel as buite die redaksie, dat die berig/artikel regverdig is teenoor die betrokkenes?
- Is jy sensitief wanneer jy foto’s of onderhoude aanvra van diegene wat deur tragedie of hartseer geraak word?
- Is jy volledig bewus daarvan dat die insameling van nuus en verslaggewing ongemak en skade kan aanrig en dat die inligtingsfunksie nie ’n paspoort tot arrogansie behoort te wees nie?

2.2 Privaatheid – Artikel 14 van die Suid-Afrikaanse Grondwet waarborg die reg van privaatheid. Die privaatheid van individue kan op die volgende wyse geskend word:

2.2.1 Indringing: Die doelbewuste indringing van ’n persoon se privaatheid deur

- Private eiendom te betree sonder die eienaar se toestemming, selfs al sê die polisie dit is in orde.
- Die gebruik van telefotolense om private oomblikke van mense af te neem.
- Die onregmatige gebruik van bandopnames, kameras, meeluisterapparaat of ander tegniese hulpmiddels om inligting te bekom. ’n Algemene reël om regmatigheid/onregmatigheid te toets by die gebruik van bogenoemde apparatuur, is dat as daar prima facie-bewyse bestaan dat iemand se optrede krimineel is, dat daar geen ander uitweg is om die inligting te bekom nie, en dat genoemde persoon herhaaldelik sonder grondige redes geweier het om daardie inligting te verskaf, dan kan ’n opname gemaak word sonder om die persoon mee te deel.
- Die afneem van iemand in ’n hospitaal sonder die toestemming van die pasiënt of familie.

2.2.2 Publisiteit aan private feite: Die publikasie van inligting wat waar is oor die privaatlewe van ’n persoon, wat terselfdertyd hoogs aanstootlik is vir ’n redelike persoon en ook nie in openbare belang nie, verteenwoordig indringing op die persoon se privaatheid. Dit word gewoonlik gemeet deur te bepaal hoe die inligting verkry is, en deur die nuuswaardigheid daarvan te beoordeel. Private feite oor ’n persoon se ekonomiese status, gesondheid, of seksuele aktiwiteite kan privaatheidskending wees. Die feit dat ’n persoon MIV/vigs onder lede het, mag nie genoem word sonder die persoon se toestemming nie. Die uitsondering hier is dat die name van openbare persoonlikhede wat aan vigs sterf, wel genoem mag word solank dit in openbare belang is. Groot omsigtigheid moet egter hiermee geneem word alvorens tot so ’n besluit oorgegaan word. Verslaggewers moet ten alle koste die stigmatisering van MIV/vigs-lyers deur hul beriggewing vermy. Wees ook uiters versigtig in die rapportering van sogenaamde “kure” of teenmiddels vir MIV/vigs. Die foto’s van vigslyers (of vigswesies) mag ook nie sonder hul toestemming gepubliseer word nie. In die geval van vigswesies moet die voogde se toestemming verkry word.

2.2.3 Vals lig of beklemtoning: Dit geskied wanneer inligting gepubliseer word wat die verkeerde openbare beeld of indruk van ’n persoon weergee.

2.2.4 Wederregtelike toe-eiening: Dit behels die gebruik van persone se naam, foto of ander afbeelding sonder hul toestemming, gewoonlik om geldelike gewin. Toets die wyse waarop jy inbreuk maak op die privaatheid van mense waaroor jy verslag doen aan die volgende kriteria:

- Hoe belangrik is die inligting wat ek in die hande probeer kry?
- Het die publiek ’n reg en behoefte om te weet, of wìl hulle maar net weet?
- Watter graad van beskerming is die individue wat betrokke is by die storie op geregtig?
- Hoeveel skade kan hulle moontlik ly?
- Wat kan jy doen om die skade tot die minimum te beperk?
- Hoe sal jy voel as jy aan dieselfde mate van noukeurige ondersoek (skrutinering) onderwerp word?
- Kan jy duidelik en ten volle jou denkwyse en besluit om iemand se privaatheid binne te dring, aan die betrokkene(s) én die publiek verduidelik?

2.3 Hantering van bronne: *Die Burger* se verslaggewers is verplig om bronne van vertroulike inligting te beskerm en mag dit nie aan enigiemand buiten die redakteur of dié se verteenwoordiger bekend maak nie.

2.3.1 Voorwaardes by die gebruik van anonieme bronne:

- Die storie moet oorweldigend belangrik wees en in die openbare belang.
- Indien die storie nie op enige ander wyse verkry kan word nie.
- Indien die betroubaarheid van die bron bo verdenking is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.2 Hoe om anonieme bronne te gebruik: hou die volgende in gedagte voordat jy anonieme bronne gebruik:

- Wees baie duidelik oor *Die Burger* se standpunt oor die gebruik van anonieme bronne. ’n Belofte dat ’n bron se anonimiteit beskerm sal word, kan nie gemaak word sonder toestemming van die redakteur, of iemand anders in ’n uitvoerende posisie soos die nuusredakteur nie. As beloftes van anonimiteit gemaak word sonder hul toestemming, en jy beland in die hof, kan jy nie verwag dat jou redakteurs jou sal ondersteun nie.
- Probeer (weer) om jou bron te oorreed om sy/haar naam openbaar te maak. Soms is anonimiteit onnodig.
- As die bron nie wil toegee nie, probeer om die inligting van ’n ander bron te verkry. Dit is altyd beter om ’n bron te identifiseer as om ’n storie rondom anonieme bewerings saam te stel.
- Probeer om ’n belofte te maak op voorwaarde dat as die saak na die hof toe moet gaan, dit nie meer geld nie. ’n Voorwaardelike onderneming van anonimiteit kan vooraf gereël word met die bron.
- As jy anonimiteit sonder enige voorwaardes belowe, moet jy dit nakom, al beteken dit dat jy tronk toe moet gaan as gevolg daarvan. Soms is ’n bron nie gelukkig met ’n voorwaardelike onderneming nie. Dan is jou integriteit as joernalis op die spel. As jy eers jou anonimiteit belowe het, is daar geen uitweg nie. As jy dink daar is, behoort jy nie ’n joernalis te wees nie.
- Moenie dat ’n anonieme bron *Die Burger* gebruik om ’n veldtog te voer of ’n aanval te loods op iemand anders nie. Dit geld ook briefskrywers wat persoonlike aanvalle loods op ander onder ’n skuilnaam. As ’n bron iemand anders aanval en bereid is om sy/haar naam bekend te maak, behoort die persoon of instelling wat aangeval word die geleentheid te kry om te reageer. Maar as die bron anoniem is, word die persoon wat aangeval word benadeel. Moenie jou bron daardie onregverdige voordeel gee nie.
- Maak dit duidelik aan die publiek hoekom jy ’n anonieme bron gebruik.
- In politieke verslaggewing moet die politieke affiliasie van die anonieme bron genoem word. Weer eens, moenie anonieme politieke bronne gebruik om ander aan te val nie.
- Openbaar die naam van jou anonieme bron aan jou redakteur indien hy/sy daarop aandring. Dit is goeie beleid om ’n bron te laat begryp dat jou redakteur mag aandring om te weet wie die bron is.
- As jy uitvind dat jou bron ’n leuen vertel het, deel dit mee aan die publiek. Alle beloftes van anonimiteit is van nul en gener waarde as jy in enige stadium agterkom dat jou bron gelieg het. Publiseer sy/haar naam en vertel die publiek hy/sy het ’n leuen vertel.
- Moenie enige rekords hou van vertroulike bronne nie. Dit sal verhoed dat die polisie moontlik daarop kan beslag lê. *Die Burger* se verslaggewers is nie verlengstukke van die polisie, veiligheidsmagte of enige ander instelling nie.
- Moet nooit met iemand gesels oor anonieme bronne of enige vertroulike inligting oor hulle met iemand anders behalwe jou redakteur deel nie. Dit sal jou en jou bronne beskerm. Dit geld ook jou familie en vriende. Moenie hulle daardeur in gevaar stel nie.

2.3.3 Algemene riglyne m.b.t. bronne:

- Maak dit baie duidelik wanneer jou gesprek op of van die rekord af is. Beide die verslaggewer en die bron moet duidelik begryp wat die status van die gesprek is. As dit nie duidelik is aan albei partye nie, kan allerhande probleme opduik. Vermy dié soort situasie ten alle koste.
- Moet nooit “ja” sê vir ’n gesprek van die rekord af nadat die gesprek reeds plaasgevind het nie. Te dikwels openbaar ’n bron belangrike inligting, net om later koue voete te kry. Dis jou bron se probleem, nie joune nie. Probeer egter regverdig wees omdat jy later weer van die bron sal wil gebruik maak.
- Moet nooit enige gesprek op band opneem sonder die bron se wete nie. ’n Bandopname is noodsaaklik vir akkurate beriggewing en dus ’n noodsaaklike hulpmiddel vir enige verslaggewer. Maar die etiese en korrekte stap is om jou bron in kennis te stel dat jy ’n gesprek gaan opneem. Dit sal die bron versigtiger maak wat ook voordele inhou.
- Moet nooit bronne misbruik of deur hulle misbruik word nie. Moenie woorde plaas in die mond van ’n bron nie, maar moet nooit ’n bron toelaat om voor te skryf wat jy moet skryf nie.
- Moenie toegee aan bronne se druk om jou storie goed te keur nie. Dit is egter gesonde praktyk wat jou beskerm deur bronne toe te laat om aanhalings te sien/hoor wat hulle woorde bevat om te verseker dat iemand korrek aangehaal is. Moenie dat ’n bron egter die wyse waarop jy die storie aanbied, beïnvloed nie.
- Identifiseer jouself as ’n verslaggewer van *Die Burger* so vroeg as moontlik in die gesprek. Moenie die bron mislei nie.
- Probeer om alle inligting te verifieer. Dit verminder die kanse dat jy mislei word. Die algemene reël is om nie te publiseer tensy jy die inligting uit ’n ander bron kan verifieer nie.
- Dis baie belangrik dat ’n storie nie net gebou word om ’n enkele anonieme bron nie. Probeer altyd ’n anonieme bron se weergawe van ’n storie bevestig kry by ten minste een ander bron. Enkelbronjoernalistiek skep wantroue en hou gevare in vir die koerant en verslaggewer.

3. Tree onafhanklik op

Verslaggewers en fotograwe van *Die Burger* behoort vry van verpligting teenoor enige belange- en drukgroep en politieke party te wees buiten die publiek se reg om te weet.

3.1 Interne gewetenstoets: Twee nuttige “interne toetse van jou gewete” kan deurgaans deur joernaliste en fotograwe gebruik word, indien onsekerheid bestaan:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Kan jy in alle eerlikheid sê dat die betrokke guns of aanbod - of dit ’n dosie sjokolade, ’n sigaar, ’n week in Mauritius, of ’n besoek aan die Franse wynlande op uitnodiging van die Franse wynmakersgilde, of aan die Australiese boendoe op uitnodiging van die land se grootste lugredery – nie jou onpartydigheid sal beïnvloed nie?
- Sal jou lesers seker wees van jou geloofwaardigheid, selfs al het jy geen twyfel daaroor nie?

3.2 Belangebotsings: Vermy botsende belange van die volgende aard:

3.2.1 Geskenke: Alle geskenke wat aan verslaggewers/fotograwe in die uitvoering van hul pligte gegee word, moet aan die redakteur verklaar word. Die beste uitweg is om enige geskenk wat ’n potensiële nuusbron aan ’n redaksielid stuur, dadelik en beleef terug te stuur. Dit is ook altyd beter om *Die Burger* te laat betaal vir ’n ete. Geen gratis ete bestaan nie.

3.2.2 Reise: Alle uitnodigings aan redaksielede om reise op koste van enige organisasie of persoon mee te maak, moet aan die redakteur gerig of verklaar word wat oor die meriete van die uitnodiging sal besluit. Geen uitnodiging mag aanvaar word sonder die redakteur se toestemming nie.

3.2.3 Buitewerk (“moonlighting”): Goedkeuring moet verkry word vir enige buitewerk wat joernaliste en fotograwe verrig wat nie verband hou met hul werk vir *Die Burger* nie. Die koerant het prioriteit op jou dienste bokant die vryskutwerk. Sien ook punt 3.2.9 in hierdie verband.

3.2.4 Affiliasie met organisasies: Die probleme wat kan opduik wanneer verslaggewers en fotograwe hul affilieer met organisasies – hetsy polities, taal-kultureel, of ander – en drukgroepe kan hul geloofwaardigheid en onafhanklikheid onder verdenking bring. Om by organisasies geaffilieer te wees, kan, aan die ander kant, die geleentheid bied om mense te ontmoet, kontakte uit te brei en moontlike nuusbronne te identifiseer. Die goue middeweg is dat die soort organisasie met omsigtigheid gekies moet word: ’n brug-, skaak- of sportklub bied veel minder van ’n probleem as ’n politieke organisasie of aktivistiese drukgroep wat nuuswaardig is. Redaksielede moet sensitief wees en nie toelaat dat enige situasie hul professionaliteit aantas nie. Onpartydigheid is die wagwoord en om dit te bewerkstellig, is afstanddoening van affiliasie by drukgroepe wat die koerant in die verleentheid kan stel, die enigste uitweg.

3.2.5 Vriende en familie: Vermy situasies waarin die vinger van nepotisme na jou as redaksielid gewys kan word. Artikels of ander bydraes wat deur familielede geskryf word, mag nie deur die betrokke redaksielid aangevra en gekeur word nie, maar deur die redakteur of sy/haar aangewese lynhoof.

3.2.6 Betaling vir inligting: Geen betaling vir artikels (Engels: feature ·articles) mag aan persone gemaak word wat ·by misdade of ander wangedrag betrokke is nie, of aan veroordeeldes of hul medepligtiges, insluitend familie, vriende, bure en kollegas nie, behalwe waar die betrokke materiaal in die openbare belang gepubliseer behoort te word en betaling nodig is om dit te laat gebeur. Tjekboekjoernalistiek moet ten alle koste vermy word. Dit sluit nie die betaling in van foto’s nie wat van vryskutfotograwe verkry word wat nuuswaardige foto’s aanbied.

3.2.7 Promosies: Redaksielede moet versigtig wees om nie by verbruikersaangeleenthede betrokke te raak wat hul verbintenis met en siening van enige produk of diens kan beïnvloed nie. Dit sluit optrede in advertensies, produkbevordering, die vervaardiging en verskyning in korporatiewe video‟s en openbare skakelwerk. Om by promosie-aktiwiteite van produkte en dienste buiten dié van jou maatskappy betrokke te raak doen skade aan verslaggewers en fotograwe se onpartydigheid en neutraliteit.

3.2.8 Liefdadigheidswerk: Betrokkenheid hierby is normaalweg aanvaarbaar behalwe as ’n liefdadigheidsorganisasie omstrede begin raak wat *Die Burger* se verslaggewing daaroor kan beïnvloed.

3.2.9 Verslaggewing vir ander publikasies: Dit is aanvaarbaar om artikels te skryf, foto’s te neem of grafika te ontwerp vir ander publikasies binne die Media24-groep. Daar moet egter eers toestemming van jou redakteur verkry word voordat jy vir ’n ander publikasie mag skryf, grafika ontwerp of foto’s neem of aanbied. Die beginsel is dat jy in die eerste plek in die aanbieding van dié soort werk *Die Burger* eerste geleentheid moet bied om dit te gebruik. Eers as die redakteur toestemming daartoe verleen het, mag jy dit vir ander publikasies, ook dié in die Media24-groep, aanbied. Toestemming moet ook gevra word indien werk vir ’n publikasie buite die groep aangebied word wat gewoonlik nie toegestaan word nie.

3.2.10 Betrokkenheid by berigte/artikels waarby jy as nuusonderwerp betrek word: Een van die belangrikste onafhanklikheidsreëls van die joernalistiek is dat verslaggewers dit ten alle koste moet vermy om oor hulself te skryf. Daar is uitsonderings, soos byvoorbeeld wanneer die verslaggewer die onderwerp word van ’n nuusgebeurtenis (’n motorkaping byvoorbeeld) omdat dit die nuus toelig en konteks gee. Die reël wat egter deurentyd in gedagte gehou moet word, is dat verslaggewers rapporteerders is van nuusgebeure, nie die onderwerp daarvan nie. Wanneer ’n verslaggewer byvoorbeeld ’n boek geskryf het of ’n CD gemaak het wat kommersieel bemark word, mag hy/sy nie self daaroor skryf in *Die Burger* in wat gesien kan word as selfpromosie vir die produk nie. Dit is verkieslik dat iemand onafhanklik van die verslaggewer so ’n artikel skryf, maar wat altyd in aanmerking geneem moet word, is dat die produk liefs deur middel van normale advertensiepraktyke in *Die Burger* geadverteer moet word. Verslaggewers moet selfpromosie dus ten alle koste vermy.

3.2.11 Onvermydelike belangebotsings: Enige botsings van dié aard moet onmiddellik aan die redakteur verklaar word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4. Aanvaar aanspreeklikheid

Joernaliste en fotograwe van *Die Burger* aanvaar aanspreeklikheid teenoor hul lesers en mekaar. *Die Burger* is ’n voorstander van die volgende etiese beginsels oor verantwoordelike joernalistiek:

- Om nuusdekking behoorlik te verduidelik aan lesers en dialoog aan te moedig met die publiek oor joernalistieke gedrag en optrede.
- Om die publiek uit te nooi om griewe, klagtes en besware teen *Die Burger* te lug, hetsy by die koerant se redakteur of interne ombudspersoon, of by die Suid-Afrikaanse Pers-ombudsman.
- Om foute wat in die beriggewing en fotojoernalistiek in *Die Burger* voorkom, te erken en dit dadelik reg te stel.
- Om onetiese praktyke van verslaggewers, fotograwe en die nuusmedia bloot te lê en daaroor te rapporteer, sou dit voorkom, en om ’n benadering en persepsies ten alle koste te vermy waarvolgens beoefenaars van die beroep mekaar beskerm.
- Om dieselfde hoë standaard te handhaaf wat vereis word van mense, instansies en organisasies buite die joernalistieke beroep.

Saamgestel deur George Claassen, Desember 2002 – Oktober 2004

Bronne:

1. Gedragskode van die Pers-ombudsman van Suid-Afrika

2. Gedragskode van die Amerikaanse Society of Professional Journalists.

2. Jay Black *et al*: *Doing Ethics in Journalism – A Handbook With Case Studies*, The Poynter Institute for Media Studies, St. Petersburg, 1999.

3. Johan Retief: *Media Ethics – An Introduction to Responsible Journalism*, Oxford University Press, 2002.

4. Global media Monitoring Project (GMMP)

5. International Women‟s Media Foundation (IWMF)

6. African Women‟s Media Centre (AWMC)

7. Media Awareness Network

8. Prof. Lizette Rabe, Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

Etiese Kode vir *Die Burger* se Fotoredaksie

Die Burger se fotoredaksie het ewe hoë agting vir die waardes en standaarde van fotojoernalistiek as vir dié van die publiek wat daardeur gedien word, en ons fotojoernaliste verbind hulle tot hierdie etiese kode:

1. As fotojoernaliste aanvaar ons die verantwoordelikheid om die samelewing te dokumenteer en ’n visuele rekord van geskiedkundige gebeure uit te bou. Vanwëe die aard van hierdie diens aan die gemeenskap, wil ons onafhanklik bly van oormatige persoonlike oorwegings en geldsugtigheid.
2. Eerlikheid, akkuraatheid en onafhanklikheid is ons grondbeginsels. In ons fotodekking streef ons dus na ’n korrekte, eerlike en objektiewe weergawe van die situasie.

3. As joernaliste is geloofwaardigheid ons belangrikste bate. Omdat ons aanvaar dat ons integriteit aangetas word deur manipulasie, is ons gekant teen enige vorm daarvan, insluitende:
   a. digitale manipulasie in sover dit die boodskap en / of betekenis van ’n foto verander.
   b. die uitoefening van ons invloed op die natuurlike verloop van gebeure.
   c. die bevordering van stereotipes met inbegrip van ras, geslag en geloofsoortuigings.
4. Ons respekteer die universele reg op privaatheid van ’n individu, en handhaaf openbare belang as riglyn.
5. Slagoffers van trauma sal ten alle tye met sensitiwiteit en deernis benader word. Leed en lyding moet geminimaliseer word.

Saamgestel deur Johann van Tonder, Fotoredakteur : Die Burger, Augustus 2002

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum B: Semi-gestruktueerde onderhoudsvrae

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
VRAE AAN DEELNEMERS

DEELNEMER SE NAAM EN VAN:

INSTANSIE:

Vraag 1: Beskryf die rol van ’n hekwagter (fokus waar u werksaam is).

Vraag 2: Hoe lank vervul u die rol van hekwagter by u instansie?

Vraag 3: Wat is die algemene probleme wat hekwagters soos u ondervind om fopnuus te keer?

Vraag 4: Watter tipe verskillende hekwagters is by u publikasie m.a.w. wie vervul almal die funksie van hekwagters by u instansie?

Vraag 5: In u mening, watter tipe opleiding het joernaliste nodig om fopnuus te identifiseer?

Vraag 6: Wat is die invloed of moontlike bedreigings wat fopnuus vir Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* inhou?

Vraag 7: In u opinie, watter meganismes behoort in plek te wees om fopnuus te keer?

Vraag 8: Wat kan ’n hekwagter doen om nie alternatiewe stemme te smoor nie?

Vraag 9: Behoort daar wetgewing teen fopnuus ingestel te word? Verduidelik u antwoord.

Vraag 10: Wat was die vernaamste redes hoekom u as hekwagter ‘n berig/artikel moontlik afgekeur het?

Vraag 11: Hoe belangrik is dit vir u om regverdig en objektiewe inligting oor te dra wanneer u die rol van hekwagter vervul?

Vraag 12: Watter etiese kode of -raamwerk volg die media-organisasie waar jy werk?

Vraag 13: Watter etiese beginsels is vir jou die belangrikste in terme van fopnuus?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum C: Toestemming van deelnemers

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH: INWILLIGING OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

Studietitel: Die rol van hekwagters in die stryd teen fopnuus: ’n Suid-Afrikaanse gevallestudie

U word gevra om deel te neem aan ’n navorsingstudie uitgevoer te word deur Johann Maarman (Nas. Dip. Joernalistiek; B.Tech (Joernalistiek), van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch. Die resultate deel sal word van ’n MA-tesis. U is as moontlike deelnemer aan die studie gekies omdat u eerstehandse kennis het van die rol van hekwagters by Netwerk24, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*.

DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die kwalitatiewe navorsing is om vas te stel watter meganismes moet in plek wees om te verhoed dat fopnuus die joernalistiek ekologie binnedring.

PROSEDURES

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, vra ons dat u die volgende moet doen: Die ondersoeker sal ’n ligging en tyd wat by u skedule pas vir die onderhoud vasstel. Die ondersoeker sal 10 - 12 onderhoudvrae vra.

Die onderhoud sal na verwagting tussen 30-45 minute duur. Die onderhoud sal opgeneem en getranskribeer word of per e-pos aan die deelnemer gestuur word.

MOONTLIKE RISIKO’S EN ONGEMAKLIKHEID

Geen voorsienbare risiko’s, ongemaklikheid en ongerief word voorsien nie.

MOONTLIKE VOORDELE VIR PROEFPERSONE EN/OF VIR DIE SAMELEWING

Die deelnemer gaan geen direkte voordeel uit die studie kry nie. Hierdie navorsing sal egter nuwe kennis ten opsigte van fopnuus genereer. Die inligting van die studie sal vergelyk word met ander studies wat oor joernaliste se rolbelewenis as hekwagters in Suid-Afrika, maar ook wêreldwyd gedoen is. Die studie sal bepaal watter meganismes in plek in nuuslantore moet wees om fopnuus te stuit. Hoewel fopnuus nie ’n nuwe media-fenomeen is nie, is fopnuus opnuut in die kollig met vals berigte/artikels wat al hoe meer in die digitale sfeer aanwesig is.

VERGOEDING VIR DEELNAME

Die deelnemers aan hierdie studie sal geen vergoeding ontvang nie.

VERTROULIKHEID

Enige inligting wat deur middel van die navorsing verkry word en wat met u in verband gebring kan word, sal vertroulik bly en slegs met u toestemming bekend gemaak word of soos deur die wet vereis. Vertroulikheid sal gehandhaaf word deur bandndopnames op ‘n wagwoord-beheerde rekenaar te stoor wat slegs deur die ondersoeker toeganklik is. Die opnames sal slegs vir die studie gebruik word en na die studie skoongevee word.

DEELNAME EN ONTTREKKING

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

U kan self besluit of u aan die studie wil deelneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te eniger tyd u daaraan onttrek sonder enige nadelige gevolge. U kan ook weier om op bepaalde vrae te antwoord, maar steeds aan die studie deelneem. Die ondersoeker kan u aan die studie onttrek indien omstandighede dit noodsaaklik maak.

IDENTIFIKASIE VAN ONDERSOEKERS

Indien u enige vrae of besorgdheid omtrent die navorsing het, staan dit u vry om in verbinding te tree met Johann Maarman (Tel: 083 441 9073 /e-pos: jmaarman@icloud.com) en of sy studenteleier, Prof. Lizette Rabe by (021 808 2625/ e-pos: lrabe@sun.ac.za.

REGTE VAN PROEFPERSONE

U kan te eniger tyd u inwilliging terugtrek en u deelname beëindig, sonder enige nadelige gevolge vir u. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte, eise of regsmiddel nie. Indien u vrae het oor u regte as proefpersoon by navorsing, skakel met Me Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] van die Afdeling Navorsingsontwikkeling.

VERKLARING DEUR PROEFPERSOON OF SY/HAAR REGSVERTEENWOORDIGER

Die bostaande inligting is aan my gegee en verduidelik deur Johann Maarman in Afrikaans en [*ek is/die proefpersoon is*/*die deelnemer is*] dié taal magtig. Ek, (*proefpersoon*] is die geleentheid gebied om vrae te stel en my/sy/haar vrae is tot my/sy/haar bevrediging beantwoord.

Ek willig hiermee vrywillig in om deel te neem aan die studie. ‘n Afskrif van hierdie vorm is aan my gegee.

Naam van proefpersoon/deelnemer

Handtekening van proefpersoon/deelnemer of regsteenwoordiger **Datum:**

VERKLARING DEUR ONDERSOEKER | {

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument vervat verduidelik het aan [*naam van die proefpersoon/deelnemer*] en/of sy/haar regsverteenwoordiger [*naam van die regsverteenwoordiger*].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum D: Posbeskrywing van ’n redakteur

Roltitel: Redakteur (Hooftitel – Koerante)

Posgroep: Redaksioneel **Posgraad:** 6

Rapporteer aan: Uitgewer/Uitvoerende Hoof

Direkte ondergeskiktes: Streekredakteurs, Redakteurs (Spesialiste), Adjunkredakteurs, Joernaliste

Hoofdoel van die rol:

Om die redaksionele funksionering van die hele publikasie te bestuur, met toesig oor die redigering, skryf van kopie vir en ontwerp van die publikasie en sy bylaes om ’n mededingende voorsprong en kommersiële sukses te verseker.

Sleutelverantwoordelikhede:

(Die primêre take, funksies en uitsette van die rol)

- Ontwikkel ’n visie om die publikasie vorentoe te neem en implementeer ’n strategie om hierdie visie te bereik
- Ontwikkel en implementeer redaksionele beleid vir die hele publikasie
- Neem finale besluite ten opsigte van styl, inhoud en toon van publikasie in oorleg met die redaksiekommissie waar nodig
- Maak seker dat lesersteikens behaal word (ondanks eksterne markfaktore) deur alle aspekte van redaksionele beplanning te lei en te bestuur; werk saam met navorsingsafdeling om ’n dinamiese strategiese kennis van die leser en die mark te verseker
- Verstaan die leser goed deur voortdurend terugvoer en kommentaar te evalueer, terwyl tendense in wêreldwye media ook gemonitor, geëvalueer en geïmplementeer word
- Identifiseer, evalueer en redigeer nuus spesifiek vir die teikenmark/tipe publikasie; aanvaar verantwoordelikheid vir redaksionele kommentaar en inhoud van koerant
- Koördineer nuusinsameling met die hulp van die nuusredakteur op ’n daaglikse grondslag om spertye na te kom
- Identifiseer en ontwikkel nuusartikels en nuustemas
- Verseker in samewerking met die produksieredakteur dat die publikasieskedule nagekom word
- Kom alle bestaande wetgewing sowel as die Perskode van Suid-Afrika na
- Monitor, publiseer, handhaaf en dwing die etiese gedragskode af, en neem alle finale besluite oor die etiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kode en die afdwinging daarvan

- Lei,motiveer,treeasmentoropvireninspireer'nspan,en mobiliseerhullerondom die redaksionele visie
- Werk in oorleg met die uitvoerende hoof/uitgewer en besigheidspersoneel om groter omset vir die publikasie te skep
- Bestuur en beheer die redaksionele begroting en koste (in sommige gevalle sal hierdie funksie deur die besturende redakteur uitgevoer word)
- Verteenwoordig die publikasie op 'n geloofwaardige, professionele en etiese manier; hanteer deurlopende skakelveldtogte om die publikasie te bevorder

Vaardighede en vermoëns

(Die vermoëns waaroor die persoon moet beskik om hierdie rol doeltreffend te kan vervul)

- Goeie organisasievermoë
- Uitstekende kommunikasievaardighede
- Vermoë om druk te hanteer
- Sterk vermoë om verhoudings te bou
- Sakevernuf
- Leiersvaardighede
- Uitstekende joernalistieke vaardighede
- Oordeelsvermoë
- Impak en invloed

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM E: Posbeskrywing van ’n inhoudsbestuurder

Roltitel: Inhoudbestuurder

Posgroep: Redaksioneel **Posgraad:** 4

Rapporteer aan: Redakteur (Aanlyn)

Direkte ondergeskiktes: Geen

Hoofdoel van die rol:

Om toesig te hou oor die inhoud van ’n bepaalde afdeling van die webwerf, en toe te sien dat dit aan die teikengehoorsebehoeftesbeantwoordenaankwaliteit-enstylriglyne voldoen.

Sleutelverantwoordelikhede:
(Die primêre take, funksies en uitsette van die rol)
Bestuur die inhoud vir die webwerf of ’n afdeling van ’n webwerf deur kopie te skryf, by die doel aan te pas, na te vors en te redigeer;
Genereer en implementeer idees vir aanlyn-artikels en dra by tot die strategiese rigtinggewing van die betrokke aanlyn-handelsmerk;
Hou saam met die redakteur toesig oor inhoud-aanbod van toegewese afdeling(s);
Doen daaglikse instandhouding en bywerking van die webwerf om die betrokke aanlyngemeenskap uit te brei deur verkeer na die werf te verhoog;
Sien toe dat kopie aan stylriglyne voldoen;
Redigeer kopie vir lengte, konteks, styl en struktuur;
Korrigeer spelling en grammatika en maak seker dat alle feite korrek is;
Doen navorsing, skryf en lewer weeklikse/maandelikse nuusbriewe;
Verteenwoordig die handelsmerk by verskillende geleenthede en funksies; en
Hou sosiale netwerke in stand en skep daadwerklik ’n gemeenskap binne die betrokke handelsmerk (forums, blogs,ens.).
Wanneer die webwerf ’n geassosieerde tydskrif het:
Benut die webwerf en aanlyn-omgewing om inhoud vir die tydskrif te skep en doen marknavorsing wat die handelsmerk sal baat;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Integreer die webwerf suksesvol met die tydskrif deur dit bruikbaar te maak vir die redaksionele span en vir lesers;
Ontwikkel deurentyd die webwerf en nuwe mediaplatforms deur ’n aanlyn-argief van die beste artikels uit die tydskrif saam te stel en dit in boeiende webmateriaal te omskep

ADDENDUM F: Posbeskrywing van ’n herskrywer

Roltitel: Herskrywer

Posgroep: Redaksioneel **Posgraad:** 4

Rapporteeraan: Redakteur/Adjunkredakteur

Direkte ondergeskiktes: Kan joernaliste hê wat rapporteer

Hoofdoel van die rol:
Om tydskrifartikels na te gaan; taalfoute, spelling, gebruik, styl en feite reg te stel; en die artikel te herskryf om akkurate en foutvrye inhoud te verseker wat met die publikasie se besondere styl en gehalteriglyne ooreenstem.

Sleutelverantwoordelikhede:
(Die primêre take, funksies en uitsette van die rol)

Gaan artikels na vir verkeerde spelling, punktuasie en taalgebruik en stel reg
Maak seker dat formaat, spelling en taalgebruik in artikels, byskrifte en opskrifte regdeur die publikasie konsekwent is
Stel foute in gebruik en styl reg en maak seker dat inhoud aan die publikasie se reëls en skryfstandaarde en riglyne vir konsekwentheid voldoen – bv. konsekwente gebruik van woorde, frases, tipografiese elemente, ens.
Gaan die bronne na vir alle statistieke, datums, eksterne data en ander feite wat in die artikel aangehaal word, kontroleer verdagte feite en ander inligting wat nie geloofwaardig is nie; identifiseer moontlike lasterlike elemente
Maak seker dat inhoud wat vir publikasie voorgelê word, aan die lengte- en formaatvereistes vir elke afdeling van die tydskrif voldoen; identifiseer areas waar inhoud verwyder of aangepas kan word om duidelikheid, konsekwentheid en akkuraatheid te verbeter
Herskryf toepaslike afdelings van die publikasie wat nie aan stylriglyne voldoen nie, of waar leesbaarheid, vloei of teks, ens. verbeter kan word
Skryf opskrifte en byskrifte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vaardighede en vermoëns:
(Die vermoëns waaroor die persoon moet beskik om hierdie rol doeltreffend te kan vervul)
Vlotheid in die tale van die publikasie

ADDENDUM G: Posbeskrywing van ’n joernalis

Roltitel: Joernalis

Posgroep: Uitgewery Posgraad: 4

Rapporteeraan: Redakteur

Direkte ondergeskiktes: Geen

Hoofdoel van die rol:

Om daagliks, weekliks of maandeliks binne die spertyd tersaaklike, boeiende en feitelik korrekte nuus- en artikelinhoud vir ’n bepaalde publikasie te lewer. Kan vir ’n bepaalde afdeling van ’n tydskrif/koerant verantwoordelik wees en dus oor ’n spesifieke onderwerp skryf. Of so nie, oor ’n wye reeks onderwerpe.

Sleutelverantwoordelikhede:
(Die primêre take, funksies en uitsette van die rol)

Ondersoek en doen navorsing oor artikelinhoud vir nuus en/of spesiale stories
Skryf gehaltekopie vir nuus en spesiale artikels, binne streng spertye
Skep teikenmarkspesifieke artikels
Genereerideesvirspesialeartikels
Voldoen aan die gehalte-, styl- en inhoudstandaarde soos uiteengesit en deur die betrokke publikasie vereis word
Voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Perskode
Kan gevra word om vryskutpersoneel en junior permanente personeellede by te staan en hulle te ondersteun
Proeflees artikels
Skep en skakel met netwerk van kontakte om met navorsing of voltooiing van artikels/spesiale artikels tehelp

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM H: Etiese klaring

Protocol approval date (Humanities)	Protocol expiration date (Humanities)
16 October 2018	15 October 2021

Project Title: Die rol van hekwagters in die stryd teen fopnuus: ’n Suid-Afrikaanse gevallestudie

Dear Mr Johann MAARMAN

Your REC Humanities New Application Form submitted on 8 October 2018 was reviewed and approved by the REC: Humanities. Please note the following for your approved submission:

Ethics approval period:

GENERAL COMMENTS:

Please take note of the General Investigator Responsibilities attached to this letter. You may commence with your research after complying fully with these guidelines.

If the researcher deviates in any way from the proposal approved by the REC: Humanities, the researcher must notify the REC of these changes.

Please use your SU project number (6962) on any documents or correspondence with the REC concerning your project.

Please note that the REC has the prerogative and authority to ask further questions, seek additional information, require further modifications, or monitor the conduct of your research and the consent process.

FOR CONTINUATION OF PROJECTS AFTER REC APPROVAL PERIOD

Please note that a progress report should be submitted to the Research Ethics Committee: Humanities before the approval period has expired if a continuation of ethics approval is required. The Committee will then consider the continuation of the project for a further year (if necessary)

Included Documents:

Document Type	File Name	Date	Version
Research Protocol/Proposal	fopnuusvoorstel	11/04/2018	1
Data collection tool	ADDENDUM B	10/05/2018	1

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Informed Consent Form	jmtoestemming	04/10/2018
Informed Consent Form	jmtoestemming	04/10/2018

If you have any questions or need further help, please contact the

REC office at cgraham@sun.ac.za. Sincerely,

Clarissa Graham

REC Coordinator: Research Ethics Committee: Human Research (Humanities)

Investigator Responsibilities

Protection of Human Research Participants

Some of the general responsibilities investigators have when conducting research involving human participants are listed below:

1. **Conducting the Research**. You are responsible for making sure that the research is conducted according to the REC approved research protocol. You are also responsible for the actions of all your co-investigators and research staff involved with this research. You must also ensure that the research is conducted within the standards of your field of research.

2. **Participant Enrollment.** You may not recruit or enroll participants prior to the REC approval date or after the expiration date of REC approval. All recruitment materials for any form of media must be approved by the REC prior to their use.

3. **Informed Consent.** You are responsible for obtaining and documenting effective informed consent using **only** the REC-approved consent documents/process, and for ensuring that no human participants are involved in research prior to obtaining their informed consent. Please give all participants copies of the signed informed consent documents. Keep the originals in your secured research files for at least five (5) years.

4. **Continuing Review.** The REC must review and approve all REC-approved research proposals at intervals appropriate to the degree of risk but not less than once per year. There is **no grace period.** Prior to the date on which the REC approval of the research expires, **it is your responsibility to submit the progress report in a timely fashion to ensure a lapse in REC approval does not occur.** If REC approval of your research lapses, you must stop new participant enrollment, and contact the REC office immediately.

5. **Amendments and Changes.** If you wish to amend or change any aspect of your research (such as research design, interventions or procedures, participant population, informed consent document, instruments, surveys or recruiting material), you must submit the amendment to the REC for review using the current Amendment Form. You **may not initiate** any amendments or changes to your research without first obtaining written REC review and approval. The **only exception** is when it is necessary to eliminate apparent immediate hazards to participants and the REC should be immediately informed of this necessity.

6. **Adverse or Unanticipated Events.** Any serious adverse events, participant complaints, and all unanticipated problems that involve risks to participants or others, as well as any research related injuries, occurring at this institution or at other performance sites must be reported to Malene Fouche within **five (5) days** of discovery of the incident. You must also report any instances of serious or continuing problems, or non-compliance with the RECs requirements for protecting human research participants. The only exception to this policy is that the death of a research participant must be reported in accordance with the Stellenbosch University Research Ethics Committee Standard Operating Procedures. All reportable events should be submitted to the REC using the Serious Adverse Event Report Form.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7. **Research Record Keeping.** You must keep the following research related records, at a minimum, in a secure location for a minimum of five years: the REC approved research proposal and all amendments; all informed consent documents; recruiting materials; continuing review reports; adverse or unanticipated events; and all correspondence from the REC

8. **Provision of Counselling or emergency support.** When a dedicated counsellor or psychologist provides support to a participant without prior REC review and approval, to the extent permitted by law, such activities will not be recognised as research nor the data used in support of research. Such cases should be indicated in the progress report or final report.

9. **Final reports.** When you have completed (no further participant enrollment, interactions or interventions) or stopped work on your research, you must submit a Final Report to the REC

10. **On-Site Evaluations, Inspections, or Audits.** If you are notified that your research will be reviewed or audited by the sponsor or any other external agency or any internal group, you must inform the REC immediately of the impending audit/evaluation.